

"IN MY JARE AS MEDIESE PRAKTISYN, HET EK NOG NOOIT 'N BOEK GELEES WAT DIE VEELVULDIGE DIMENSIES VAN DIE VERSTAND SO EFFEKTIEF AANSPEEK NIE SOOS IN HIERDIE BOEK, KAN DIT REGTIG SO EENVOUDIG WEES? DR JENNINGS OPENBAAR DIE OORSAAK VAN GEESTESONGESTELDHEID OP 'N BEDREWE MANIER TERWYL HY OOK PRAKTIESE OPLOSSINGS VOORSIEN. HIERDIE BOEK HET MY BENADERING TOT GENESING DRAMATIES VERANDER. HIERDIE BOEK SAL JOU LEWE VERANDER."

– James L. Marcum, M.D., F.A.C.C., Chattanooga Hartinstituut
Spreker/Direkteur, Hartgesondheid Bediening/Heartwise Ministries

"DIE EVANGELIE IS NIE NET REDDING VAN SONDE NIE, MAAR OOK 'N PROSES VAN HERSTEL. DIT IS HIERDIE PROSES WAT TIM JENNINGS SO EFFEKTIEF IN SY BOEK AANSPEEK. ELKEEN WAT HUL HART AAN JESUS CHRISTUS GEGEE HET EN IN GOD SE LIEFDE WIL RUS, MOET HIERDIE BOEK LEES."

– Dr. Jack J. Blanco, Outeur van 'The Clear Word'

"DR. JENNINGS SKRYF MET DIE VERTROUOLIKHEID VAN 'N TEOLOOG, DIE DIAGNOSTIESE VAARDIGHEID VAN 'N DOKTER, DIE VERWOORDING VAN 'N PROFESSOR, DIE BESORGDHEID VAN 'N PREDIKANT EN DIE PASSIE VAN 'N EVANGELIS."

– Dewey Fleming, Senior Pastoor, Evangelical Methodist Church, Dalton Georgia

Gevoelens van waardeloosheid. Lae selfbeeld. Onvanpaste skuldgevoelens. Die onvermoë om te kan vergewe. Bitterheid en wrewel. Afhanklikheid. Ongesonde verhoudingspatrone. Hierdie gevegte woed in the gedagtes van miljoene mense, insluitende Christene. Alhoewel dit verkeerdelik as privaatgevegte beskou kan word, is dit deel van 'n baie groter stryd – die stryd tussen Christus en Satan, die stryd vir ons harte en verstande.

Geluk is hierdie stryd nie verlore nie. In *Kan Dit Regtig So Eenvoudig Wees? 'n Bybelse Model vir die Genesing van die Verstand*, sal u leer oor God se oorspronklike ideaal vir die verstand en sy wonderlike plan om sy kinders terug in sy beeld te herstel. Psigiater Timothy R. Jennings ontbloot ook vele van Satan se subtiele taktieke wat God se plan om die verstand te herstel, verhinder. Gewapen met die gereedskap wat in hierdie boek voorsien word, sal u beter met God kan saamwerk om emosionele en geestelike welsyn te verkry, en ware geestelike oorwinning te behaal.



TIMOTHY R. JENNINGS, M.D. is 'n internasionale spreker en psigiater in privaat praktyk in Tennessee. Hy is 'n genoot van die APA, aangewese President van die Tennessee Psigiatrisie Vereniging, en het 'n Magistersgraad in Psigofarmakologie. Hy het duisende pasiënte behandel, en het ekstensiewe navorsing gedoen oor die verhouding tussen Christendom en psigiatrie. Gedurende sy inwoonkursus, het hy vir elke uur wat hy aan die tradisionele teorieë oor psigiatrie bestudeer het, ook twee ure lank in God se Woord gesoek vir Bybelse insigte in geestesgesondheid.

Good News
PUBLISHING

© 2021 Good News Publishing, all rights reserved.
cover: Ian Kitneyl Kingdomstudios
www.kingdomstudios.co.za




Kan dit regtig so EENVOUDIG wees?

TIMOTHY R. JENNINGS, M.D.

Good News
PUBLISHING

TIMOTHY R. JENNINGS, M.D.

Kan dit regtig so EENVOUDIG wees?



'N BYBELSE MODEL VIR DIE GENESING VAN DIE VERSTAND

"HIERDIE BOEK LEWER SULKE DUIDELIKE EN AANGRYPENDE BEWYSE VAN DIE GROOT GENESINGS - EN HERSTELPROSES WAT GOD IN ELKEEN VAN ONS PROBEER BEWERKSTELLIG ... AAN DIE EINDE VAN DIE BOEK KAN DIE LESER NIE HELP OM NADER AAN DIE HART VAN GOD GETREK TE WORD NIE."

– Brad Cole, M.D., Assistent-Professor in Neurologie

Direkteur van Neurowetenskap vir Mediese Studente, Loma Linda Universiteit

Kan dit Regtig So Eenvoudig Wees?
'n Bybelse Model vir die Genesing van die Verstand

Timothy R. Jennings, M.D.

Timothy R. Jennings, M.D.
www.comeandreason.com

Good News Publishing

Kopiereg © 2021 deur Good News Publishing

Uitgewer Good News Publishing, Somerset Wes, Suid Afrika 7130

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word nie, gestoor word in 'n herwinningstelsel of in enige vorm of op enige vorm - elektronies, meganies, fotokopie, opname, skandering of ander - behalwe vir kort aanhalings in kritiese resensies of artikels, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer.

Hierdie titel kan in grootmaat vir opvoedkundige, besigheids-, fondsinsamelings- of verkoopspromosie gekoop word. Vir inligting, e-pos asseblief comeandreason.sa@gmail.com.

Die skrywer aanvaar volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van alle feite en kwotasies soos aangehaal in hierdie boek.

Tensy anders vermeld, is tekste uit die Heilige Bybel, Ou Afrikaanse Vertaling.
Bybeltekste wat as DV gekrediteer word, is uit die Direkte Vertaling van die Bybel.
Bybeltekste wat as NAV gekrediteer word, is uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel.
Bybeltekste wat as NLV gekrediteer word, is uit die Nuwe Lewende Vertaling van die Bybel.
Bybeltekste wat as NIV gekrediteer word, is uit die *Holy Bible, New International Version*. Copyright © 1973, 1978, 1984, International Bible Society. Gebruik deur toestemming van Zondervan Bible Publishers.
Bybeltekste wat as NRSV gekrediteer word, is uit die New Revised Standard Version of the Bible, copyright© 1989 deur die Division of Christian Education of the National Council of the Churches of Christ in the U.S.A. Gebruik deur toestemming.

Hierdie boek was

Geskryf deur Timothy R. Jennings, M.D.

Vertaal deur Lettie Steyn

Proeflees deur Jacques van den Heever

GEDRUK IN SUID AFRIKA

ISBN: 978-1-7342193-0-2

Toewyding

Vir Haar

Erkennings

Dit sou nie moontlik gewees het om hierdie boek aan jou te bring sonder my vrou, Christie, se geduld, begrip en liefdevolle ondersteuning nie. Christie, jy het net weer en weer aan my God se genade, goedheid en liefde gedemonstreer. Hy het my wese, deur jou, aangeraak. Baie dankie! Ek is lief vir jou!

Ek wil ook my moeder en die vele vriende erken, wat my aangepor, aangemoedig en ondersteun het, deur die skryf van hierdie boek.

Belangrikste, wil ek God bedank, wat my so “genadiglik” die geleentheid gegee het om hierdie boek voor te berei.

* * * * *

Al die pasiëntverslae in hierdie boek is van egte gevalle. Ek het hul name en inligting wat hul kon identifiseer verander om vertroulikheid te beskerm. Die inligting van sommige van die gevalle is bymekaargesit om vertroulikheid verder te beskerm.

Inhoud

Inleiding

1. Die Krag van Geloof
2. Die Hiërargie van die Gees
3. Die Innerlike Vernieler
4. Die Balans Versteur
5. Die Wet van Vryheid
6. Skaduwee Mense
7. Die Wet van Liefde
8. Namaaksels van Liefde
9. Geloof – Feit of Fiksie?
10. Orde Herstel
11. Geestelike Stryd
12. Vergifnis
13. Die Ongevalle van die Oorlog
14. Die Pad van die Dood
15. Om uit die Skaduwees te Kom
16. Die Verstand Herstel

Inleiding

Syⁱ het gedink dat haar lewe waardeloos was – dat sy niks vir enigiets of enigiemand beteken het nie. Min het sy geweet hoe haar lewe myne sou raak. My pasiënt het nie ‘n idee gehad dat sy op die punt was om my op ‘n reis te stuur wat 13 jaar sou duur nie en wat tot die skryf van hierdie boek sou lei.

Ek was in my tweede jaar van my psigiatrie-kursus toe ek haar ontmoet het. Dit was ‘n koue dag. Die lug was grys met ‘n fyn reëntjie, en ek het gehoop dat my dag-op-roep stil sou wees. Daar was seker nie iets daarmee verkeerd om te hoop nie? Ek het net klaar ‘n avokadopasta gemaak en het na ‘n middag van voetbalkyk en skyfies-kou uitgesien, toe my “pager” my herinner dat ek ‘n student was en dat die voetbal sou moes wag. Ek het die TV aangelos met die skyfies op die tafel en het my na die *Eisenhower Army Medical Center* (EAMC), in Fort Gordon in Augusta, Georgia, gehaas vir my heel eerste “psigiatrie noodoproep”.

Met die eerste aanblik, het sy heeltemal normaal voorgekom. Hoe kon ek ooit weet hoe haar verhaal my so sou affekteer? Sy het treurig, alleen en jammerlik gelyk, en dit het voorgekom asof sy baie sorge verduur het. Alhoewel sy maar net 47 was, was haar vel leeragtig, gekreukel en verouder. Die kleur van haar hare was ‘n abnormale oranje. In plaas van poeier was daar merke van trane op haar wange. Sy het die tradisionele blou uniform van die psigiatrie-hospitaal aangehad. Daar was ‘n uitdrukking van treurigheid, hopeloosheid en wanhoop op haar gesig.

ⁱ Ek het voornaamwoorde as hoofletter gebruik as ek deur die hele boek na hierdie pasiënt verwys as 'n manier om haar impak op my lewe en loopbaan aan te dui.

‘n Psigiatrie-assistent moes ook vir 24 uur waghou in die kamer om enige verdere selfmoordpogings te voorkom. Alhoewel haar oë op niks besonders gefokus het nie, het ek aangevoel dat iets binne haar uitgeskree het vir hulp. Omdat haar mees onlangse selfmoordpoging nie suksesvol was nie, het sy blykbaar alle hoop opgegee en het sy geswig voor apatie en ontmoediging. Dit was duidelik dat my vroulike pasiënt depressief en seer was – fisies en geestelik. En nou was sy my verantwoordelikheid.

Soos ek haar beter leer ken het, het ‘n treurige en pynlike geskiedenis na vore gekom – die gevolge wat sy nog steeds sukkel om te verwerk. Sy het my vertel dat sy in Skotland in ‘n konserwatiewe Christelike huis grootgeword het. Haar ouers het haar geleer om haar plaaslike leraar as God se verteenwoordiger hier op aarde te respekteer. Maar, het sy verduidelik, die man het haar vanaf ouderdom ses tot tien seksueel gemolesteer. Hy het haar agterna vertel hoe sondig sy was en van haar behoefte aan berou, sodat sy nie in die hel verbrand nie.

Sy het voortgegaan om haar lewe te beskryf as onstuimig, met een na die ander mislukte verhouding. Sy het chroniese gemoedskontrole probleme ondervind, was deur nagmerries gery van versteurende herinneringe aan mishandeling, en het gely aan angs en woede – veral as sy gevra word om iemand te vertrou.

Nog meer kommerwekkend was dat sy met ‘n chroniese vrees vir God gesukkel het, geteister deur vrae soos, “Het God dit aan my gedoen? Was dit sy wil dat ek so mishandel moes word? Haat Hy my? As God liefde is, hoekom sal Hy toelaat dat sy kinders mishandel word? Of, bestaan Hy selfs?” Tot nou in haar lewe kon sy nog geen antwoorde vind om die storm in haar siel stil te maak nie. Sy het vertel hoe sy verskeie onsuksesvolle pogings aangewend het om van die hartseer te ontsnap. Dwelms, alkohol en seksuele verhoudings het haar leeg gelaat. Toe die pyn onuithoudbaar word, het sy selfmoord probeer.

Omdat ek nog ‘n student was, het die reëls voorgeskryf dat ek al my pasiënte voorlê aan ‘n personeel-psigiater vir weeklikse toesig. Toe haar geval voorkom, het my fakulteit gevoel dat haar kwessies buite die gebied van psigiatrie lê en dat sy na ‘n kapelaan verwys word om dit aan te spreek. Nadat ek die moontlikheid met haar bespreek het, het sy ingestem om met ‘n kapelaan te ontmoet, maar net nie met een van die geloof van haar kinderdae nie.

Na verskeie onderhoude met die EAMC se hoofkapelaan, het ek haar gevra hoe dit gaan. “Baie eienaardig,” het sy gesê. “Hy het aan my gesê om nie my Bybel te lees of te bid nie. In

plaas daarvan moes ek 'n lys uitskryf van elke slegte en pynlike ding wat ooit met my gebeur het. Die volgende was dat ek my moes verbeel dat 'n ligstraal deur die venster inkom en die lys verbrand. Dan moes ek die papier opskeur, en my probleme sou verby wees.” Natuurlik het daardie oefening nie haar probleme verwyder nie, en was sy ook nie enigsins nader om die storm in haar siel te kalmeer, of om haar antwoorde oor God en sy rol in haar lewe te vind nie.

Terwyl ek daar sit en luister, het ek so magteloos gevoel. Ek wou haar help om haar vrae te beantwoord en haar pyn te verlig, maar het nie die antwoorde gehad nie. Al wat ek kon doen, was om te luister, met niks konstruktiefs wat kon help nie – en dit het my kwaad gemaak. Toe, op daardie oomblik, het ek besluit om antwoorde te vind – die regte antwoorde wat ware genesing bring sodat ek iets kon aanbied om die pyn te verlig. Hierdie boek is die resultaat van daardie navorsing.

My pasiënt het gedink dat haar lewe nutteloos was. Sy het tot die gevolgtrekking gekom dat sy nie saak maak nie. Ek was bevoorreg om haar te kon leer ken. En miskien, dalk net miskien, kan andere wat hierdie boek lees, op haar lewe terugkyk, nadink, en ook sien hoe betekenisvol haar lewe regtig was.

Die Krag van Geloof

Ek kan jou verveel met bladsye wat die gewoel en gesukkel beskryf om betekenisvolle antwoorde uit die vele psigiatrie-toetse te vind. Ek kan die teorieë beskryf van Freud (die “vader van psigiatrie”) of Jung, Sullivan, Adler, Kernberg, Kohut, Beck, en soveel meer wat na hulle gekom het. Maar met die lees van hulle teorieë, het ek gevoel dat iets ontbreek; iets het nie sin gemaak nie. Soos ek dit alles probeer verstaan het, het die besef tot my gekom dat elkeen van hierdie teoretici ‘n stuk van die groter legkaart beskryf, ‘n fragment van ‘n groter geheel. Maar selfs as ‘n mens alles wat hulle sê in ag neem, dit steeds nie alles bymekaar pas nie.

Dit het enige moontlike groot meesterontwerp verberg omdat so baie van die teorieë met mekaar gebots het, en was dit dus moeilik om 'n samehangende begrip van die gees te vind. 'n Verenigende model van die gees was nodig - een wat gewone mense kon verstaan. Ek het besef dat as ek iemand soos die pasiënt in die inleiding sou kon help, die antwoorde reguit, verstandig en duidelik moes wees. Daarom het ek met basiese beginsels begin en van daar af begin bou.

Sagteware En Hardeware

Die verstand is 'n ingewikkelde komplekse bio-elektriese superrekenaar. En net soos die rekenaars wat ons in winkels koop, het die brein hardeware sowel as sagteware. Die term *hardeware* verwys na die werklike fisiese komponente waaruit 'n rekenaar gebou is (d.w.s. die hardeskyf, die videokaart, die netwerkkaart, ens.). Die hardeware wat ons ‘hoofrekenaar’ vorm, is die breinweefsel self met al sy biljoene neurone (senuweeselle).

Maar hardeware is nie genoeg vir 'n rekenaar om te funksioneer nie. Dit moet ook sagteware of programmering hê. 'n Rekenaar moet 'n 'bedryfstelsel' hê - 'n raamwerk van reëls vir die werking daarvan. Microsoft Windows is 'n voorbeeld van so 'n bedryfstelsel. Die brein het hardeware of 'n vaste bedrading wat dit geneties programmeer met sekere funksies wat dit gereed maak om 'n bedryfstelsel te ontvang.

Die bedryfstelsel word gedurende die kinderjare geïnstalleer of ingeprent en deur die loop van die lewe verander dit voortdurend. Die taal wat ons praat, die God wat ons aanbid, ons

oortuigings, waardes, sedes, hoe ons met ander speel en met mekaar omgaan - is alles deel van hierdie komplekse bedryfstelsel.

Maar hardeware en sagteware is nog steeds nie genoeg vir 'n rekenaar om te werk nie. Dit moet ook 'n energiebron hê. As die energiebron foutief is, kan foute en kortsluitings in die werking van die rekenaar voorkom. Die energiebron vir ons brein is die bloed wat voedingstowwe saambring en afval wegneem. As iets met die betroubare en konstante bloedvloeiing inmeng, of as die bloed self ongesond is, dan ly die funksie van die brein. As ons hierdie beginsel begryp, kan ons die voordele van 'n gesonde leefstyl erken.

Ons weet almal dat rekenaars wat in 'n winkel gekoop word, probleme met hardeware, sagteware, of albei kan hê. Die vraag wat ernstig in die psigiatrie gedebatteer word, is of geestesongesteldhede voortspruit uit hardewareprobleme (genetiese of strukturele breinprobleme) of sagtewareprobleme (probleme in die bedryfstelsel, d.w.s. in wat of hoe ons dink) of albei.

Om hierdie onsekerheid verder te bemoeilik, is daar die hele veld van godsdiens en spiritualiteit. Watter rol speel geestelike oortuigings in die werking van die verstand? Tradisioneel beskou psigiaters godsdienstige oortuigings as, ten beste, verouderde hanteringstrategieë en, in die ergste geval, 'n massa-misleiding.

Hierdie devaluasie van godsdiens was persoonlik uiters frustrerend omdat baie van my professore my godsdienstige oortuigings aanhoudend en subtiel aangeval het. Hulle het voorgestel dat 'n verligte individu nie aan godsdienstige bygeloof hoef vas te hou nie. As goeie wetenskaplike sou ek egter nie toelaat dat ander se kritiek my gedagtes (verstand) sluit vir potensiële inligting sonder om eers die bewyse te ondersoek en my eie gevolgtrekking te maak nie. Daarom het my studentejare nie net 'n tyd geword om psigiatrie te bestudeer nie; maar ook 'n tyd vir diep introspeksie en ondersoek van my lewenslange geloofsoortuigings.

Ek is baie dankbaar teenoor my professore dat hulle my nie toegelaat het om bloot posisies as waar te verklaar sonder om dit te ondersteun met bewyse en 'n deurdagte rasionaal nie. So 'n benadering was die sleutel om die vele teenstrydighede in psigiatrie te verenig - die sleutel tot die verstaan van die verstand. Hoe verder ek psigiatrie bestudeer het en terselfdertyd die geestelike aard van mense ondersoek het, hoe duideliker kon ek 'n pragtige en harmonieuse ontwerp sien.

Maar ten spyte van die feit dat ek antwoorde gevind het waar tradisionele psigiatrie bevrees was om in te kyk, het die meeste van my professors en vele professionele mense in geestesgesondheid die posisie bly behou dat godsdienstige geloof nie in die wettige praktyk van psigiatrie hoort nie - dat wetenskaplike begrip die behoefte aan God uitgeskakel het.

Baie hou vas aan die posisie van Sigmund Freud wat geloof in God as 'n “sosiale neurose” beskryf het, en vir intellektuele begrip gevra het om die behoefte aan so 'n geloof te verwyder. ⁱAnder weer, wat hulself as “neuro-psigiaters” identifiseer, beskou geestesongesteldhede as 'n chemiese wanbalans in die brein, en beweer dat toepaslike behandeling bloot die regte kombinasie van medisyne vereis om normale breinchemie te herstel. Met ander woorde, sommige gesondheidsorgverskaffers fokus uitsluitlik op die “hardeware” terwyl hulle die “sagteware” ignoreer.

Is Ons Oortuigings Belangrik?

Met die oog op bogenoemde oorwegings, het ek besef dat die volgende logiese stap in my reis was om die antwoorde op verskillende basiese vrae te soek: Maak ons oortuigings saak? Kan hulle ons regtig beïnvloed? Maak ons “sagteware” 'n verskil? Of is ons almal net geneties geprogrammeer (bedraad) om te wees soos ons is? Kan ons ons liggaamlike en geestelike gesondheid beïnvloed deur te verander wat ons dink of die manier waarop ons dink? Ek het dus bewyse begin soek om hierdie ingewikkelde vrae te beantwoord.

Alhoewel slegs enkele psigiaters die integrasie van spiritualiteit met psigiatrie begin volg het, het algemene geneeskunde 'n groter openheid vir die fokus op geestelike kwessies ontwikkel. As deel van hierdie tendens het dr Herbert Benson en kollegas van die Universiteit van Harvard onlangs 'n seminar aangebied om meer aandag te gee aan die belangrikheid van spiritualiteit in die geneeskunde. Die seminarleiers het die posisie promoveer dat 'n bepaalde vorm van meditasie algehele fisieke voordeel tot gevolg het. Die belangrikste egter, is dat hulle beklemtoon dat sekere vorms van spiritualiteit die fisiese gesondheid in werklikheid verbeter.

Cobra Gif Vir Borspyn?

In sy boek *Timeless Healing, The Power and Biology of Belief*, dokumenteer dr Benson die wetenskaplike gegewens in groot besonderhede wat aantoon dat wat ons glo ons liggaamlike gesondheid wesenlik kan beïnvloed. Benson beskryf hoe hy en sy kollega, dr David P. McCallie, jr., 'n uitgebreide lys van verskillende behandelings gedokumenteer het om angina pectoris te verlig; die borspyn wat verband hou met 'n verminderde bloedvloei na die hart.

Hulle het ontdek dat dokters in die onlangse verlede angina pectoris op onkonvensionele metodes (soos die inspuiting van kobragif) en met onnodige chirurgie behandel het (soos die verwydering van die tiroïed of dele van die pankreas).

Alhoewel die mediese gemeenskap nie sulke metodes beskou om in werklikheid enige fisiologiese voordele te bied nie, het drs Benson en McCallie 'n paar uiters interessante resultate geïdentifiseer: Sulke metodes was effektief vir 70-90 persent van die pasiënte wat glo dat die intervensie sou werk. Toe die wetenskap uiteindelik hierdie behandelings as vals bewys, het die resultate met 30-40 persent¹ gedaal.

Kan Ons Oortuigings Naarheid, Swelling, Uitslag Of 'n Asma-Aanval Voorkom?

In sy boek behandel dr Benson die effek van geloof op fisieke gesondheid verder deur te verwys na die ondersoek van dr Stewart Wolf op ondraaglike naarheid tydens swangerskap. Wolf het maagkontraksies gemonitor deur 'n gloeilamp in die maag van elke verwagte moeder te plaas. Die vroue kry toe 'n medikasie wat geïdentifiseer was as genesing vir hul naarheid, terwyl hulle in werklikheid stroop met *ippecac* ontvang het - 'n stof wat braking *veroorsoek*. Opmerklik is dat al die vroue volle remissie van hul naarheid en braking ondervind het en hul maagkontraksies na normaal (soos gemeet aan die gloeilamp²) teruggekeer het.

Dr Benson noem 'n ander studie wat die swelling ondersoek wat plaasvind in die nasleep van die ekstraksie van verstandtande. In twee willekeurig-geselekteerde groepe pasiënte, het een groep geen behandeling ontvang nie, terwyl die tweede groep 'n namaaksel ontvang het wat geïdentifiseer is om die swelling te verminder. Die namaaksel-groep het 35 persent minder swelling ervaar as die ander groep wat geen behandeling³ ontvang het nie.

Verrassende resultate verskyn in nog 'n studie, waarby Japanese seuns betrokke was wat erge allergiese reaksies op die lakboom gekry het - 'n plant soortgelyk aan 'poison ivy'. Nadat die navorsers elke seun geblinddoek het, het hulle die een arm met 'n tak van die lakboom gesmeer, en die ander met 'n kastaiingbruin tak. Die navorsers het die seuns doelbewus ingelig dat die lakvertakking eintlik die kastaiingbruinertakking is, en dat die kastaiingbruinertak die lakvertakking was.

Binne 'n paar minute verskyn rooi bultjies, gepaard met jeuk en brand, op die arm wat elke seuntjie gedink het dat hy met die lakboomtak aangeraak is, maar hy is eintlik met die kastaiingboom gestreel. Die ander arm het geen reaksie gehad nie. Die wetenskaplikes het vasgestel dat die reaksie afhang van genetiese kwesbaarheid vir die gifstof, die hoeveelheid gifstof teenwoordig, en die effek van suggestie. Die belangrikste is dat die navorsers tot die gevolgtrekking gekom het dat in 51 persent van die gevalle die effek van suggestie kragtiger was as die ander faktore.⁴

In 'n studie van die Universiteit van Londen deur drs Butler en Steptoe, het hulle asmalyers laat inasem wat die navorsers 'n broncho-saamtrekker noem, wat tot verswakte asemhaling in 100 persent van die pasiënte gelei het. Maar dit het geen invloed gehad op diegene wat vir die eerste keer behandel is met, wat aan hulle gesê is, 'n kragtige bronchodilator was nie. In al die gevalle het die pasiënte eintlik net steriele water⁵ ontvang.

Hierdie en baie soortgelyke eksperimente demonstreer dat die verstand 'n oorweldigende mag oor die liggaam uitoefen, en dat wat ons glo, tot fisiese kwale of genesing kan lei. Die "sagteware" beïnvloed wel die "hardeware". Wat ons dink, het eintlik 'n sterk invloed op ons fisiese liggaam.

Dr Benson se navorsing het gefokus op hoe 'n pasiënt se geloof die liggaam fisies beïnvloed. Maar sy navorsing het nie die gevolge wat ons geloofsoortuigings op die verstand het, ondersoek nie. As gevolg hiervan ontstaan 'n paar onvermydelike vrae: Beïnvloed ons geloofsoortuigings ons geestesgesondheid? Belangriker nog, verander spirituele geloof geestesgesondheid?

Geestelike Kwessies Is Belangrik!

Talle ervarings het my oortuig van die belangrike rol wat geestelike oortuigings in ons algemene geestesgesondheid speel. Een van die lewendigste en aangrypendste het plaasgevind tydens my diens as Afdeling-Psigiater vir die Derde Infanterie-afdeling (Gemeganiseerd), gestasioneer in Fort Stewart, Georgia.

In die herfs van 1990 het die Verenigde State en verskeie van sy bondgenote magte in die Midde-Ooste versamel om voor te berei vir 'n onvermydelike reaksie op die inval in Koeweit deur Saddam Hussein se Irakese magte. Teen Februarie 1991 het die verwagte aanval op Irakese magte in Koeweit dreigend gelyk.

Omdat militêre kundiges oortuig was dat Irak die arsenaal van chemiese en biologiese wapens sou gebruik, het hulle tydens die veldtog tot 80,000 Amerikaanse ongevallige voorspel. President George Bush het 'n sperdatum uitgereik vir Irak om uit Koeweit te onttrek, en namate die ure vir die inval nader kom, het die spanning toegeneem.

As bevelvoerder van 'n *M-1 A-1 Abrams*-gevegstenk het sersant Jones een van die kragtigste militêre voertuie ter wêreld bestuur, en is hy aangewys na een van die gepantserde afdelings wat voorberei het om Irak aan te val. Terwyl sy militêre vaardighede hom 'n groot mate van respek verdien het onder sy kollegas, het sy sterk Christelike geloof hom ook in sy hele bataljon 'n reputasie as 'n persoon van God gegee.

Terwyl hulle met die laaste voorbereidings vir die aanval besig was, het sersant Jones sy bataljon-kapelaan gevra vir 'n houer heilige olie om sy tenk te salf. Sersant Jones het 'n reeks klein kruisies rondom die hele omtrek van die romp van die voertuig gemaak en hom, sy manne en sy tenk aan God gewy. In sy gebede het hy gevra dat God hom en sy manne nie net in die naderende geveg moet beskerm nie, maar dat Hy hom ook op 'n magtige manier sou gebruik.

Kort daarna het Jones se bevelvoerder ontdek dat sy radio nie meer in werking is nie. Omdat dit absoluut noodsaaklik was dat die bevelvoerder van die divisie 'n ten volle funksionele radio het - om bevele van die bataljon te ontvang, sowel as om die res van die eenhede in sy divisie te lei - beveel hy sersant Jones om sy radio vir hom te gee. In die besef dat hy in wese doof sou wees op die slagveld en baie kwesbaarder, probeer Jones hierdie bevel weier. Gedreig met inhegtenisneming en krygsgevolge het hy sy radio onwillig aan sy kommandant oorhandig.

Verdere komplikasies het ontstaan na die donker toegesak en die soldate hul voertuie gemonteer het om die inval te begin, toe sersant Jones ontdek dat sy nagsigtoerusting opgehou werk het. Bekommerd dat hy en sy kamerade doof en blind sou wees op die slagveld, het hy dadelik toestemming gevra om te onttrek. Sy meerderes het dit geweier. Alhoewel die tenk van sersant Jones nie meer met akkuraatheid kon skiet nie, aangesien hy nie vriend of vyand sou kon onderskei nie, kon hy darem steeds vyandelike vuur weglei van die tenks wat nog teikens kon vind.

Byna onmiddellik nadat die inval begin het, het sersant Jones se afdeling die vyand betrek en hulself binnein die vuur uit verskeie bronne van tenks, mortiere, skrapnel, geweervuur en helikoptergewere, bevind. Die nag was oorweldig met donderende geluide en ontploffende wapens, voertuie en die gille van beseerde soldate. Verskeie eenhede in die afdeling van sersant Jones is raakgeskiet. Sy hele bemanning het gedink dat hulle naby hul eie dood was.

Sersant Jones het vier jaar na sy diens in *Operation Desert Storm* my kantoor besoek vir hulp met verskeie probleme soos nagmerries, terugflitse, angs, slaapprobleme, verhoudingsprobleme, spanning, onvermoë om te konsentreer, prikkelbaarheid, werksprobleme en depressie. Tydens verskillende sessies het ek goed vertrouwd geraak met sersant Jones; wat belangrik in sy lewe was, wat hom tot aksie gemotiveer het, en hoe sy ervarings in *Operation Desert Storm* hom beïnvloed het. Die kern van sy konflik was dat hy geglo het dat God hom in die steek gelaat het. Teen sy vierde sessie het ek gevoel dat ek 'n reeks verklarings vir hom kon aanbied wat sy *Desert Storm*-ervarings opsom, en wat noodsaaklik was om die trauma van sy onopgeloste oorlogservarings sou kon oorkom.

“Jy was 'n Christen. Jy het jou Christenskap openbaar gemaak. Jy het kruisies met olie bo-oor jou hele tenk geteken en jouself, jou tenk en jou soldate aan God toegewy. Jy het die geveg ingegaan sonder om te kon sien of hoor. En toe jou eenheid aangeval word, is verskeie ander eenhede getref, maar *nie een koeël, dop of 'n stuk skrapnel het jou tenk beskadig nie.*”

Nadat hy elke stelling as waar erken het, het ek tot die gevolgtrekking gekom: “Jou woestynstorm-ervarings herinner my aan Daniël se ervaring in die leeu kuil.”

Die man se oë het wyd oopgerek, sy mond het oopgegaan en weer toe, en die besef van die vergelyking was onmiddellik. Met sy kop in sy hande, het hy vir 'n paar minute gesit en huil. Toe hy daardie dag my kantoor verlaat, het hy 'n nuwe lewensuitkyk met hom saamgeneem.

Kort daarna, toe ek met hom kontak maak om op te volg, het mnr Jones my meegedeel dat sy houding teenoor die lewe soveel verbeter het dat hy nie verdere sessies nodig het nie. Agttien maande later het hy op eie inisiatief sy voortgesette sukses met my gedeel. Die nagmerries en terugflitse het opgehou, sy slaappatroon was normaal, sy angs en depressie het ook opgehou, en hy het alle medikasie gestaak. Nadat hy 'n eerbare ontslag van die leër gekry het, het hy sy onderwysopleiding voltooi en 'n nuwe loopbaan as onderwyser in die hoërskool begin. Sy verhouding met sy vrou was sterker as ooit, en hy was 'n aktiewe ouderling in sy plaaslike kerk.

Wat het die verskil gemaak? Sersant Jones het 'n leuen geglo. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat God nie sy gebed beantwoord het nie, dat die Here hom in die steek gelaat het. Nou het hy die waarheid beseef - dat God sy gebed wonderbaarlik beantwoord het. Dit was die verandering in hierdie geloof wat tot sy herstel gelei het.

Geestelike kwessies maak saak! Dit vorm 'n integrale deel van ons ervaring en moet ingesluit word in ons begrip en behandelingpraktyke.

i. “Ons kennis van die historiese waarde van sekere godsdienstige leerstellings verhoog ons respek daarvoor, maar maak nie afbreuk aan ons voorstel om op te hou om voorgehou te word as redes vir die grondreëls van die beskawing nie. Inteendeel! Daardie historiese oorblyfsels het ons gehelp om godsdienstige leringe as neurotiese oorblyfsels te beskou, en ons kan nou redeneer dat die tyd waarskynlik aangebreek het, soos in 'n analitiese behandeling, om die gevolge van onderdrukking deur die resultate van die rasonele werking van die intellek” (Sigmund Freud, *The Future of an Illusion*, 1927, hfst. 8; herdruk in *Complete Works*, red. James Strachey en Anna Freud, 1961, deel 21). Twee paragrawe vroeër het Freud na godsdiens verwys as “die universele obsessiewe neurose van die mensdom,” wat ontstaan het, “soos die obsessiewe neuroses van kinders ... uit die Oedipus-kompleks,” hoewel hy nooit die frase - wat dikwels in versamelings aangehaal is - gebruik het nie, dat “godsdiens vergelykbaar is met 'n neurose in die kinderjare.” (aangehaal uit die *Columbia Dictionary of Quotations* [Columbia University Press, 1998]).

ii. Medikasie verander nie oortuigings nie. Hulle kan egter simptoombetragting bied. Waanbeelde is per definisie vals oortuigings, en medikasie kan lei tot verandering in diegene wat aan wanopvatting ly. Hoe kan dit gebeur as die medikasie self nie oortuigings beïnvloed nie? Mense wat aan waan-denkebeelde ly, het die vermoë verloor om die werklikheid akkuraat te beredeneer of waar te neem. Medisyne werk deur die persoon se vermoë om die werklikheid te beredeneer of akkuraat te sien, te herstel, en die persoon kan dan die feite en bewyse evalueer, en kan deur die gebruik van hul eie redeneringskrag hul waan-denkebeelde vir die werklikheidsgebaseerde, verander.


Die Hiërargie van die Gees

Soos ek pasiënte met simptome soortgelyk aan dié van Haar en sersant Jones, gesien het, het ek al hoe meer geïnteresseerd geraak om 'n werkende model van die gees te vind om die regte antwoorde aan gewone mense te bied. Gevolglik het ek my navorsing na die gees, die fakulteite daarvan en die geestelike aard van die mensdom versterk. Wat ek ontdek het, was opwindend en lewensveranderend.

God is 'n God van orde. As Hy skep, doen Hy dit nie chaoties nie, maar op 'n ordelike, georganiseerde manier. Toe God die mensdom geskep het, het Hy die brein ontwerp om op 'n sekere manier te funksioneer. In hierdie hoofstuk gaan ons die organisasiestruktuur van ons verstand ondersoek. As ons die hiërargie daarvan verstaan, kan ons intelligente keuses maak in die genesing daarvan.

Die Hoogste Geestesvermoëns

Die hoogste geestesvermoë wat ons besit, is dié wat die beeld van God die meeste weerspieël, dit wat baie Christene ons “geestelike aard” noem en waarmee God van plan was om ons te regeer. Die geestelike aard is nie 'n eteriese, mistieke, wasem-agtige entiteit wat die liggaam binnekom of verlaat nie. Dit bestaan uit daardie eienskappe en vermoëns wat ons die mees goddelik maak, die meeste na God se beeld. Dit is die eienskappe wat ons van die diere skei en ons teenoor God verantwoordbaar maak.



Die Vermoë Om Te Redeneer

Die hoogste denkvermoë is die vermoë om te *redeneer* - om te dink, getuienis te oorweeg en dan gevolgtrekkings te maak. Dit stel ons in staat om na te dink en te verstaan.

Die hond van my buurman, Daisy, is 'n tipiese brak, vol energie, wat gereeld probeer om getroetel te word en altyd wil behaag. Daisy het egter 'n probleem. Sy kuier gereeld in die buurt en vergader alles wat sy kan vind - stokke, gemors, ou skoene - en laat val dit op die stoep van my buurman.

As hy toevallig in sy erf is as die hond met haar nuutste skat tuis kom, laat val sy haar prys aan sy voete en kyk op met haar groot bruin oë, waai haar stert, en wil gevryf word. Daisy verstaan nie dat wat sy gedoen het haar eienaar nie behaag nie, maar dat dit eerder 'n oorlas is. My buurman kan dit nie aan haar verduidelik nie. Diere kan nie redeneer nie.

Aan die ander kant het mense die vermoë om te *redeneer*, en dit is die hoogste van alle geestelike fakulteite.



God het die Gewete Ontwerp

Maar omdat die mens nie oneindige kennis het nie, is die *rede* alleen nie voldoende vir gesonde besluitneming of diskriminasie nie. As 'n verdere hulpmiddel het God dus die *gewete* ontwerp om saam met die *rede* te werk.

Die *gewete* is die geestelike oog (sien Matt. 6:22). Dit is die fakulteit waardeur die Gees van God direk met ons kommunikeer, die een wat die stem van God stil “hoor” spreek (sien 1 Konings 19:12). As sommige Christene sê, “Die Gees het aan my in my gees gesê,” verwys hulle na hul

gewete. Dit is egter gesond vir ons om te onthou dat, net soos ons liggaamlike oog siek kan word (of dit nou nabysierende, versierende of blind is), so kan die *gewete* ook word.

'n Dermatoloog-vriend hou 'n weeklikse Bybelstudie in sy kantoor. Net voor die aanvang van een wat sesuur nm begin, het Joe, een van die lede van die groep, sonder sy vrou by die Bybelstudie opgedaag. Hy het verduidelik dat hul vyftienjarige blinde en dowe hond weggeraak het. Sy vrou het tuisgebly om na die hond te soek, en Joe het na die Bybelstudie gekom om lede van die groep te vra om te bid dat hulle die dier binnekort veilig sal vind.

Nadat die groep gebid het, het Joe vertrek om weer te help met die soektog na die troeteldier. Binne 'n kort tydjie - omstreeks 18:30 - het Jeremy, 'n ander lid van die groep, die Bybelstudie onderbreek om te sê dat hy pas beïndruk was met 'n visie van Joe se hond in die bos, en dat Joe dit gevind het. Jeremy het aan die groep gesê dat hul gebede beantwoord is - dat die dier veilig was. Verbasend genoeg het Joe om 19:00 nuus berig dat hy en sy vrou hul troeteldier in die bos agter hul huis gevind het, presies om 18:30. Hoe het Jeremy geweet?

God kan direk met die gees praat, hoorbaar of deur indrukke. Die manier waarop ons sy kommunikasie met ons hoor, is óf deur ons gehoor-neurone, as die stem hoorbaar is, óf deur die *gewete*, as dit 'n geestelike indruk is.

Die *gewete* is 'n spesifieke geestelike fakulteit wat soms die geestelike oog genoem word. Net soos die fisiese oog lig in neurale energie kan omskep en inligting aan die brein kan oordra, dra die *gewete* geestelike indrukke oor na die brein om dit te verstaan. Onthou dat die liggaamlike oog siek en ongesond kan wees en dinge daarom onduidelik sien of selfs dinge wat nie regtig bestaan nie. Op soortgelyke wyse kan die *gewete* siek en ongesond raak, waardeur mense indrukke ervaar wat verdraai of selfs heeltemal verbeeldingryk is.

Aanvanklik het inligting wat die verstand via die gewete bereik, geen groter waarde as inligting wat ons op enige ander manier bereik nie. Ons redeneringskragte moet dit evalueer om te bepaal of die indruk of stem in werklikheid van God af kom, en of dit 'n namaaksel is. Ons kan daarom onder die indruk kom van een of ander boodskap of idee, maar daardie indruk of idee is nie op sigself 'n bewys nie. Dit sal slegs geldig wees wanneer bevestigende getuienis dit ondersteun.

God het die *rede* en die *gewete* ontwerp om saam te werk vir gesonde onderskeiding en diskriminasie sowel as vir geldige besluitneming. Wanneer die *rede* alleen sonder die *gewete* funksioneer, kan 'n mens baie intellektuele teorieë ontwikkel, soos evolusionisme of marxisme, wat die voorkoms van wysheid het, maar die bestaan van God en die beginsels van sy regering ontken.

Rede wat sonder *gewete* werk, kan ook ongesonde gedrag rasionaliseer om verantwoordelikheid en regstellende aksie te vermy. Baie misdadigers gebruik hul redeneringsvermoë om misdade te pleeg om nie gevang te word nie, maar dit gebeur slegs as die *gewete* ongesond of onaktief is. Om gesonde keuses te maak, moet die *rede* die *gewete* ook by hê.

Die Indiese politieke en geestelike leier, Mohandas K. Gandhi, het gesê dat “die toeskrywing van almag aan die rede net so 'n stuk afgodery is soos die aanbidding van kudde en klip; en om dan te glo dat dit God is. Ek pleit nie vir die onderdrukking van die rede nie, maar om 'n behoorlike erkenning van dit in ons wat die rede heilig.”⁶

Dit is die invloed van God wat deur die *gewete* werk en deur die openbaring van die waarheid wat die *rede* heilig (en gesond) maak. Die *gewete* alleen kan egter nie vertrou word om te lei sonder die balans van die *rede* nie. As die *gewete* ons besluitneming onafhanklik van die *rede* lei, kan ons uiteindelik in Waco verbrand word, sianied in Jonestown drink, probeer om die Hale-Bopp-komeet te ry of vliegtuie in geboue vas te vlieg. Per slot van rekening, om gedood te word saam met David Koresh en die tak Davidians, om selfmoord met Jim Jones of die *Heaven's Gate*-kultus te pleeg, of om passasiersvliegtuie in selfmoordbomme te omskep, kan 'n mens pligsgetrou wees - maar wat van redelik?

Die Duitse filosoof Friedrich Nietzsche verklaar:

“Ek kom telkens weer daarvoor te staan, en keer op keer weerstaan ek dit: Ek wil dit nie glo nie, al is dit byna tasbaar: die oorgrote meerderheid het nie 'n intellektuele gewete nie; inderdaad lyk dit vir my dikwels dat, om so iets te eis, 'n mens in die mees bevolkte stede so eensaam soos in die woestyn sal wees”.⁷

Die Tragedie Van 'n Onredelike Gewete

Onlangs is ek tragies herinner aan die skade wat kan plaasvind wanneer die *gewete* sonder die balans van die *rede* werk. Carlos was 'n 69-jarige afgetrede professor wat aan 'n

konserwatiewe Christelike kerkgenootskap behoort het. Hy het ‘onlangs’ afgetree na ‘n vervullende 35-jaar beroep as geskiedenis pedagoog by ‘n privaat kollege.

Hy het ‘n uitermate konserwatiewe lewensstyl gehad en het vele streng reëls stiptelik nagekom. Van sy vele gesondheidsgewoontes het Carlos ondermeer ‘n vegetariese dieet gevolg, alkohol en tabak vermy, en gereeld geoefen. Maar Carlos en sy vrou het ook geglo dat dit ‘n sonde was om medisyne te gebruik, en veral psigiatriese medikasie. Hulle het geglo dat daardie tipe middels die brein sou beskadig.

In die herfs van die jaar 2000 het Carlos erg depressief geword. Die werklikheid het vir hom begin vervaag en hy het stemme begin hoor. Hy het paranoïes begin raak en geglo dat ander mense hom dophou. Uiteindelik het hy die abilititeit verloor om toepaslik met mense om hom te kommunikeer. Carlos en sy vrou was raadop. Dit was duidelik dat hy siek was, maar hulle het nie geweet hoe om hom sonder medisyne te behandel nie.

Hulle het desperaat na hulp gesoek totdat hulle op ‘n afgeleë inrigting afgekom het met dokters wat, soos hulle, geglo het dat psigiatriese medikasie die brein sou beskadig. As gevolg van hulle geloof, het hulle hom met “natuurlike middels” behandel – kruie, hidroterapie, en gebed.

Ongelukkig het Carlos so agteruit gegaan dat hy gou onsamehangend geword en op die vloer rondgekruip het. Hy het inkontinensie van die derms en blaas gehad, en het ontlasting aan die mure afgesmeer. Hy was ontroosbaar, onrustig en erg psigoties. Omdat hy nie meer geëet het nie, het hy so maer geword dat hy besig was om dood te gaan van die honger.

Toe sy gewig 38 kilogram was (Carlos is 1.75m lank), het die inrigting se dokters ‘n voedingsbuis deur sy maagwand direk in sy maag te plaas, en hom met die hand begin voed. Terwyl sy gewig effens toegeneem het, het sy depressie, paranoia en onredelike denkrigting aangehou. Agt maande van die spesifieke “behandeling” het geen verbetering getoon nie, en in absolute desperasie het Carlos se vrou hom na my toe gebring.


Die man was in ‘n armsalige toestand. Sy vel het los van sy wange gehang, en sy oë was diep in sy kop gesonke met donker kringe rondom. Carlos het seergekry toe hy sit – sy bene het amper deur die vel gesteek. Hy was erg depressief en steeds psigoties. Sy vrou het egter daarop aangedring dat haar man geen medikasie ontvang nie, al sou dit tot sy dood lei.

Vir langer as ‘n uur het ek met die paartjie geredeneer, en probeer verduidelik dat daar wetenskaplike bewyse is dat psigose self eintlik die brein beskadig/benadeel. Dat hoe langer die psigose aanhou, hoe moeiliker is dit vir suksesvolle behandeling. Ek het Carlos se geskiedenis herhaal, van hoe die “natuurlike middels” in sy geval gefaal het, en ook hoe hierdie “natuurlike middels” in die negentiende eeu gefaal het om geestesiektes te verbeter.

In ‘n poging om hulle weg te lei van die “natuurlike metodes”, het ek aan hulle die molekuleêre uitwerking van die nuutste medikasies en hul spesifieke effek op die brein genoem. Behalwe vir die verwagte voordele, het ek ook die potensieële newe-effekte genoem. Na dit alles, wou hulle steeds nie ingee nie.

In nog ‘n poging, het ek hulle gevra om te kyk hoe Carlos nou lyk en wat die agt maande van “natuurlike metodes” uitgerig het. Hy was amper dood. In hulle gedagtes, het hulle dit egter beter gevind om hom te laat doodgaan as om hom met medisyne te behandel; selfs al sou die medisyne hom gesond maak. Wat ‘n hartseer situasie! Die paartjie het nougeset aangehou met wat hulle gedink het reg was. *Deur egter te faal om hulle redeneringsmagte te gebruik, het hul keuses groter skade aangerig.*ⁱⁱⁱ

Dit is alleenlik wanneer die *rede* en die *gewete* in harmonie saamwerk en mekaar balanseer, dat gesonde besluitneming kan plaasvind. Tesame bestaan die fakulteite van die *rede* en die *gewete* wat ons as ons oordeelsvermoë ken. Disfunksie van die *rede* of die *gewete* het gebroke oordeelsvermoë tot gevolg, en hoe gesonder ons *rede* en ons *gewete* word, hoe beter word ons oordeelsvermoë.



Almal Aanbid Iets

Die finale vermoë wat ons geestelike aard voltooi, is 'n ingebore begeerte of drang vir *aanbidding* - 'n inherente deel van ons wese, wat almal ervaar, of hulle dit erken of nie. Dit is dalk nie God nie, maar dit kan die Dallas Cowboys, geld, mag, 'n popkultuurfiguur soos Madonna, die wetenskaplike metode of jouself wees. Almal aanbid egter iets. Sommige mense noem dit 'n strewe na betekenis of 'n doel – om buite jouself te kyk na 'n oriënteringsraamwerk, na iets wat fokus, betekenis, doel en begrip aan die lewe gee.

In sy boek *Way to Wisdom* som Karl Jasper die situasie op, op hierdie manier: “Dit waaraan jy vashou, waarop jy jou hele bestaan plaas, dit is eintlik jou God.”⁸ Richard Creel bied dieselfde idee in *Religion and Doubt*: “'n Persoon se god is dit wat die persoon se lewe eintlik domineer, wat dit eenheid, rigting, en inspirasie gee, of die persoon dit besef of nie.”⁹

Die vraag is nie of ons aanbid nie, maar eerder wat ons aanbid...

Deur Aanskouing Word Ons Verander

Die Christenheid leer ons om nie na onself te kyk nie, maar na Christus. Hoekom sê God, “Aanbid My?” Is Hy nie seker van Homself nie? Het Hy dalk ons bevestiging en goedkeuring nodig? Maak dit regtig saak wat ons aanbid?

God sê aan ons om Hom te aanbid, omdat ons ons eintlik aanpas by dinge wat ons admireer en ons toewy aan die dinge wat ons idealiseer. Psigiatrie noem dit modelleer en, in die Bybel, is dit die wet van aanbidding: Deur aanskouing word ons verander. Ons karakter word eintlik verander om te word soos dit wat ons vereer (2 Kor 3:18).

Onder die vele gode wat die antieke Egiptenaars aanbid het, was 'n padda. Stel jou voor dat jou gesin saans bymekaarkom om 'n klein goue padda te aanbid. “Liewe heer padda ...” Sal dit die brein help om te groei en uit te brei na hoër vlakke van ontwikkeling?

Ons hoef nie net na antieke Egipte te kyk om snaakse voorbeelde van aanbidding te sien nie. As 'n voorbeeld, kan ons moderne Indië besoek waar 'n sekte van Hindoe die rotte aanbid. Hulle hou tempels in stand wat rotte vereer. In die tempels is daar groot afgode van rotte en, nie verbasend nie, infesteer egte rotte hierdie tempels.


As deel van hulle aanbidding, bring lidmate van die sekte graan om die rotte wat die tempels infesteer te voed. Terwyl ons graag eerder kontak met hierdie rotte wil vermy, beskou hierdie sekte

dit as 'n groot seën om deur die rotte gebyt te word. Hul toewyding is so 'sterk' dat lidmate van die sekte bid dat hulle moet terugkom as 'n rot wanneer hulle sterf. Dink 'n bietjie daaroor: Wesens wat in die beeld van God geskep is met individualiteit, wat kan dink en doen (Ps 115:5-8; Rom 1:21-32), dit nou as hul hoogste ideal het om 'n rot te wees.

Hoekom vra God dat ons Hom moet aanbid? Hy vra dit omdat Hy die enigste Een is wat ons kan aanbid wat ons nie agteruit wil laat gaan nie. As mens, is ons die hoogste geskape wesens op ons planeet. Ons planeet het daarom niks wat ons kan aanbid wat ons vooruit kan laat gaan nie. Om enigiets op die aarde te aanbid, sal maar net tot ons eie ondergang lei.


Die keuse wat of wie ons aanbid, beïnvloed dus grootliks die ontwikkeling van ons geestesvermoëns. Aangesien die god wat jy dien direk die werking van beide die *rede* en die *gewete* beïnvloed, is dit noodsaaklik om gesonde aanbidding te beoefen. Gesonde aanbidding veredel en versterk ons *rede* en *gewete*, terwyl ongesonde vorms van aanbidding dit verdwerg en verswak.

Ons geestelike aard is dus saamgestel uit *rede*, *gewete* en *aanbidding* - die hoogste vermoëns in ons verstand. Ons geestelike aard is om die werking van al die ander aspekte van ons verstand te rig.



Die Wil

God het die volgende vermoë van die intellek of verstand ontwerp - die *wil* - om te funksioneer volgens die *rede* en die *gewete*. Die aksiesentrum van die verstand - die goewerneur of uitvoerende agent - dit is die deel van die verstand wat eintlik kies. Die plan van God is bedoel dat die verstand met die *wil* sal funksioneer deur die leiding van die *rede* en *gewete*, maar die mens volg nie altyd hierdie goddelik-bedoelde hiërargie nie.



Kyk byvoorbeeld na rokers wat verskillende redes kan noem hoekom rook gevaarlik is: Verhoogde risiko vir longkanker, hartsiektes, beroerte en emfiseem; die moontlike skade aan hul kinders se gesondheid; en die koste, reuke en ongemak. Hulle *gewete* kan hulle oortuig om op te hou rook. Hulle kan selfs vir hul vriende sê: “Ek wens dat ek nooit begin rook het nie.” Maar as hulle nooit hul *wil* inspan en *kies* om die sigarette neer te sit en op te hou nie, hou hulle aan rook.

Terwyl God die *wil* ontwerp het om te werk onder leiding van die geestelike aard, is dit nie altyd die geval nie. Wanneer mense hul *wil* beoefen en kies om op te tree op 'n manier wat die *rede* en die *gewete* oortree, beskadig hulle hulself, raak hulle rusteloos, onrustig en angstig. Maar wanneer die *wil* die leiding van die *rede* en die *gewete* volg - selfs al voel dit op die oomblik miskien nie goed nie - vind daar genesing plaas, en die resultaat is innerlike vrede, vertroue en tevredenheid. Ons sal dit in meer besonderhede in latere hoofstukke ondersoek.

Die Gedagtes

Die volgende agentskap in die gees is die *gedagtes*, wat ondergeskik is aan die geestelike aard en die *wil*. Alhoewel dit al die alledaagse dinge insluit wat ons elke dag dink, behels dit veral ons oortuigings, waardes, sedes en verbeelding.



Party maak dadelik beswaar en sê: “Ek was altyd geleer dat my waardes en sedes my lewe reguleer en my optrede rig. Moet hulle nie heelbo wees nie?” Ek wys eenvoudig daarop dat die *rede* ons oortuigings, waardes en sedes kan verander, en dat die *wil* dit kan oorskry. Kan diegene wat nie in God glo nie, wanneer nuwe bewyse en waarheid oor God aan hulle voorgehou word, deur die nuwe feite redeneer en hul oortuigings verander? Beslis! En kan iemand sy *wil* uitoefen en kies om aan aktiwiteite deel te neem wat hul eie oortuigings, waardes en sedes oortree? Weereens is die antwoord voor die hand liggend. Verbeelding is ook onderworpe aan die ondersoek en bestuur van die *rede*, die *gewete* en die *wil*.

Wat ek in die vorige paragraaf beskryf het, is waar vir diegene wat volwassene is - vir diegene wat die vermoë het om te *redeneer*. Maar vir kinders, en diegene wie se vermoë om te *redeneer* nog nie ten volle ontwikkel het nie, kom oortuigings in die gees en word hulle gevestig in die geestelike bedryfstelsel sonder 'n gesonde evaluering van die basis vir die geloof. In werklikheid bereik ons almal volwassenheid met oortuigings, waardes en sedes wat verander moet word. As volwassenes is dit ons verantwoordelikheid om dit vir onself te evalueer en om alles wat gesond is, alles wat deur die feite en waarheid ondersteun word, te behou, maar al die dinge wat oorblyfsels van 'n kind se denkwyse is, weg te gooi of verander. Soos Paulus so welsprekend verklaar: “Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.” (1 Kor. 13:11)

Gevoelens

Die finale fakulteit van die verstand, wat volgens God se ontwerp ondergeskik is aan al die ander, is dié van *gevoelens*. Dit bevat die hele spektrum van emosies waarmee ons almal bekend is:

hartseer, vreugde, woede, geluk en al die ander. Maar twee spesifieke soorte gevoelens verdien spesiale aandag: 'n Begeerte na verhoudings, en ons liefde.



'n Strewe Na Verhoudings

Eerstens het God ons geskep met 'n ingebore begeerte of *strewe na verhoudings*. Almal verlang om spesiaal te wees, om lief te hê en liefgehê te word, om te deel en met iemand te deel, om in 'n verhouding te wees. So 'n begeerte na verhoudings is 'n biologies geprogrammeerde deel van ons wese. Ons Skepper het dit deel van ons aard gemaak.

Sommige mense maak beswaar dat hierdie aspek van ons verstand onder *gevoelens* geplaas word, eerder as om by ons geestelike aard ingesluit te word. Hulle wys daarop dat God 'n verhoudingswese is, en beweer dat mense, wat na God geskape is, ook verhoudingsgebonde is. Om te begin met hierdie uitgangspunt, kom hulle tot die gevolgtrekking dat ons hierdie aspek van ons verstand in ons geestelike aard moet insluit.

Maar dit is belangrik om te erken dat die hele natuur iets van God openbaar (Rom. 1:20), en soos almal van ons wat al troeteldiere gehad het, verstaan ons dat diere, benewens mense, ook verhoudingswesens is. Daarom, terwyl ons iets oor God demonstreer, onderskei die begeerte na verhoudings ons nie van die diere nie, daarom moet ons dit nie as deel van ons geestelike aard beskou nie.

Inteendeel, ons moet die begeerte na verhoudings ondergeskik hou aan *rede*, *gewete* en *wil*, met hierdie hoër agentskappe om die feite, omstandighede en getuienis van 'n potensiële verhouding

te evalueer en dan die moontlikheid daarvan toe te laat of te verwerp. In werklikheid, sonder die geestelike aard om die begeerte na verhoudings te *regeer*, sou die mens “soos redelose diere, instinkmatige wesens” word wat deur passie en wellus gedryf word (2 Petrus 2:12, DV).

Ons Emosies

Die tweede belangrike gevoel om te identifiseer is ons *emosies*. Dit is ons emosionele gehegtheid, ons hartsnare - die sentimente wat ons vir mense en dinge ontwikkel.


Stel jou voor dat jy so pas 'n nuwe BMW-motor gekoop het. Gretig om dit vir jou vriende te wys, ry jy na hulle werksplek. Jy hardloop in om hulle te kry, en wanneer julle buite kom, sien jy 'n motor wat nes joune lyk, behalwe dat hierdie motor 'n merkbare duik in die voordeur het. Hoe reageer jy? Miskien met 'n kort, “dis darem jammer,” om dan vinnig na die opwinding van jou nuwe wiele te loop.

Maar wat daarvan as jy uitkom en die motor met die groot duik in die deur is joune? Sou dit anders voel? Dit is 'n voorbeeld van ons emosies, waarna die Bybel verwys wanneer dit noem dat ons die hart moet bewaar. Wees versigtig waaraan jy geheg raak. Wanneer Paulus oor die besnydenis van die hart deur die Heilige Gees skryf, dring hy by ons aan om ongesonde gehegtheid uit te sny en gesonde gehegtheid te versterk (Rom. 2:29).

Die Oorspronklike Harmonie

God het die verstand ontwerp om in perfekte balans te werk, met die voordeel van aangesig-tot-aangesig-gemeenskap met Hom. Terwyl Adam tyd saam met God deurgebring het, sou hy nie net intelligente keuses maak om die wil van God te volg nie maar het, deur die wet van aanbidding, elke aspek van sy gedagtes deurdrenk met die goddelike karakter. Met God as die belangrikste fokuspunt, was sy verstand ontwerp om met *rede* en *gewete* te werk en feite, omstandighede en bewyse te evalueer om te bepaal watter optrede, verloop of gevolgtrekking die geskikste is. Sy *wil* sou dan die aksie kies wat die beste deur *rede* en *gewete* bepaal word. Dit sou ook kies watter oortuigings, waardes en sedes hy sou internaliseer en beoefen, hoe hy sy verbeelding gebruik, watter verbintenisse hy sou maak, wat sy verhouding met God en ander sou wees, en watter karakter hy

dus sou vorm. Helaas het Adam sy *wil* gebruik om verkeerd te kies en sal ons in latere hoofstukke die gevolge van sy keuse ondersoek.



Figuur 1. Die Verstand Voor Sonde

Die model hierbo gee 'n diagram van die oorspronklike vermoëns van die verstand, hul organisatoriese hiërargie en onderlinge verband. Ongelukkig het iets vreeslik verkeerd geloop. Min mense se verstand werk vandag met die goddelik beplande harmonie. Die verstand is besmet met 'n vernietigende element wat inmeng met 'n natuurlike harmonieuse en gesonde geestelike funksie. In die volgende hoofstuk sal ons die vernietigende element ontdek wat ons verstand verdraai en begin ondersoek instel na hoe ons dit kan verwyder.

ⁱⁱⁱ Drie jaar nadat Carlos my kantoor verlaat het, het die dokter, wat hom verwys het om my te kom sien, aan my die res van die verhaal vertel. Carlos het na die fasiliteit teruggekeer waar hy sy “natuurlike middel”-behandelings ontvang het en is die “behandeling” voortgesit vir nog drie maande. Toe ontdek Carlos se seun, wat buite die Verenigde State woon, wat aangaan en het onmiddellik na die VSA gevlieg en sy vader na 'n psigiater geneem wat antidepressant medikasie

voorgeskryf het. Binne ses weke het Carlos se depressie heeltemal verdwyn. Sy aptyt het normaal geword, hy het gewig begin aansit, sy gedagtes was helder en georganiseerd en hy kon homself versorg. Na 'n paar maande het hy selfs deelyds begin les gee.

Selfsugtige persone is nie in staat om ander lief te hê nie, maar hulle is ook nie in staat om hulself lief te hê nie - Erich Fromm.

Die Innerlike Vernieler

In die begin het God die eerste mens (Adam) na sy beeld geskape. Oorspronklik was die mensdom volmaak — geneties, verstandelik en geestelik. Die mens het 'n suiwer *gewete*, 'n edele *rede* besit en het volmaakte *aanbidding* beleef in 'n aangesig-tot-aangesig verhouding met God, waardeur al die ander vermoëns van die verstand voortdurend in harmonie en balans gehou was. Die beginsels van liefde en vryheid het die verstand beheer. Vrede en tevredenheid was die voortdurende gevolg van 'n verstand in perfekte balans.


Ongelukkig het hierdie perfekte balans nie voortgeduur nie. Die mensdom het sy vertroue in God verbreek. Deur sy eie vrywillige keuse het die menslike geslag sy intieme verhouding met God verbreek. Die gevolge daarvan was verwoestend en onmiddellik. Aangesien die harmoniese balans van die verstand gedestabiliseer het, het 'n vernietigende element God se invloed vervang. 'n Nuwe beginsel het nou die menslike verstand oorheers.

Selfsug het liefde en vryheid vervang. Mense het hul aangebore gevoel van veiligheid en sekuriteit verloor. Die vrede wat hul ervaar het, het verdwyn en is hulle met vrees en skuldgevoelens vervul, wat hulle tot selfbehoud gedryf het. Voor Adam se selfsugtige keuse, was die menslike verstand vry van vrees. Vrees was 'n nuwe en verwoestende emosie wat die menslike verstand besoedel het. Dit was omdat hulle God nou wantrou het en van Hom geskei was. Omdat mense nie meer die Here vir hul welsyn vertrou het nie, het die beginsel van oorlewing van die sterkstes na vore gekom.

Omdat Adam, sonder rede, gekies het om sy verbinding met God te verbreek en sy eie belang na te streef, het sy *gewete* hom skuldig bevind. Hierdie skuldgevoel het Adam op sy beurt veroordeel. Toe hy die verdoemenis van sy eie *gewete* beleef, was Adam nie meer seker van sy lewe nie en het homself dus probeer beskerm. Met sy verstand nou vol vrees en twyfel, met liefde en vryheid nie meer die deurdringende krag in sy hart nie, en met die beginsel van selfbehoud stewig gevestig, het Adam hom beywer om homself te red. Hy het gehardloop om te gaan wegkruip.

En die mensdom hardloop en kruip sedertdien weg vir God. Vertroue op God het verdwyn en selfsug oorheers. Die harmonieuse balans van die verstand is verpletter en die vernietigende beginsel van selfsug oorheers nou sy geestelike fakulteite. Maar as dit nie vir die genade van God was nie, sou die mensdom gedoem wees.

Selfsug is die vernietigende element wat die verstand besmet. Dit is nie teenwoordig in die verstand soos dit oorspronklik deur God ontwerp is nie, maar het 'n besmettingsagent geword, 'n indringer, wat ons geestelike fakulteite besoedel en hul funksie destabiliseer. Sonder God se ingryping en plan om die verstand te genees, sou die mensdom se toestand hopeloos wees.



Figuur 2. Die Verstand Na die Sondeval en Voor Bekering

In Selfsug Gebore


Psigiaters erken die selfsugtige aspek van ons wese en verwys daarna as *egosentrisme*. Nie 'n verworwe eienskap nie, dit is aangebore. Omdat Adam God nie meer vertrou het nie en

selfgesentreerd geraak het, word die hele mensdom, as nageslag van Adam, biologies en geneties selfgesentreerd gebore. Soos Dawid in Psalm 51 geskryf het: “Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.” (Ps. 51:7).

Hoeveel babas is geïnteresseerd in die feit dat hul moeder goed rus en gevoed word? Nie een nie. Babas fokus op hul eie behoeftes. Dit is ons erfenis van Adam. Toe God Adam geskape het, het Hy die vermoë om wesens na sy beeld te skep, aan hom oorgedra. Net soos God Adam na sy beeld geskape het, so het Adam na die sondeval kinders voortgebring met sy aard en eienskappe. Hierdie patroon duur vandag nog voort, soos alle ouers sekerlik opgemerk het.

Drie Soorte Selsug

Mense openbaar hul biologiese geneigdheid tot selfgesentreerdheid op drie maniere. Die vertaling van die King James Version van 1 Johannes 2:16 beskryf hierdie neigings as “die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die trots van die lewe.” In vandag se Engels sou ons dit bloot as *sensualisme*, *materialisme* en *egoïsme* beskryf. Elke persoon het 'n verskillende rangskikking van die drie eienskappe, sommige met swakker of sterker aspekte.



Figuur 3. Die Verstand Na die Sondeval en Voor Bekering

Die Misleide Verstand

As jy vertrou is met die konsepte van Sigmund Freud, is selfsug die deel van die verstand wat hy die *id* genoem het. Freud beskou die *id* as 'n geneties geprogrammeerde dryfveer van seks en aggressie wat ons ontwikkeling oorheers het. *Sensualisme* is sinoniem met wat hy as seks bestempel het en hou verband met alle vorme van liggaamlike plesier. Alhoewel die kategorie beslis seksuele kontak behels, bevat dit ook dwelms, alkohol, vraatsug en in wese alle sensoriese plesier.

Materialisme is sinoniem met gierigheid, wat bestaan uit die strewe na materiële besittings ten koste van ander, en *egoïsme* behels dat ekself voor ander geplaas word. Dit is die moeite werd om te beklemtoon dat *materialisme* en *egoïsme* aggressiewe gedrag is.

Tensy oorkom, sal sulke primitiewe strewes tot selfvernietiging lei. Omdat Freud nie die rol van God in die menslike lewe erken het nie, kon hy Hom nie by sy behandelingsplan insluit

nie, en daarom het hy die enigste logiese alternatief wat hy tot sy beskikking gehad het, gekies: Die self.

Freud se teorie sê eenvoudig: “Waar die id is, sal die ego wees.” As gevolg hiervan behels die Freudiaanse teorie van psigoanalise die proses om die geestesoog na binne te draai en te probeer om die onbewuste id tot die bewussyn te bring, waar dit beheer, gewysig en verander kan word. Met ander woorde, psigoanalise is die proses om 'n mens se verstand op selfsugtige begeertes te fokus - die aansteeklike, vernietigende element van die verstand - met die oortuiging dat wanneer iemand van sodanige begeertes bewus raak, hy of sy gesonde veranderinge kan maak.

'n Christelike behandelingsmodel voeg addisionele insigte by. Jeremia 17:9 lig ons in dat die “menslike verstand bedrieglik is bo alle dinge en totaal goddeloos is. Wie kan dit weet?” (NIV) Ons moet ons tot God wend vir sy hulp. Andersins kan pogings om 'n mens se verstand sonder goddelike leiding te verstaan, uiteindelik tot verdere selfbedrog lei.

'n Ander belangrike faktor in die behandelingsproses is die wet van aanbidding, ook bekend as modellering. As gevolg daarvan word ons soos wat ons bewonder of aanbid. Wat ons ook al idealiseer, of dit nou 'n persoon, God, idee of afgod is, word ons meer soos dit wat ons idealiseer. Ons pas onself aan by alles waarop ons fokus. As ons op die self fokus, raak ons meer selfgesentreerd. As ons die verstand oplei om te fokus op die vernietigende, besmettende element in ons verstand, word die gevaarlike krag daarvan versterk.

Hierdie verandering vind plaas in die karakter en die biologie. Die brein sal homself eintlik herbedraad volgens die dinge wat ons dink, doen, sien en ervaar. Die brein is besig om sy neurale netwerk voortdurend te vertak en te snoei. Die keuses wat ons uitoefen - wat ons dink, glo, bewonder en aanbid, sowel as die gedrag waarmee ons besig is - het almal diepgaande gevolge vir die uiteindelijke ontwikkeling van ons neurale netwerk en dus ook ons karakters. Die sagteware (wat ons dink) kan die hardeware (die neurale netwerk) eintlik verander.

Miskien het sommige van u 'n ander taal op hoërskool geneem. As dit so is, onthou jy die probleme wat jy die eerste paar weke ondervind het, om een woord op 'n slag te leer, die pyniging om een woord te probeer herroep en uit te spreek? Terwyl jy studeer en geoefen het, en jou woordeskat toeneem, het selfs die uitspraak en sintaksis verbeter. Dit het plaasgevind namate

die brein sy neurale netwerk, die aantal selle en sel-tot-selverbindings wat nodig is om die nuwe taal te praat, vergroot.

Maar as jy opgehou het om daardie taal te praat sedert jy die hoërskool voltooi het, wat het dan van jou vaardigheid geword? Met voortdurende gebruik, versterk en brei die brein die neurale netwerk uit. Maar wanneer hierdie paaie ledig word, verval en verdwyn hulle uiteindelik. Dieselfde gebeur deur die hele brein. Daarom word gewoontes nie maklik verwyder nie: Hoe sterker 'n gewoonte en hoe langer dit bestaan, hoe meer tyd en moeite is nodig om die spesifieke neurale stroombane te laat verdwyn.

Nou kan jy sê dat dit alles baie interessant is, maar watter rol het dit om die verstand te genees? Dit is belangrik omdat ons, deur die *wil* te gebruik, die krag het om te kies watter neurale stroombane voortdurend in ons breine gebruik word. Deur die keuses wat ons maak, kan ons met God saamwerk vir die werklike transformasie van ons karakters hier en nou. Wanneer ons in samewerking met God kies om op te tree wat die *rede* en *gewete* as die gesondste bepaal het, kry ons goddelike krag om die besluite na te volg.

Kyk na rokers as 'n voorbeeld. Hulle kan bid vir verlossing net soveel as wat hulle wil, maar totdat hulle besluit om die sigarette neer te sit, hou hulle aan met rook. Maar as hulle die sigarette weggooi en God se hulp soek, kry hulle goddelike krag wat voldoende is vir die taak. Die goddelike mag stel die rokers in staat om die pyn van onttrekking te verdra en uiteindelik vryheid van hul drange te ervaar. Dus verander die neurale stroombane met verloop van tyd, en die roetes wat ooreenstem met die gewoonte om te rook, gaan stadig agteruit terwyl die neurale stroombane verantwoordelik vir selfbeheersing, versterk.

Die tydskrif *Nature* van September 1999 publiseer navorsing wat die feit verder ondersteun dat ons optredes en keuses in werklikheid lei tot fisiese veranderinge in die brein self.¹⁰ Die studie is uitgevoer deur samewerking van wetenskaplikes van die Yale, Harvard en Northwestern Universiteite en het aan die lig gebring dat die gebruik van kokaïen 'n verandering in die brein veroorsaak wat voorheen slapende gene aktiveer.

Dit beteken dat sekere tipes gedrag eintlik kan veroorsaak dat gene wat afgeskakel is, weer aanskakel en hul invloed op die individu begin uitoefen. In die geval van kokaïen aktiveer dit 'n geen wat die produksie van sekere proteïene veroorsaak wat 'n verhoogde drang na meer kokaïen lewer.

Televisie En Die Wet Van Aanbidding

B. S. Centerwall het navorsing gedoen wat die wet van aanbidding (modellering) kragtig demonstreer. Hy het sy bevindings in die *Journal of the American Medical Association*¹¹ gepubliseer. In 'n poging om die gevolge van televisieprogrammering op geweld in die samelewing te beoordeel, het dr Centerwall 'n uitgebreide studie ontwikkel om geweld in die samelewing te evalueer voor en na die bekendstelling van televisie. Omdat hy 'n duidelike aanduiding van geweld wou hê, fokus hy op die manslagsyfer in die Verenigde State.

Om besware te voorkom dat die styging in die moordsyfer moontlik kon wees as gevolg van maklike toegang tot wapens, vergelyk hy die Amerikaanse data met dié van Kanada, 'n soortgelyke Westerse land, maar met streng wapenbeheer. Dan vergelyk hy die inligting van hierdie twee lande met statistiek van Suid-Afrika, wat eers in die 1970's televisie toegelaat het. As 'n bykomende voorsorgmaatreël, het hy slegs wit-op-wit-moord in Suid-Afrika getel om die kans uit te skakel dat die apartheidsbeleid van rassisme die uitkoms beïnvloed. Wat hy ontdek het, was verbasend.

Na die bekendstelling van TV het die manslagsyfer in Amerika vanaf 1945 tot 1974 met 93 persent gestyg. In dieselfde tydperk het die manslagmoord in Kanada met 92 persent gestyg. Maar in Suid-Afrika, waar TV eers in die sewentigerjare verskyn het, het die manslagsyfer vanaf 1945 tot 1974 met 7 persent gedaal. Dit is ongelooflik dat, ná die bekendstelling van televisie in 1975, die manslagsyfer met 130 persent gestyg het.

In April 2004 het die vaktydskrif *Pediatrics* verstommende navorsing gepubliseer waarin aan die lig gebring het dat televisie-kyk deur kinders, hul risiko verhoog om aandag-afleibaarheid te ontwikkel. Die hoeveelheid tyd wat 'n kind televisie kyk, verander die brein!¹²

Hierdie bewyse, tesame met ander navorsing met soortgelyke bevindings, het daartoe gelei dat die Amerikaanse Akademie vir Pediatrie geen televisie van enige aard vir 'n kind onder die ouderdom van 2 jaar aanbeveel het nie, met streng beperkings op ouer kinders. Dit is duidelik dat waarna ons kyk, wat ons bewonder, aanbid en glo, 'n belangrike impak het op wie ons word.

Die Liggaam Se Effek Op Die Verstand

Die fakulteite van die verstand of intellek funksioneer op sy beste wanneer die liggaam gesond is. Die verstand en liggaam is nie apart nie. Ons het reeds die verstand se effek op die

liggaam bespreek. Maar ons moet ook onthou dat die liggaam die werking van die verstand duidelik beïnvloed. Wanneer fisieke siekte voorkom, word die verstand minder doeltreffend. Wie wil byvoorbeeld finale eksamens aflê met griep en 'n temperatuur van 40 grade?

Die Masjinerie Van Die Brein Kan Defektief Wees

Ons moet nie vergeet nie dat, wanneer ons oor die verstand praat, fisieke afwykings die werking daarvan ook kan benadeel. Die breuk van die mensdom met God het die verstand nie net met selfsug verswak nie, maar dit het ook die brein aan siektes en fisieke afwykings onderwerp.

Alzheimer-siekte en beroerte - sowel as skisofrenie en ander afwykings - beïnvloed die fisiese brein self (die hardeware) en beïnvloed dus die werking van die verstand. Soms is biologiese ingrepe nodig vir die herstel van welstand (om die hardeware te behandel), maar ander kere is sosiale, sielkundige of geestelike ingrepe nodig (om die sagteware te behandel). Dit is wat psigiatrie so uitdagend en opwindend maak.

As psigiater gebruik ek gereeld medisyne om die biochemie van 'n persoon te stabiliseer. Medikasie kan die impak van genetiese of omgewingsdefekte in die brein verminder. Sommige van my Christen-pasiënte sukkel hiermee en ervaar selfs skuld wanneer hulle psigiatriese medikasie neem. 'n Aantal moes al kritiek deur welmenende vriende verduur.

Ek herinner my pasiënte daaraan dat, toe Adam in sonde verval het, het genetiese defekte ons DNA begin binnedring. Ons het, as mense, onderworpe geword aan siekte en die dood. Ons brein werk dus nie so doeltreffend soos Adam s'n toe hy direk uit die hand van God gekom het nie. Ons brein het dikwels verskillende defekte in die werklike molekulêre struktuur en werking van die selle. Die hardeware van ons geestelike rekenaar is af en toe gebrekkig, en medisyne kan soms die werking van die geestelike hardeware verbeter.

'n Onlangse ontdekking wat in die *American Journal of Psychiatry* gepubliseer is, illustreer dit opvallend.¹³ Dr Michael Egan en medewerkers het ontdek dat 'n enkele ewekansige geenmutasie op chromosoom 22 die geheue se funksie verander.ⁱⁱⁱ Medikasie kan vir 'n biologiese swakheid kompenseer, die intensiteit van die ongesonde gevoelens verlaag, en die doeltreffendheid van die brein verbeter. Die *rede* en die *gewete* verkry dan makliker krag om balans in die geestelike prosesse te herstel.

As die verhouding tussen liggaam en verstand erken word, is dit ook redelik om die belangrikheid van 'n gesonde lewenstyl te besef. 'n Gesonde lewenstyl beïnvloed ons geestestoestand direk, want hoe gesonder ons liggaam, hoe gesonder en doeltreffender ons verstand. Omgekeerd, verhoed 'n ongesonde leefstyl ons om ons volle geestelike potensiaal te bereik, omdat dit 'n gesonde breinfunksie ondermyn. Dit is die rede vir die gesondheidswette wat in die Bybel gegee word. God wil hê dat sy mense die gesondste verstand moet hê, maar om dit te bereik, word die gesondste moontlike liggaam vereis.

iii. Die brein bestaan uit biljoene neurone (breinselle) wat in komplekse netwerke gerangskik is. Die individuele breinselle kommunikeer met mekaar deur chemiese seine vry te stel wat neuro-oordragstowwe genoem word. Nadat die sel wat die sein gestuur het sy neuro-oordragstowwe vrygestel het, aktiveer dit vinnig heropnamepompe (soos stofsuiers) om die neuro-oordragstowwe op te suig vir herverpakking en hergebruik. In sommige dele van die brein waar die heropnamepompe skaarser is, bly sommige van die vrygestelde neuro-oordragstowwe in die vloeistof buite die selle. Die brein het ensieme wat ontwerp is om die oorblywende neuro-oordragstowwe te verwyder om 'n oorbelading of opbou te voorkom.

Die prefrontale korteks, die deel van die brein onmiddellik agter die voorkop, is die plek van ons nadenke en redenering. Die prefrontale korteks het minder heropnamepompe, dus meer neuro-oordragstowwe bly buite die selle na stimulasie. Een spesifieke neuro-oordragstof, dopamien, is belangrik vir skerp denke en 'n goeie geheue. Die ensiem wat dopamien afbreek, word Catechol-O-methyltransferase (COMT) genoem. Die geen wat COMT produseer, is op chromosoom 22 geleë. Dr. Egan en medewerkers het ontdek dat 'n ewekansige mutasie van die geen wat COMT op chromosoom 22 maak, die menslike geenpoel binnekom. Daarom kan twee genetiese vorms van die geen gevind word: Een vorm met die aminosuur valien (Val) op posisie 108 op die geen; die ander met die aminosuur metionien (Met) op posisie 108.

Omdat elke persoon twee stelle chromosome het (een van sy moeder en een van sy vader), bestaan daar drie moontlike genetiese kombinasies: Met/Met, Met/Val, Val/Val. Interessant genoeg is die COMT met 'n Met-geen hitesensitief en vertoon dit laer aktiwiteit by liggaamstemperatuur. Daarom het persone met óf die Met/Met óf Met/Val kombinasie laer

aktiwiteit van COMT en gevolglik hoër dopamienvlakke in hul prefrontale korteks as dié met die Val/Val kombinasie. Geheue-toetsing het aan die lig gebring dat persone met die Val/Val-kombinasie slegter vaar op korttermyngeheuetoetse as dié met die Met-geen. En diegene met die Met/Met-kombinasie presteer beter as dié met die Met/Val-kombinasie. Hierdie studie het getoon dat 'n enkele geenmutasie die breinchemie direk kan beïnvloed met die daaropvolgende verandering in geheuefunksie.

Die Balans Versteur

In die vorige twee hoofstukke is 'n model ondersoek van die oorspronklike hiërargiese struktuur van die verstand en hoe die vernietigende element van selfsug die verstand besmet het. In hierdie hoofstuk gaan ons kyk wat gebeur as die verstand in omgekeerde volgorde van sy oorspronklike ontwerp werk. Ons sal ontdek wat gebeur as ons toelaat dat selfsugtige begeertes in beheer is. Ons sal ook voortgaan met ons soeke na hoe om balans te herstel en die verstand te genees.

'n Nuwe Moeder

Stel jouself voor as 'n nuwe moeder. 'n Week het verloop sedert die geboorte van jou eerste kind. Nou is jy alleen tuis, en jou man werk vir 'n week op 'n ander plek. Jy staan vroeg op; sorg vir die baba; werk 'n heeldag om die huis skoon te maak; en om 23:30 kruip jy uitgeput in die bed in.

Om 02:00 begin jou baba, nat en honger, te huil. *Voel* jy lus om uit die bed te klim en jou baba te versorg? Nee, maar jy *redeneer* vinnig deur jou baba se behoeftes en jou verantwoordelikheid teenoor hom of haar. Jou *gewete* oortuig jou van jou plig, en jy gebruik jou *wil* om op te staan en die kind te versorg. Dan gaan jy weer bed toe en slaap die res van die nag.

As jy die volgende oggend opstaan, wat dink jy van jouself? Met 'n gevoel van tevredenheid, werk goed gedoen. Miskien 'n bietjie ouerlike trots. "Ek is 'n goeie moeder." Jou selfbeeld styg effens, jou selfvertroue neem toe en jou algemene gevoel van welstand bly ongeskonde.

Maar laat ons die situasie van heerskappy omkeer, en in plaas daarvan om *rede* en *gewete* te laat lei, laat ons ons *gevoelens* in beheer wees. Dit is 02:00 uur en jou baba begin huil. Jy voel nie lus om op te staan nie, en bly dus lê. As jy met 'n kussing oor jou kop omdraai, herinner jy jouself daaraan hoeveel rus jy nodig het. In werklikheid kan jy tot vir jouself sê dat jy 'n beter ouer sal wees in die oggend, as jy uitgerus sal wees. Die volgende oggend staan jy op om die kind te vind, uitgeput van huil die hele nag en steeds nat en honger. Hoe ervaar jy jouself nou? Gevul met skuld en skaam? Miskien kan jy sulke emosies nie verduur nie, kyk jy na jou kind en

sê: “Dit is alles jou skuld. As dit nie vir jou was nie, sou ek nie in hierdie verknorsing wees nie.”
Wat gebeur met jou selfbeeld? Jou eiewaarde? Het jy 'n groter gevoel van vrede en welstand?

As gevoelens toegelaat word om die Wil te beheer, sal dit altyd tot vernietiging lei.

‘n Rasieleier

Dink aan 'n 16-jarige rasieleier vir 'n hoërskoolvoetbalspan. Sy het ‘n oog op die kaptein van die span. Elke keer as hy verbystap, spring sy 'n bietjie hoër en juig sy 'n bietjie harder, in die hoop dat hy sal oplet. Uiteindelik doen hy dit, en hy vra haar vir ‘n aandjie uit. En op hul heel eerste afspraak probeer hy haar kuisheid skend. Haar *rede* en *gewete* sê albei onmiddellik: “Nee, ek wil dit nie doen nie. Ek is nie daardie soort meisie nie.” Maar haar *gevoelens* is verward en onseker. *Ek wil nie hê hy moet vir my kwaad wees nie, sê sy vir haarself. Ek wil hê dat hy van my moet hou. Ek wil nie verwerp word nie.* En die vrees vir verwerping en die verlange om van gehou te word, laat haar ingee.

As sy op daardie oomblik alleen in die motor, haar *rede* en *gewete* gebruik en hom weier, hoe sal sy dan voel? Ongemaklik, verleë, angstig, gespanne? Maar hoe sal sy gedurende die volgende week, maand en jaar oor haarself voel? Sal haar selfbeeld daal of styg? Sê nou sy laat haar *gevoelens* lei en sy gee in vir sy begeertes deur hom passief toe te laat? Wat sou dan gebeur met haar selfbeeld, selfwaarde en selfvertroue? Alles sal daal. As *gevoelens* oorneem, ontstaan daar altyd onrus en vernietiging.

Dink 'n oomblik na oor jou lewe en besin oor tien van jou betreurenswaardigste optredes - wat jy wens jy ongedaan kan maak of wens dat jy dit nooit gedoen het nie. Hoeveel hiervan het voorgekom ná 'n redelike en pligsgetroue oorsig van die feite en omstandighede? Hoeveel was gebaseer op *gevoelens*? Elke persoon - sonder uitsondering - aan wie ek hierdie vrae gestel het, het toegegee dat laasgenoemde die geval was.

’n Predikantsvrou

Die eerste twee analogieë demonstreer die verwoestende impak op 'n mens se selfbeeld, eiewaarde en selfvertroue wanneer *gevoelens* in beheer is. Sommige mense kan egter argumenteer dat die skade ontstaan het omdat die sedes geskend was, nie net omdat *gevoelens* in beheer was nie.

Ander kan weer argumenteer dat selfs as *gevoelens* in beheer is van besluite wat nie die sedes skend nie, daar niks slegs daaruit sal voorkom nie. As jy daarmee saamstem, oorweeg die verhaal van Ethel.

Die vrou het my kom sien oor haar chroniese gevoelens van depressie, 'n lae selfbeeld en onsekerheid. Omdat sy die vrou van 'n plaaslike predikant was, was sy beskaamd om my dienste te gebruik. Ethel en haar man was byna dertig jaar in die bediening en het baie kerke bedien. As vrou van die predikant het sy meermale raad aan sukkelende kerklidmate gegee, maar nou kon sy nie vrede vir haar eie hart vind nie.

Sy het beskryf hoe sy deur streng, maar liefdevolle ouers in 'n godsdienstige huishouding grootgeword het. Terwyl sy geen gevalle van klassieke mishandeling in haar kindershuis kon identifiseer nie, het haar ouers haar gedrag streng gereguleer en haar gekritiseer vir enige aktiwiteite wat van hul ideale afgedwaal het. Hulle het Ethel nooit aangemoedig om vrae te vra of vir haarself te dink nie. In plaas daarvan word daar aan haar gesê om bloot haar ouers en God se voorskrifte te volg.

Sy het grootgeword om uiters sensitief te wees vir kritiek, en het altyd ander se goedkeuring en aanvaarding gesoek. Maar dit het dit egter vir haar bykans onmoontlik gemaak om haar gedagtes uit te spreek of vir haarself op te staan, in geval sy iemand aanstoot sou gee en dan verwerping in die gesig staar.

Ethel was vriendelik, geduldig, vrygewig en oor die algemeen was sy geliefd en gerespekteer deur almal. Niemand in haar kerk kon onthou dat sy ooit onbeskof of onvriendelik was nie. Tog het die vrou eensaam, geïsoleerd, sonder waardering en depressief gevoel. Ondanks haar jarelange diens aan ander en dat sy die wil van God gedoen het, kon sy nie verstaan hoekom sy aan chroniese onsekerheid en 'n lae selfbeeld gely het nie.

Tydens ons sessies saam, het Ethel 'n voorval beskryf wat die onderliggende probleem in haar lewe aan die lig gebring het. Sy het 'n paar klasse by 'n plaaslike kollege geneem en het op die Donderdag finale eksamens moes aflê. Sy het beplan om Woensdagaand van die eksamenweek opsy te sit vir haar finale studievoorbereiding. Dinsdag van die eksamenweek het Doris, die kerk-orrelis, gebel om haar in te lig dat sy nie die orrel kon speel vir die middel van die week-diens nie en gevra of Ethel sal speel.

Haar *rede* en *gewete* het Ethel onmiddellik die gevolgtrekking laat maak dat sy Woensdagaand moes studeer en dat sy nie die orrel vir die kerk kon speel nie. Maar net so vinnig lyk dit asof 'n stroom gevoelens haar oorweldig: *Ek wil nie hê dat Doris kwaad vir my moet wees nie. Ek wil hê dat sy van my moet hou. Sy kan dalk dink dat ek nie die kerk en my man se bediening ondersteun nie.* Op grond van haar vrees vir verwerping en wat ander sou kon dink, het Ethel besluit om haar studieplanne te kanselleer en eerder die orrel te speel.

Wat het geword van Ethel se selfbeeld? selfvertroue? eiewaarde? Almal het geval. Nie omdat die orrel speel by die kerk immoreel is nie – om die waarheid te sê, is dit 'n gesonde aktiwiteit as dit vir die regte redes gedoen word. Maar haar selfbeeld het gesink omdat sy 'n besluit geneem het gebaseer op gevoelens van vrees en onsekerheid, nie op waarheid en feite nie. Sy het teen haar eie oordeel gegaan en toegelaat dat emosies van vrees en onsekerheid haar beheer. In haar eie gedagtes het sy haarself as swak en wankelend ervaar. Gevolglik het sy respek vir haarself verloor.

Gelukkig het Ethel gou haar jarelange patroon van ongesonde besluitneming erken. Vir jare het sy haar antwoorde gebaseer op wat sy gedink het ander sal behaag eerder as op wat sy dink die redelikste en gesondste sou wees. Sy het besef dat sy nie die vermoë ontwikkel het om vir haarself te redeneer nie, maar dat sy ander toegelaat het om vir haar te dink. Dit het gelei tot 'n voortdurende siklus van verlaagde selfbeeld, wat 'n groeiende behoefte aan goedkeuring van ander tot gevolg gehad het. Dit het ook gelei tot 'n toenemende vrees vir verwerping, wat op sy beurt meer vreesgebaseerde besluitneming en 'n steeds laer selfbeeld tot gevolg gehad het. Toe Ethel die afkeur of teleurstelling van ander begin verdra en besluite neem wat redelik en gesond was - bloot omdat *dit redelik en gesond was* - het haar selfbeeld en eiewaarde begin toeneem.

Wat het haar in staat gestel om te verander? God, as die bron van alle waarheid, het die waarheid oral om haar laat skyn. Maar waarheid is nutteloos tensy dit verstaan en toegepas word. Ethel het haar *rede* en *gewete* begin beoefen deur vir haarself te dink en vir haarself gevolgtrekkings te maak. Sy het die waarheid begin soek en in haar lewe toegepas deur haar *wil* te beoefen om vir haarself op te tree en haar eie keuses te maak, ongeag wat ander gedink het. Met ander woorde, sy was bewus van haar gevoelens van vrees, seerkry, eensaamheid en verlange na goedkeuring, maar het erken dat die voortgesette oorgee aan sulke emosies haar probleme net laat voortduur. Dat die

voortdurende oorgee aan haar *gevoelens* 'n verwerping van die waarheid was, en net haar genesing verhoed. Die onderstaande diagram illustreer hierdie stryd.




Figure 4. Die Toestand Van Die Verstand Na Sonde en Na Bekering

“Is Ek Veronderstel Om Voor Te Gee Dat Ek Nie Gevoelens Het Nie?”

Baie van my pasiënte het 'n baie moeilike tyd om vas te stel dat die *rede* en *gewete* die bestuur van die *wil* bepaal omdat hulle *gevoelens* so sterk is, en omdat hulle dit hul hele lewe afhanklik gemaak het as die basis vir hul besluitneming. Hulle sê gereeld vir my dat dit nie werklik is totdat hulle reg voel oor iets nie. Met 'n gevoel van desperaatheid vra hulle: “Moet ek voorgee dat ek nie gevoelens het nie?”

Glad nie. Onthou jy die analogie waarin jy pas met jou nuwe baba huis toe gekom het? Plaas jouself weer tuis om 02:00 met jou nuwe baba. Hierdie keer, in plaas daarvan dat die kind huil, lui

die telefoon, en dit is jou beste vriendin wat by 'n deurnagfliek is en wil hê dat jy moet saamgaan. Jou gevoelens skree vinnig: “Nee! Ek moet slaap!” Jou *rede* ondersoek jou gevoelens onmiddellik na aanleiding van die omstandighede. Met 'n duidelike *gewete*, weier jy die aanbod, is jou gevoelens tevrede en kan jy weer gaan slaap. Let egter op, selfs in hierdie situasie, dat *gevoelens* nie in beheer is nie. *Rede* en *gewete* neem die besluit gebaseer op feite, getuienis en waarheid, aangesien jy, gegewe die huidige omstandighede, besluit wat die redelikste en toepaslikste is.

Ek herinner my pasiënte daaraan dat gevoelens soos data is, inligting wat ons met die *rede* en die *gewete* moet laat evalueer en daarop moet reageer, nie net op die gevoelens self gebaseer nie, maar op die feite, bewyse, waarheid en omstandighede wat met die gevoel verband hou.

Gevoelens Kan lieg!

Wat al my pasiënte hoofsaaklik nie besef wanneer hulle my die eerste keer besoek nie, is dat *gevoelens kan lieg!* So baie mense glo verkeerdelik dat as dit reg *voel*, dit reg moet *wees*. Maar die Bybel sê in Jakobus 1:13, 14: “Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid (of gevoelens (NIV)) weggesleep en verlok word.” Die Bybelvers lig ons in dat dit deur ons *gevoelens* is hoe ons die meeste tot dwaling gelei word.

Alice was desperaat toe sy opdaag vir haar eerste afspraak. Haar hare was blond, krullerig en het in alle rigtings uitgestaan, en haar grimering was te swaar. Sy was matig oorgewig, en het jeans gedra wat twee groottes te klein vir haar was, met 'n oortrektrui wat 'n prent van 'n skitterende monstervragmotor op gehad het. Sy het helderrooi naellak en lipstiffie aangehad wat verder as die rand van haar lippe gestrek het. Elke hand het ten minste sewe ringe gehad, met twee wenkbrouinge bokant haar regteroog, en veelvuldige klein oorkrabbetjies aan elke oor. Sy het na tabak geruik en het omtrent 50 gelyk, maar eintlik was sy maar net 37 jaar oud.

In ons eerste sessies was haar kommentaar moeilik om te volg, soos sy van onderwerp tot onderwerp en probleem tot probleem spring. Elke keer as ons probeer om 'n probleem te hanteer, sou sy dadelik nog 'n paar aanbied in 'n wanhopige en hopelose vertelling. Haar lewe was chaoties sonder enige fokus en geen bewyse van selfbeheersing nie. Sy het gedoen net soos haar *gevoelens*

haar gemotiveer het om te doen. Getroud met haar derde man en met drie kinders het sy haar lewe as ellendig beskou, maar sy het geen idee gehad hoe sy dit kon verbeter nie. Sy het gely aan 'n buitengewone lae selfbeeld en chroniese waardeloosheidsgevoelens, en sy kon nie 'n tyd onthou dat sy ooit gelukkig was of vrede in haarself gehad het nie.

Nadat ek die hiërargie van die verstand met Alice gedeel het en die belangrikheid van feit-gebaseerde eerder as gevoelgebaseerde besluitneming, het sy die beginsels begin begryp en 'n klein bietjie vordering gemaak. Ongelukkig, net toe dit lyk asof sy regtig verbetering begin toon, het dit gelyk asof alles uitmekaar val.

Op 'n dag het sy haar aantrekkingskrag vir die man van haar beste vriend bekendgemaak. Sy het gesê dat sy baie graag 'n verhouding met hom wou hê, iets wat sy gedurende die hele sessie verskeie kere herhaal het: “Maar dr Jennings, dit sal so goed voel.” Dus het ek 'n paar werklikheidsgebaseerde vrae aan haar begin vra.

“Sal dit goed *wees* vir jou man as jy 'n verhouding met die man van jou beste vriendin het?”

“Nee.”

“Sal dit goed *wees* vir jou beste vriendin as jy 'n verhouding met haar man het?” Weer het sy nee geantwoord. “Sal dit goed *wees* vir jou kinders? Of haar kinders? En laastens, sou dit goed *wees* vir jou en die ander man?” Sy elke keer onwillig “nee” geantwoord.

Teen hierdie tyd het sy besef dat sy tussen twee opsies moet kies: Sy kan die feite aanvaar wat die *rede* en die *gewete* bepaal het die gesondste sou wees, wat daartoe sou lei dat sy nie so 'n saak wou deurvoer nie. Of sy kon volgens haar gevoelens kies om met die onverstandige verhouding te begin.

Wat dink jy sou met haar selfbeeld, haar selfvertroue en eiewaarde gebeur as sy die verhouding gehad het? Wat dink jy sou met haar gemoedstemming gebeur? Alice het met haar besluit gesukkel, maar het uiteindelik besluit om *rede* en *gewete* te volg. Sy het besluit om haar *wil* te beoefen en nie met die verhouding aan te gaan nie. Raai wat? Binne twee weke het haar gevoelens teenoor die man heeltemal verdwyn, en haar vlak van selfvertroue het aanhou klim.

“Niemand het uit die natuur die reg ontvang om opdragte aan ander te gee nie. Vryheid is 'n geskenk uit die hemel, en elke individu van dieselfde spesie het die reg om dit te geniet sodra hy van sy rede gebruik maak.”—Denis Diderot

Die Wet van Vryheid

Joni het soos 'n bang kind gelyk - seergemaak, wat verlang na troos, om hulp, maar tog bang om uit te reik, bang om weer seergemaak te word. Haar hande het senuweeagtig gebewe en haar donker oë het heen en weer gekyk, duidelik om my blik te vermy. Die opvallende kenmerke van die 23-jarige vrou het spore van kinderlike onskuld getoon wat versteek is agter 'n muur van pyn en angs. Sy het sag en huiwerig gepraat, haar stem het gebewe. Terwyl ek haar in die gang na my kantoor begelei, het ek gedink: *Wat sou sy my vertel? Wat kon haar so pla? Waarom het sy so bang gelyk, so onseker?*

Sy het my kantoor binnegekom en onmiddellik gebroke begin huil. Tranerig het sy beskryf hoe sy eens 'n spontane, lewendige, jong vrou was wat niks daarvan gedink het om haar vriende te organiseer vir 'n naweekuitstappie, of om 'n aanbieding by die skool te hou nie. Met 'n effense glimlag vertel sy dat sy president van haar senior klas was. Sy onthou toe sy gewild, energiek en liefdevol was, maar dit alles het verander toe sy op 19-jarige ouderdom met haar liefling van die hoërskool getroud is. Gedurende die eerste paar maande het hul verhouding perfek gelyk, maar kort ná die wittebrood het haar man begin drink, en hy het toenemend veeleisender, meer krities en oorheersend geword.

As Joni met een van haar vriende wou uitgaan, het hy haar verbied, en as sy probeer het om sy eise te weerstaan, het hy vyandig en dreigend geword. Telkens wanneer hy die gedagte kry, beveel hy haar - ongeag wat sy besig was om te doen - om uit te trek en te gaan lê waar sy was, sodat hy homself kon bevredig. As sy nee gesê het, het hy haar aangerand. Uiteindelik het sy opgehou om weerstand te bied en in plaas daarvan ingegee wanneer hy beveel het.

Toe Joni my kom sien het, was sy depressief, verward, onseker, onseker, bang, ongelukkig en sonder hoop. Die ontstellende verandering in haar huwelik het haar heeltemal gedemoraliseer. Sy kon nie verstaan wat verkeerd geloop het nie, en ook nie wat om daaraan te doen nie.

In hierdie heelal het ons 'n wet - georden deur God Homself - wat die wet van vryheid genoem word. Dit is nie 'n reël of 'n wetgewing of 'n arbitrêre opdrag van 'n magtige heerser nie.

Inteendeel, dit is 'n universele werklikheid, soos met die wet van swaartekrag. Dink aan die wet van swaartekrag. Jy hoef nie daarvan te weet vir dit om te werk nie. Jy hoef ook nie in die wet van swaartekrag te glo om die gevolge daarvan te ervaar nie. In werklikheid kan jy selfs ontken dat dit enigsins bestaan. Maar as jy met die hysbak na die top van die Empire State-gebou ry, verklaar dat daar nie iets soos die wet van swaartekrag bestaan nie, en dan afspring, sal jy jouself vinnig onder die jurisdiksie van die wet bevind, waarvan jy die werklikheid ontken. Oortreding van die swaartekragwet het gepaardgaande gevolge, ongeag of 'n mens dit verwag al dan nie.

Die vryheidswet werk op 'n soortgelyke manier, ongeag of 'n mens dit glo, erken of herken. En oortredings van die wet op vryheid lei altyd tot nadelige gevolge op baie voorspelbare maniere.

'n Voorstel Sonder Vryheid

Stel jou voor die geval van 'n jongmeisie wat met die man van haar drome uitgaan. Eendag nadat hulle mekaar al etlike maande ken, neem hy haar na 'n spesiale restaurant en hulle gaan dan vir 'n romantiese wandeling in die tuin. Met sagte musiek op die agtergrond, kniel hy en vra haar om met hom te trou.

Die jong vrou besef die belangrikheid van die besluit en vra 'n paar oomblikke om na te dink oor haar antwoord. Haar huiwerigheid maak hom onseker, hy steek sy hand in sy sak, haal 'n pistool uit, rig dit op haar en sê: “Kyk, ek het jou uitgeneem, vir jou blomme en geskenke gekoop en my tyd en geld aan jou gespandeer. Nou beter jy met my trou, en jy beter my liefhê, want as jy dit nie doen nie, skiet ek jou net daar waar jy staan.”

Wat dink jy gebeur in die jongmeisie se hart? “O! Jy is die sterk man waarop ek gewag het?” Natuurlik nie. Ons besef almal dat sulke behandeling vrees, afkeer en walging sou veroorsaak, wat uiteindelik opstand sou veroorsaak. Sy wil so gou moontlik van hom af wegkom.

Ons illustrasie toon die eerste twee voorspelbare gevolge wat ontstaan as iemand die wet van vryheid oortree: *Dit vernietig altyd liefde en lei tot rebellie*. Dit gebeur oral waar en onder watter omstandighede ons vryhede geskend word.

Lasagne

Dink aan 'n vrou wat haar man met sy gunstelinggereg wil verras. Nadat sy 'n paar uur gewerk het om die spesiale lasagne voor te berei wat sy weet waarvan hy hou, plaas sy dit in die oond sodat dit gereed sal wees as hy van die werk af tuis kom.

Maar op pad huis toe bel hy sy vrou en kondig aan: “Ek het 'n aaklige dag by die werk gehad. Ek wil lasagne hê, gaan dus kombuis toe en maak dit. En dit beter reg wees as ek by die huis kom.” Hy wag nie op 'n antwoord nie.

Watter tipe reaksie sou jy van die vrou verwag? Sy weet dat die lasagne al in die oond gaarword. Dink jy dat sy dit nou sou wou uitgooi? Sou die oortreding van haar vryheid deur haar man 'n rebelse reaksie veroorsaak? Liefde vergaan en rebellie ontstaan wanneer vryheid geskend word.

“Ek Sal ‘n Coke Drink”

Stel jou voor dat jy saam met jou man in 'n restaurant is. Die kelnerin vra wat jy wil drink. Jy antwoord, “'n Coke asseblief.” Maar onmiddellik sê jou man: “Nee, sy kan nie Coke hê nie - bring vir haar melk.” Hoe sou jy reageer? Sou hierdie vryheidskending die liefde verhoog of verminder? Sou jy vind dat jy nader aan jou gade getrek of weggestoot word?

Alle oortredings van die wet op vryheid het dieselfde resultaat: Die vernietiging van liefde en die opwekking van rebellie. Die enigste veranderlike is in die graad. Groter skendings van vryheid het meer verwoestende gevolge. In die geval van swaartekrag, tuimel van 'n vier duim randsteen af en jy kan dalk net 'n enkel verswik. Maar val van 'n gebou van 40 voet af, en jy sal waarskynlik sterf. Die swaartekragwet is van toepassing op elke geval, die enigste veranderlike is die mate van skade wat voorkom.

Waarom Het God Soveel Krag Gebruik?

God het baie gedoen om aan ons te toon dat vryheidskending die liefde nie herstel nie. Een keer het Hy sy mag gebruik om die hele wêreld met 'n vloed te vernietig (Gen. 6-11). Dit was 'n ongelooflike gebruik van mag, maar het God gekry wat Hy wou hê? Het dit gelei tot lojaliteit en

herstel van eenheid met die mensdom? Na die sondvloed, waarom het hulle die toring van Babel gebou? Omdat hulle nie geglo het dat daar 'n God is nie, of omdat hulle Hom nie vertrou het om die wêreld ooit weer te vernietig nie?

God het sy mag gebruik om die eersgeborenes van Egipte dood te maak (Ex. 11:1-12:30) en dan die leër van Farao in die see te oorweldig (Ex. 14:23-28). Die Here het uit Sinai gedonder met groot magtige vertoon, en al die kinders van Israel was bang (Ex. 20:18, 19). Was eenheid herstel, toe God sy mag op sulke maniere gedemonstreer het? Of het opstand gevolg en het die Hebreërs 'n goue kalf veertig dae later aanbid (Ex. 32:1-8)?

Op die berg Karmel het Elia vuur uit die hemel laat neerdaal, en die hele volk het op hul aangesig geval en uitgeroep: “Die Here, Hy is God, die Here, Hy is God!” (1 Konings 18:39). Maar reageer die volk Israel na daardie ontsaglike mag met ewige lojaliteit en getrouheid? Of het hulle reageer met herhalende opstand en afgodediens (sien die boeke Jesaja, Jeremia, Amos, Hosea en Miga)?

God sê deur die profeet Sagaria: “Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here” (Sag. 4:6). En hoe werk die Gees? Deur liefde, waarheid en vryheid. Dit is deur waarheid in liefde te openbaar en ons vry te laat om tot ons eie gevolgtrekking te kom dat God die hart wen (Efés. 4:15).

Liefde Vereis Vryheid

Toe Lucifer in opstand gekom het (sien Jes. 14; Eseg. 28), het God nie sy mag gebruik om die engel te dwing om te konformeer nie. God het nie sy mag gebruik om te straf en te vernietig nie. In plaas daarvan het Hy geweld vermy, want dit is in stryd met sy metodes en beginsels. In sy alwetendheid besef God dat die gebruik van dwang slegs groter opstand aanlok. Dit herstel nie eenheid en harmonie of liefde nie. Liefde vereis vryheid.

Noodmaatreëls

Kom ons keer terug na die gevoel van waardeloosheid. Watter bewyse het ons vir so 'n gevolgtrekking? Op die mees fundamentele vlak is die samestellende chemikalieë in ons liggame ongeveer R325 werd. Baie mense kan elke week hul bloedplasma vir R400 verkoop. Hoeveel betaal mense vir jou dienste by die werk? Hoeveel het jy en ander in jou opleiding belê? Sulke eenvoudige voorbeelde lewer klein bewyse dat die gevoel van waardeloosheid nie akkuraat is nie. Maar die belangrikste ondersteuning van ons waarde kom wanneer ons vra: "Wie is Jesus Christus?" Die Seun van God. "Hoeveel is Hy werd?" Alles. Onskatbaar. "Het Hy, of het Hy nie, sy lewe vir jou gegee nie?" Ja Hy het!

Dit is 'n bewys, nie bloot eise nie! Jesus het nie bloot verkondig hoeveel jy werd is nie. Hy het getuienis gelewer - Hy het sy lewe opgeoffer. Jou *rede* en *gewete* herken nou die bewyse wat jou waarde demonstreer, maar jou gevoelens hou steeds daarby dat jy waardeloos is. En reg in die middel, tussen die twee, is die *wil*. Jy moet besluit. Wat sal jy *kies* om te glo: die bewyse of jou gevoelens?

Alles Hang Af Van Die Regte Optrede Van Die Wil

Dit is noodsaaklik om die belangrikheid van die *wil* te erken. Alles hang af van die regte aksie van die *wil*, want dit is die denkpatroon wat kies. Dink daaraan toe Satan Christus na die kruin van die tempel geneem het. Die duiwel het Hom versoek om Homself daarvandaan af te gooi. Satan kon Christus nie afstoot nie - Hy moes self die besluit neem. Dieselfde geld vir ons eie konflik met Satan. Hy kan nooit die *wil* dwing nie. Ons moet eerder *kies* om ons aan sy voorstelle oor te gee. Dit geld selfs as die versoeking van binne onself kom. Die boek Jakobus sê vir ons dat, as ons in versoeking kom, “Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: ‘Ek word deur God versoek nie.’ Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.” (Jakobus 1:13-15).

Jakobus beskryf hier die krag van die *wil*. Dit is eers nadat die interne begeerte gewek word dat dit sondig [vernietigend] word. Die opvatting van die begeerte vind plaas wanneer die *wil* die begeerte kies - wanneer die *wil* ja sê daarvoor. Dit maak nie saak of jy die aksie daadwerklik uitvoer nie. As die *wil* ja sê, maar jy doen nooit die daad nie, is die verstand steeds beskadig, die *gewete* gekneus en die *rede* vertroebel.

Stel jou voor dat, terwyl jy by die kruideniersware-betaalpunt staan, die kassier wegdraai om na iets om te sien. Terwyl jy afkyk en die kasregister sien oopgaan, kom 'n gedagte by jou op: *Ek kan daardie geld sekerlik goed gebruik*. Die volgende oomblik besluit jy om jou hand uit te steek en 'n handvol geld te gryp. Maar net soos jou arm reageer op die instruksies van jou brein, keer die kassier terug na haar pos, sodat jy skielik jou voorneme kanselleer en niks neem nie.

Wat gebeur in jou gedagtes (verstand)? Omdat jy die keuse gemaak het om te steel, het jy jou karakter tot 'n mate gedruk in die rigting van 'n dief s'n, alhoewel dae nooit die gedagte voltooi het nie. Dit sal die volgende keer moeiliker wees om so 'n versoeking te weerstaan. As die proses homself lank genoeg herhaal, verloor jy uiteindelik die vermoë om die reg van die verkeerde te onderskei; die gesonde van die ongesonde. *Rede* en *gewete* word stadigaan vernietig.

Gevoelens Verdamp Nie Net Nie

Kom ons keer terug na ons bespreking van waardeloosheid. Die keuse om die bewyse te glo, veroorsaak nie dat die waardeloosheidsin onmiddellik verdamp nie. Maar dit laat Jane toe om dit uit 'n posisie van selfvertroue en krag te hanteer. Sy kan seker wees dat sy waardevol is, selfs al voel sy op die oomblik waardeloos, om daarom moedeloosheid en hopeloosheid te vermy. Nadat sy haar waarde erken het, kon sy die volgende stap neem om te evalueer waar die onakkurate gevoel van waardeloosheid ontstaan het.

Terwyl ek na my kantoorvenster beweeg, wys ek na die heuwels in die verte en vra aan haar: “As 'n ligfakkel oor die heuwels uitbars, en ek vra jou wat daar aangaan, wat sou jy sê?”

“Ek weet nie,” antwoord sy. “Ek sal moet gaan kyk.” Presies! Gevoelens is soos sielkundige ligfakkels. Hulle verskyn en vertel ons dat daar iets in 'n sekere rigting gebeur, maar ons weet nie wat voordat ons ondersoek instel nie. As 'n ligfakkel bokant die heuwels oos van my kantoor afgaan, terwyl ons nie die oorsaak daarvan weet nie, sal ons weet dat dit nie iets in die weste, suide of noorde is nie. Wat ook al die probleem was, dit het in die ooste gebeur.

Wanneer 'n gevoel van waardeloosheid in iemand se gedagtes opkom, weet hulle deur 'n hersiening van die bewyse dat dit nie 'n gevolgtrekking is gebaseer op werklike waardeloosheid nie. Met groot sekerheid besef hulle dat die getuienis hul werklike waarde openbaar. Hulle besef ook dat watter gevoel homself as waardeloos vermom, dit nie afkomstig is van 'n bron van positiewe gevoelens nie (soos geluk, vreugde, opgewondenheid of romanse), maar van iets negatiefs en onaangenaam. En dit is hier waar elke individu sy eie unieke probleme begin ontbloot wat aanleiding gee tot die gevoel van waardeloosheid, of dit nou verwerping is van 'n kêrel of vriendin wat die verhouding verbreek het, of van 'n gevoel van mislukking wat gepaard gaan met egskeiding.

Om gevoelens te verhoog tot die *rede* en *gewete* vir ondersoek en uitpluis in die lig van die feite, bewyse en waarheid, en om dan die waarheid te volg, sal altyd orde herstel en vrede in die gemoed bring. Die grootste stryd is om waarheid te waardeer omdat dit waar *is*, nie net omdat dit waar *voel* nie.

Hierdie Diamante Is Waardeloos

In Jane se geval het sy ontdek dat sy waardeloos voel omdat sy nooit ervaar het dat haar ouers haar waardeer nie. Sy het geglo dat hulle teleurgesteld was in haar. Jane het haar gevolgtrekkings gemaak uit haar skatting van die opinie van haar ouers, nie uit die werklikheid self nie.

Om haar te help om haar situasie te herken, het ek haar gevra om haar voor te stel dat ek 'n handvol regte diamante van meer as 13 miljoen rand aan haar ouers voorgehou het. In hul verbasing kyk haar ouers na die diamante en roep uit: “Dit is belaglik. Niemand sou diamante weggee nie. Dit is niks anders as gesnyde glas nie.” Daarom gooi hulle die edelgesteentes in die asblik. Met hierdie scenario in Jane se gedagtes, stel ek die volgende vraag: “Omdat jou ouers dink dat die diamante waardeloos is, maak dit hulle waardeloos?” Toe sy nee sê, kyk ek na haar en sê, “Jy is die diamant! Jou ouers se opinie verander nie jou waarde nie!”

Toe stel ek iets anders voorvir haar om te oorweeg. Ek oorhandig R200 noot aan haar en vra haar of dit enige waarde het. “Ja,” het sy geantwoord. Wat gebeur as ek dit opfrommel? Sal dit minder werd wees? Sy skud haar kop om nee te sê. Of as ek daarop trap en dit vol modder word - sou dit minder werd wees? Weer het sy “nee” geantwoord. Toe het ek gesê, “Dit is jy. Dit maak nie saak of jy opgefommel gevoel het, op getrap was of vuil gevoel het nie, jou waarde het nie verander nie.”

Gevoelens is uiters onbetroubaar en sal lei op vernietigende paaië as dit nie eers bevestig of verwerp word nie deur 'n redelike evaluering van die bewyse.

Kom ons ondersoek nog 'n ander gevoel: Skuldgevoelens. Skuld is vernietigend en word soms verkeerd hanteer omdat daar twee soorte skuld is - gepas en onvanpas.

Gepaste Skuldgevoelens

Gepaste skuldgevoelens kom voor wanneer ons iets verkeerd doen - iets uit harmonie met die wet van liefde en vryheid, soos om van ons naaste te steel. Dit is 'n gevoel van oortuiging of selfoordeel wat die gevolg is van die Heilige Gees wat ons *gewete* direk beïndruk en deur ons eie evaluering van ons gedrag. Die manier waarop ons wettige skuld oplos, is deur berou ('n hartsverandering, nie net eenvoudige belydenis nie) en herstel. As jou skuldgevoelens ervaar

nadat jy geld van jou buurman gesteel het, is die enigste manier om dit op te los deur jammer te kry en dan na jou buurman te gaan en terug te betaal wat jy geneem het.

Onvanpaste skuldgevoelens – Tipe I

Die probleem met onvanpaste skuldgevoelens is dat berou en herstel dit nie oplos nie, want daar is niks om van te bekeer of te herstel nie. Maar omdat onvanpaste skuld net soos gepaste skuld *voel*, probeer die meeste mense om onvanpaste skuld op dieselfde manier te hanteer as gepaste vorme van dit. Maar dit werk nie net nie, dit maak sake eintlik erger.

Onvanpaste skuldgevoelens kom byvoorbeeld voor as 'n vrou van die werk af kom en sy vind haar man in 'n slegte bui. Terwyl hy kerm en kla, voel die vrou skuldig en probeer sy reg te maak deur berou en herstel te toon - al het sy niks gedoen om die gedrag van haar man te veroorsaak nie. “Ek is jammer, wat kan ek doen.” Maar haar reaksie werk nooit nie, omdat sy niks gedoen het waarvoor sy berou hoef te hê nie en dat sy ook nie die vermoë het om te herstel wat sy nie geneem het nie.

Die poging om onvanpaste skuld op hierdie manier te hanteer, vertraag altyd die oplossing van die probleem. Deur onvanpaste skuld te aanvaar en om berou en herstel te probeer hê, aanvaar en ondersteun 'n mens 'n leuen, 'n onwaarheid, wat die man in die geval hierbo toelaat om sy vrou vir die onvanpaste gedrag te blameer. In plaas daarvan dat die man sy onbeskoftheid aan sy eggenoot erken, verantwoordelikheid daarvoor neem en regstel, neem die vrou die verantwoordelikheid vir die slegte bui van die man. So 'n reaksie los nooit die situasie op nie, maar oortree in werklikheid die wet van vryheid, aangesien die vrou gyselaar gehou word deur die gemoedstoestand van die man.

Die manier om onvanpaste skuld te hanteer, is deur die waarheid te konfronteer. Stap terug en vra jouself: “Het ek iets verkeerd of onvanpas gedoen?” Erken dan die waarheid en pas die wet van vryheid toe. “Ek het niks verkeerd gedoen nie. Al is ek jammer dat my man in 'n slegte bui is, is hy vry om daarop te broei as hy dan moet broei. Ek sal meegevoel hê, hom laat weet dat ek hom liefhet, maar nie verantwoordelikheid aanvaar om dit reg te stel nie. Hy is verantwoordelik vir sy eie buie.”

Ons moet bereid wees om ander dikmond te laat wees, om hulle te laat huil, seer te kry, kwaad of ontsteld te wees sonder om verskoning te vra of dit te probeer regmaak, as daar in werklikheid geen verkeerde ding gedoen is nie. Die instelling van onvanpaste skuld is 'n al te algemene oortreding van die vryheidswet wat deur sommige gebruik word as 'n manier om ander te manipuleer en te beheer. Dit is deur die *rede* en die *gewete* te gebruik om die getuienis te evalueer en die waarheid toe te pas, dat 'n mens vermy om deur sulke gevoelens vasgevang te word.

Onvanpaste Skuldgevoelens – Tipe II

Kom ons oorweeg nog 'n ander bron van onvanpaste skuld; een wat baie subtiel is, skadelik, en heeltemal te algemeen voorkom.

Ek het Jeff vir die eerste keer ontmoet by die *Veterans Affairs Medical Center* in Augusta Georgia, nadat sy dokter hom daar toegelaat het om die man se chroniese gewigsverlies, naarheid en abdominale pyn in die chirurgie-mediese saal te evalueer. Sy fisiese simptome was as gevolg van jarelange alkoholmisbruik. Jeff het vir 30 jaar gedrink in 'n poging om van die verlede te vergeet en van sy chroniese skuldgevoelens ontslae te raak. Hoeveel hy nou al gedrink het, het die skuld gebly.

Jeff was 'n vlieënier in die Vietnam-oorlog en het deelgeneem aan vele vegvlugte en het moontlik baie soldate van die vyand gedood. Hy het nooit skuld daarvoor ervaar nie, omdat hy geweet het dat hy die lewens van sy eie soldate gered het. Een geval het egter aanhoudend by hom gespook, en hy kon dit nie uit sy gedagtes kry nie, hoe hard hy ookal probeer het.

Jeff het 'n vegvlug beskryf waar hy 'n wapenopslagplek moes gaan vernietig wat die Vietcong in 'n weeshuis gestoor het. Die plan was dat voetsoldate voor die aanval die weeshuis moes ontruim. Soos Jeff sy teiken genader het, het hy bevestiging van die weeskinders se ontruiming van die gebou ontvang, en het hy die gebou wat die wapens bevat, met bomme bestook.

Toe hy egter by sy basis terugkom, ontdek hy dat hy valse inligting ontvang het. Ontruiming van die weeshuis het nie plaasgevind nie, en baie kinders het gesterf. Geskok, het Jeff homself daarvoor blameer. Hy het homself beskou as 'n baba-moordenaar, 'n bose persoon.

Ek moes die plek nie gebom het nie. Ek moes geweet het, het hy aanhoudend gedink. Oorgeneem deur skuld, het hy homself gehaat.

Was sy skuld toepaslik? Jeff se gedagtes oor homself was nie akkuraat of eerlik nie. Hy het homself beskou asof hy geweet het dat die kinders nie uit die weeshuis verwyder was nie – homself geoordeel op die resultate van die aksie, eerder as op sy motiewe, keuses en voorneme. Met ander woorde, hy het gereageer asof dit sy bedoeling was om die kinders dood te maak, asof hy moes geweet het dat die opdrag wat hy ontvang het, vals was. Terwyl die resultaat tragies was, was sy besluit en aksie op daardie tydstip heeltemal toepaslik. Sy skuld was misplaas.

Beskou jousef as 'n brandweerman wat verantwoordelik is vir plofbare brandonderdrukking. (Groot brande word soms geblus deur 'n ontploffing wat alle beskikbare suurstof verbrand en die vuur blus). 'n Gebou is aan die brand, en diegene wat daarteen veg, bepaal dat die enigste manier om die vlamme te blus, deur 'n ontploffing is.

Jy is verantwoordelik om die lading te stel, terwyl ander brandweermanne die gebou skoonmaak. Nadat jy die ladings gestel het, kry jy die “alles gereed” om die ladings te laat ontplof, en doen dit dan ook. Daarna is dit egter ontdek dat verskeie kinders nie ontruim is nie en weens die ontploffing omgekom het. Sou jy skuldig voel? Het jy iets verkeerd gedoen? Ongewenste uitkomst kom soms in hierdie lewe voor, selfs as ons ons bes doen. Ongelukkig beoordeel ons onself te dikwels volgens die uitslag eerder as die bedoeling.

Skuld En Hartseer Is Nie Dieselfde Nie

John was 43 jaar oud, met bruin hare en 'n medium bouvorm. Sy gefronse voorkop en donker kringe onder sy oë was die gevolg dat hy 20 jaar lank aan depressie gely het - sedert die dood van sy 3-jarige seun. Tydens ons gesprekke vertel hy hoe sy seun twee dekades tevore siek geword het met 'n hoë koors en geïrriteerdheid, en daarom het hy hom na sy kinderarts geneem. Die dokter het aan John gesê dat dit 'n oorinfeksie was, het die kind antibiotika gegee en huis toe gestuur.

By die huis het die toestand van sy seun vererger, die koors het toegeneem en hy het opgegooi. John het die kind na 'n nabygeleë noodkamer geneem, waar die personeel weer vir die vader gesê het dat sy seun 'n oorinfeksie gehad het, hulle gerus gestel het, en huis toe gestuur het.

Later die aand het sy seun se toestand vererger. Dit het gevoel asof sy vel aan die brand was, en hy het al hoe minder gereageer, en John het hom weer na die noodkamer gehaas. Hierdie keer het die dokters ontdek dat die seun breinvliesontsteking het. Maar omdat sy toestand so gevorderd was, is hy later die nag dood.

Hy was absoluut stukkend en het homself blameer. Hy was belas met chroniese, onophoudelike skuld. Hy het homself gedurig verwyrt. “Ek moes geweet het. Ek het geweet iets is fout. Ek moes nie na die dokters geluister het nie. Ek moes iets gedoen het. Dit is my skuld. My seun sou lewe as ek nie so dom was nie.”

John het homself beoordeel dat hy sy kind in die steek gelaat het, maar wat sou die vader meer kon doen? Alhoewel hy geen mediese opleiding gehad het nie, het hy sy kind drie keer op een dag na dokters toe geneem wat verkeerde diagnose gemaak het. Kon hy geblameer word vir hul mislukking? Hy het in die strik geval om homself te beoordeel op grond van die uitkoms eerder as op sy optrede en bedoeling.

John moes nou die verskille besef wat skuld onderskei van hartseer, leed en smart. Al was hartseer, leed en smart gesonde en gepaste emosies waarmee hy moes worstel, was skuldgevoelens nie gepas nie. Omdat die skuld onvanpas was, het dit ingemeng met die oplossing van sy smart. Eers toe hy besef dat hy niks verkeerds gedoen het nie - dat as hy weer in dieselfde omstandighede was, met dieselfde inligting, hy dieselfde besluit sou neem - kon hy die skuld laat vaar en die oplossing van die smart begin.

Darla Se Onvanpaste Skuld

Op 44-jarige ouderdom het Darla 'n lang geskiedenis van depressie en angs gehad en het sy gely aan post-traumatiiese stresversteuring wat die gevolg was van jarelange ernstige mishandeling deur 'n huweliksmaat. Sy het verskriklike aanrandings teen haar beskryf en verskeie kere hoe haar man dronk geword het, 'n geweer teen haar kop gerig en gedreig het om haar dood te maak. Alhoewel sy baie wettige redes vir haar angs en depressie gehad het, het sy ook aan onophoudelike skuld gely.

Darla het gesukkel om die pynlike ervarings wat sy beleef het, weer te gee. Terwyl sy die aaklige mishandeling beskryf, het sy gereeld haar kop heen en weer geskud om haarself uit 'n terugflitservaring te trek.

'n Paar jaar tevore het sy ontdek dat haar man sy dogter, haar stiefdogter, molesteer. Maar toe sy sy familie in kennis stel, in plaas daarvan om hul hulp te ontvang, het hulle haar aangesê om stil te bly, anders sou hulle haar doodmaak.

Alhoewel sy doodbang was, het sy geweier dat haar stiefdogter sulke mishandeling bly ondergaan, en sy het haar man by die Departement van Gesins- en Kinderdienste (DFACS) aangekla. Na 'n ondersoek van die klagtes het die owerhede haar man in hegtenis geneem en hom weens sy misdade vervolg. Maar Darla het haarself geblameer. *Ek moes geweet het dat my stiefdogter gemolesteer word. Hoe kon ek nie geweet het nie?* het sy gedink.

Darla het jare lank chroniese skuldgevoelens ervaar omdat sy nie gebeure verhinder het waarvan sy nie kennis gedra het nie. Eers toe sy haar *rede* gebruik het om die feite te evalueer en die waarheid toe te pas, het haar genesing begin. Sy het erken dat sy nie verantwoordelik was vir die optrede van haar man of vir inligting wat sy nie gehad het nie.

Nadat Darla geleer het om haarself te beoordeel op grond van haar eie optrede, haar eie besluite, kon sy haar onvanpaste skuld oplos en in die genesingsproses vorentoe beweeg.

Ouers Beheer Nie Uitkomst Nie

Meer ouers as wat ek kan tel, het kinders wat besluite neem wat hul ouers teleurstel of selfs skaam maak. My pasiënte kan kinders hê wat gekies het om “saam te bly”, wat in die tronk sit, dwelms misbruik, of wat onverantwoordelik opgetree het. Alhoewel elke verhaal uniek is, deel die meeste ouers een algemene probleem - hulle blameer en straf hulself, en dink: *As ek net iets anders gedoen het, sou my kind nie so uitgedraai het nie.*

Sulke individue ervaar onvanpaste skuld omdat hulle 'n leuen aanvaar het. Hulle het geglo dat hulle as ouers verantwoordelik is vir die uitkoms van hul kinders se lewens en het in die proses nie daarin geslaag om te erken dat hulle slegs verantwoordelik is vir hul eie gedrag in die grootmaak van hul kinders nie. Omdat almal 'n vrye wil het, kies die kinders uiteindelik hul eie koers, ongeag die ouerskap.

Sommige van my pasiënte het vergeet dat, alhoewel ouerskap beïnvloed, dit nie die uitkoms kan verseker nie. Selfs wanneer ouerskap absoluut perfek is - soos in die geval van God se ouerskap met Lucifer en Adam - kan kinders steeds kies om af te dwaal.

Onvanpaste Skuld – Tipe III

Sarah was radeloos oor jare van aanhoudende skuld. Die herinneringe aan 'n owerspelige verhouding het haar sewe jaar lank gekwel. Alhoewel sy geweet het dat die verhouding verkeerd was, het dit gelyk asof sy nie haar aangetrokkenheid tot die ander man kon weerstaan nie. Maar onmiddellik nadat sy haar huweliksbeloftes verbreek het, was sy oorstelp van skuldgevoelens en geteister met selfveragting. As gevolg daarvan het sy haar sonde aan God en haar man bely. Sy het berou gehad en haar man het haar vergewe, en sy het besluit om nooit weer te dwaal nie. Maar gedurende die sewe jaar sedert die verhouding het sy voortdurend skuldgevoelens en herhalende herinneringe aan die voorval beleef. Ten spyte van herhaalde ure op haar knieë om aan God te bely en sy vergifnis af te smee, het dit gelyk asof haar skuld nooit verdwyn nie, en sy het nie geweet waarom nie. Gou het sy haarself afgevra of sy ooit gered sou kon word.

As berou en herstel gepaste skuld oplos, en Sarah berou gehad en met haar man versoen het, waarom het die skuld dan nie verdwyn nie? Want hoewel sy berou oor haar verhouding gehad het, het die manier waarop haar gedagtes werk, nie verander nie. Die verstandlike proses wat tot die verhouding gelei het, het nog steeds in haar denkwyses vertoef.

Onthou in hoofstukke 2 en 3 het ons die organisatoriese model van die verstand ondersoek. Ons het ontdek dat *rede* en *gewete* ons oordeel vorm en dat dit die *wil* is wat gesonde keuses maak. Ons het ook geleer dat *gevoelens* ons kan laat afdwaal of ons kan versoek. Dink nou aan die verstandelike proses van diegene wat verkies om owerspel te pleeg. Gebruik hulle hul *rede* en *gewete*, weeg hulle die bewyse, bid hulle vir wysheid en leiding en neem hulle met 'n skoon *gewete* 'n verligte besluit om owerspel te pleeg? Of ervaar hulle sterk *gevoelens* van opwinding en ignoreer hulle *rede* en *gewete*?

Wat gebeur nou as dieselfde proses oor 'n ander saak plaasvind? Eendag op kantoor het 'n kollega Sarah gevra om haar motor te leen. Onmiddellik het Sarah deur die feite geredeneer dat haar versekering geen ander bestuurders toelaat nie en dat die persoon wat die versoek gedoen

het, onlangs in verskeie motorongelukke was, en volgens haar oordeel het sy besluit, nee! Maar dan oorweldig gevoelens van vrees en onsekerheid haar. *Ek wil nie hê sy moet kwaad wees nie. Ek wil hê sy moet van my hou. Ek wil nie hê sy moet gerugte oor my begin nie. En ek haat konfrontasie.* Op grond van al haar *gevoelens* het sy haar eie oordeel geïgnoreer en die medewerker die motor laat leen.

Hier sien ons hoe haar gedagtes (verstand) op dieselfde manier werk as toe sy owerspel gepleeg het. Sy voel skuldig omdat sy nie besluit het om te doen wat volgens haar oordeel die beste was nie. Omdat sy nie kon begryp hoe God haar verstand ontwerp het om te werk nie, en dat die leen van haar motor nie 'n morele saak was nie, was Sarah se vermoë benadeel om die bron van haar skuld te identifiseer. Eerder as om skuldgevoelens te ervaar omdat sy 'n medewerker toegelaat het om haar motor te bestuur, laat haar verstand die ergste voorbeeld van haar gevoelens haar oordeel, en ervaar sy weer skuldgevoelens vir die buite-egtelike verhouding. Daarom het sy die afgelope sewe jaar elke keer toegelaat dat haar gevoelens haar oordeel kragteloos maak, en haar daardeur weer skuldig maak vir die verhouding, wat haar weer berou daarvoor laat ondervind het. Omdat sy nie die manier waarop haar verstand werk, hanteer het nie, ervaar sy nooit vrede of 'n werklike gevoel van vergifnis nie. Dit is slegs deur ons gedagtes (verstand) weer in balans te bring dat hulle kan genees.

Die Waarheid Verwyder Onvanpaste Skuldgevoelens

Dit is deur die uitoefening van die *rede* om die feite en omstandighede te evalueer en dan die waarheid te verstaan en toe te pas, wat onvanpaste skuld uit die gedagtes (verstand) sal verwyder en genesing kan laat plaasvind.

God het ons heelal baie ordelik ontwerp. As ons in ooreenstemming met sy beginsels en metodes werk, ervaar ons 'n gesonde verstand en 'n geruste hart. Namate ons verstand funksioneer in die hiërargiese volgorde wat Hy bedoel het, styg ons selfbeeld, selfwaarde en selfvertroue outomaties. Omgekeerd, wanneer ons ons gedagtes toelaat om te werk sonder *rede* en *gewete* wat ons dade rig, dan val ons selfbeeld, selfwaarde en selfvertroue.

Die hoeksteenbeginsels van God se regering is liefde, waarheid en vryheid. Die proses om waarheid op die verstand toe te pas en metodes te beoefen wat in ooreenstemming met sy metodes is, staan bekend as geestelike oorlogvoering. Ons sal dit in die volgende hoofstuk ondersoek.

Geestelike Stryd

Mary se lewe was buite beheer toe sy die eerste keer by my kantoor aankom. Sy is as kind seksueel gemolesteer, as tiener verkrag en in haar twintigs weer verkrag. Nou, op die ouderdom van 35, het sy 'n tienerseun uit 'n mislukte huwelik gehad en twee kinders onder 5 uit haar huidige huwelik.

Gedurende die agt jaar voordat sy na my gekom het, het Mary vyf ander psigieters geraadpleeg vir behandeling. Gedurende daardie tyd het sy ook 12 terapeute besoek. Die psigieters het 'n wye verskeidenheid diagnoses vir haar probleme aangebied: skisofrenie, bipolêre versteuring (maniese depressiewe versteuring), veelvuldige persoonlikheidsversteuring, histrioniese persoonlikheidsversteuring, grenspersoonlikheidsversteuring, posttraumatiese stresversteuring, afhanklikheid van bensodiasapien en unipolêre depressie.

Sy het gekla dat sy stemme hoor wat soms vir haar gesê het om haarself dood te maak. Daarbenewens het sy aan chroniese hoofpyne en veelvuldige mediese probleme gely, wat daartoe gelei het dat sy die afgelope agt jaar meer as 20 chirurgiese prosedures ondergaan het.

Die afgelope vyf jaar het 'n groot deel van haar lewe heeltemal tot stilstand gekom. Sy kon nie kook, skoonmaak, die kinders skool toe neem of help met enige huishoudelike take nie, en kon dus nie as vrou en moeder funksioneer nie. Haar man was verantwoordelik vir haar versorging.

Daarbenewens het Mary een of twee keer per week by die noodkamer aangekom om Demerol-inspuitings te kry vir die hoofpyn wat nooit gewyk het nie. Sy is met veelvuldige medisyne behandel - insluitend Haldol, Thorazine, Valium, Elavil, Sinequan, Prozac, Restoril, Vistaril, Xanax en ander wat sy nie kon onthou nie - alles sonder enige verbetering. Toe sy die eerste keer by my kom, was sy op hoë dosisse Valium en Thorazine, sowel as pynstillers vir die hoofpyn.

Maria het 'n chroniese lae selfbeeld en gevoelens van waardeloosheid gehad - alles versterk deur lewenslange mishandeling. Sy het nooit die vermoë ontwikkel om haar *rede* en *gewete* te gebruik om haar *wil* te rig om die waarheid te ondersoek en te kies om haar onstuimige buie, gevoelens en gedagtes te beveg nie.

Deur te worstel met aanhoudende skuldgevoelens, het sy haarself onredelik gekritiseer. Wanneer sy probleme ondervind het in 'n verhouding, het Mary haarself altyd verwyt en skuldig gevoel, ongeag wat werklik gebeur het. Hoewel sy 'n Christen was, het niemand haar nog ooit geleer hoe om geestelike oorlogvoering aan te gaan nie.

Ons Voer Nie Oorlog Soos Die Wêreld Dit Doen Nie

Geestelike oorlogvoering is die betrokkenheid van die geestelike aard (*rede, gewete, aanbidding*) om ongesonde gevoelens, leuens, wanvoorstellings, hartstogte en begeertes te beveg, wat die *wil* wil beheer en die *rede* onttron. Dit is die proses om God se metodes te gebruik om die invloed van ons genetiese swakheid te oorkom, ons emosionele wonde te genees en balans in ons beskadigde gedagtes (verstand) te herstel.

“Want hoewel ons in die wêreld leef, voer ons nie oorlog soos die wêreld doen nie. Die wapens waarmee ons veg, is nie die wapens van die wêreld nie. Inteendeel, hulle het goddelike mag om vestings af te breek. Ons vernietig *argumente* en elke *pretensie* wat teen die *kennis* van God opduik, en neem elke *gedagte* gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.” (2 Kor. 10:3-5, NIV)

As jy oorlog voer oor argumente, pretensies, kennis en gedagtes, waar word daardie oorlog gevoer? In die gedagtes (verstand)! Geestelike oorlogvoering woed in die verstand. Die wapen wat ons gebruik, is die “Swaard van die Gees,” die Woord van God, ook bekend as die waarheid. Omdat dit altyd na God lei, het sulke waarheid goddelike krag. Deur sy goddelike krag vernietig die waarheid leuens, wanvoorstellings en verdraaiings. Dit herstel ook orde en bring genesing. Soos Christus gesê het: “... die waarheid sal julle vrymaak.” (Johannes 8:32)

God Werk Daaraan Om Almal Te Genees

Dit is belangrik om te besef dat die waarheid genees, ongeag of jy in God glo of nie. Die Heilige Gees streef na genesing, selfs by diegene wat nog nie 'n geloof in goddelikheid gevorm het nie. Die Heilige Gees beweeg om God se metodes en beginsels tot hul begrip te bring. As diegene wat nie in Hom glo nie, die waarheid wat hulle verstaan, volg, sal dit genesing bring en word hulle

gesonder en gesonder in verhouding tot wat hulle verstaan en beoefen. Uiteindelik sal die waarheid hulle na God self lei vir volkome genesing en herstel.

Paulus beskryf dit in Romeine 2:13-15: “Omdat nie die hoorders van die wet by God geregverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word. Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie, omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig.”

Paulus verklaar hier dat God besig is om almal se gedagtes (verstand) te genees. Diegene wat nie die waarheid gehoor het nie (soos dit in die Skrif geopenbaar word), maar die beginsels van liefde en vryheid verstaan (soos in die natuur aangetoon) en dit in hul lewens opgeneem het, werk saam met God vir die genesing van hul verstand. Die Here herstel sy beeld in hulle binneste en beskou hulle as sy kinders.

Die Waarheid Maak Ons Vry

Sersant Jones, van wie ons in hoofstuk 2 gelees het, het 'n leuen geglo - dat God hom in die steek gelaat het. Die leuen het daartoe gelei dat hy nie in staat was om sy oorlogservarings op te los nie. Die erkenning van die waarheid - dat God eintlik op wonderbaarlike wyse in sy lewe ingegryp het - het die vesting van misverstand, vrees, twyfel, skuld, woede en wrewel wat in hom gevestig was, vernietig. Dit het sersant Jones vrygelaat.

Beskou die voorbeeld van 'n man wat van sy broer gesteel het. Met skuldgevoelens, rusteloosheid en ongemak, het hy nie meer vrede nie. Wat sal hom vrymaak van skuldgevoelens en die herstel van die vrede, ongeag of hy in God glo of nie? Dit is bekering en herstel. Hy ervaar gepaste skuld, en slegs die waarheid wat aanvaar en toegepas word, sal dit oorkom en die gesondheid herstel.

Deur na sy broer toe te gaan, te erken wat hy gedoen het, te herstel wat hy geneem het en om vergifnis te vra, sal hy vrede in sy gemoed vind. Selfs as sy broer weier om hom te vergewe, sal hy vrede in homself hê omdat hy 'n veranderde hart het, 'n geneesde verstand. Die hartsverandering het plaasgevind toe hy 'n opsetlike keuse gemaak het om te doen wat vir die *rede* en die *gewete* die

beste was. Hy sal nie die eenheid met sy broer herstel het totdat sy broer hom vergewe nie, maar sy eie selfpyniging sal ophou.

Die Verstand Is Soos 'n Tuin

Stel jou voor dat jy 'n tuin het, een wat jy getrou opgepas het en wat nou 'n oorvloedige oes lewer. Wat sal met jou tuin gebeur as jy ophou om dit te bewerk? Sal dit steeds goeie vrugte dra, of sal die onkruid dit uiteindelik vernietig?

Op dieselfde manier bring ons verstand natuurlik onkruid voort - selfsugtige gedagtes, idees en opvattinge. Dit is Christus wat deur die Heilige Gees werk om die saadjies van waarheid in ons gedagtes te plant. Hy voed en beskerm dan die sade, sodat hulle kan groei tot die vrugte van 'n Christelike karakter. Deur die Swaard van die Gees te gebruik (dit is die Woord van God, die waarheid), trek ons die onkruid uit ons gedagtes, ontwortel ons die leuens en valse teorieë wat ons gevange hou, en laat ons dus eerder 'n gesonde en produktiewe verstandelike tuin in stand hou.

Een van die beste beskrywings van hierdie proses verskyn in *Koning van die Eeue* van Ellen G. White. “Die Trooster word ‘die Gees van die waarheid’ genoem. Sy werk is om die waarheid te definieer en te onderhou. Hy woon eers in die hart as die Gees van die Waarheid, en sodoende word Hy die Trooster. Daar is vertroosting en vrede in die waarheid, maar geen ware vrede of vertroosting kan in valsheid gevind word nie. Dit is deur valse teorieë en tradisies dat Satan sy mag oor die verstand verkry. Deur valse standaarde aan die mens voor te stel, word die karakter verkeerd gevorm. Deur die Skrif praat die Heilige Gees met die verstand en beïndruk die waarheid op die hart. So ontbloom Hy dwaling en verdryf dit uit die siel. Dit is deur die Gees van die waarheid, wat deur die woord van God werk, dat Christus sy uitverkore volk aan Homself onderwerp.”¹⁶

Die Probleem Met Sonde

Een van die wanopvattinge (onkruid) wat 'n groter oes aan geestelike vrugte benadeel, is die wanopvatting oor sonde. Baie mense beskou dit as die oortreding van een van God se reëls, en die probleem met die ongehoorsaamheid aan een van sy reëls is dat dit van Hom vereis om 'n straf op te lê, met die minimum straf die dood. Maar dit is 'n fundamentele misverstand oor sonde, wat lei tot

ernstige wanopvattinge oor God - verdraaiings wat in *aanbidding* opgeneem word en gevolglik die genesing van die verstand benadeel.

Die werklike probleem met sonde is dat sonde self skade berokken en vernietig. Dit vernietig die sondaar en beskadig andere. Aangesien sonde die beeld van God van binne af skend, bring volharding in sonde sy eie straf - die dood. Persone wat vashou aan sondige lewens, verlaag hulself van wesens wat met waardigheid, adel en intelligensie geskep is, tot niks anders nie as blote diere, sinnelose wesens van instink. Die *rede* en *gewete* verdwyn uiteindelik, en die dierlike drifte neem volle beheer.

Hoekom God Die Sonde Haat

Baie mense neem aan dat God sonde haat omdat dit sy reëls verbreek wat oneerbiedigheid teenoor Hom toon. Maar stel jou voor dat jy die burgemeester van jou tuisdorp is wat 'n wet ingestel het wat wreedheid teenoor diere verbied. As jy by jou huis uitstap, het iemand jou katjie, swaai dit aan die stert en slaan sy kop teen die beton. Wat skok jou? Wat maak jou kwaad? Skree jy, “Jy het pas my wet oortree! Hoe durf jy my wet oortree!” Is dit die oortreding van die wet wat jou skok? Of is dit die feit dat jou pragtige katjie doodgemaak is? Dit is hoekom God sonde haat: Omdat dit sy skepping vernietig, nie omdat dit sy reëls oortree nie.

Trouens, die reëls is opgestel om ons te help om die vernietiging van ons gedrag te sien. Onthou jy dat God die Tien Gebooie verkondig het? Die kinders van Israel het pas uit 400 jaar van slawerny gekom. Die lewe in so 'n omgewing was goedkoop. Die kleinste oortredings kan tot die dood van 'n slaaf lei. In so 'n wêreld het die Hebreërs die hoë roeping wat God die mensdom geskep het om uit te voer, uit die oog verloor en in onkundige duisternis gesink.

Dink aan hoe haglik hulle toestand moes gewees het dat God dit nodig gevind het om vir hulle te sê dat as jy van jou bure hou, jy hulle nie sal doodmaak nie. Jy sal ook nie van hulle steel nie, hul reputasie verwoes deur hulle verkeerd voor te stel, of owerspel met hul eggenote pleeg nie. Die Hebreuse slawe het nie eers hierdie basiese voorskrifte in hul lewens gehad nie.

Stel jou voor dat jy vanoggend jou kind skool toe stuur, hom totsiens soen en sê: “Geniet die skool vandag, en onthou om niemand tydens pouse te vermoor nie.” Hoe absoluut absurd. Dit sal

nooit in jou gedagtes opkom nie. Maar as jy dit regtig vir jou kind moes sê, hoe ontaard sou jou kind moet wees?

'n MRI Vir Die Siel

Die geskrewe wet (Tien Gebooie) is soos 'n MRI ('n beeldvormende diagnostiese toets) van die siel: Dit openbaar die gebreke. Wat sou jy doen as 'n MRI-skandering 'n gewas in jou long wys? Gaan na jou dokter. En nadat jy die dokter besoek het en genees is, sou jy bekommerd wees dat jy deur die MRI ondersoek is? Sou jy enige behoefte voel om die MRI te vernietig? Natuurlik nie. In werklikheid wil jy dalk die MRI-prosedure herhaal om te bevestig dat die gewas weg is.

Dit is hoe God se geskrewe wet werk. Dit openbaar die gebreke in ons verstand. Wanneer ons hierdie gebreke herken, gaan ons na die hemelse Geneesheer vir genesing. Nadat Hy ons genees het, hoef die geskrewe wet nie vernietig te word nie. Trouens, wanneer dit ons ondersoek, vind dit geen gebreke nie, want ons is in harmonie daarmee. En nadat ons genees is, het ons die geskrewe wet nie meer nodig nie. Dit is die kern van wat Paulus vir Timoteus sê: “Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meened pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlijkheid van die goeie God.” (1 Tim. 1:8-11 NAV)

Deur ons metafoor van 'n MRI te gebruik, kan ons die gedeelte so omskryf: “Ons weet dat die MRI goed is as jy dit reg gebruik. Ons weet ook dat die MRI nie vir gesonde mense gemaak is nie, maar vir diegene wat siek is, die wat swaarkry, die ongesteldes en almal wat sterf. En alle aktiwiteite wat strydig is met die beginsels van 'n gesonde lewe wat aanpas by die model van gesondheid wat die geseënde God aan my toevertrou het.”

In werklikheid is die gedeelte van die Tien Gebooie van die wet 'n spesiale distillasie van die groot kosmiese wet van liefde en vryheid wat spesiaal vir diegene hier op hierdie planeet geskryf is. Het die engele in die hemel 'n wet vereis om hul moeder en vader te eer? Of om hulle

opdrag te gee om nie owerspel te pleeg nie? Nee, maar hulle moes werk volgens die wet van liefde en vryheid soos vroeër in hierdie boek bespreek. Die Tien Gebooie is 'n verdere ekstrapolasie van hierdie wet, soos Christus self beklemtoon het: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.” (Matt. 22:37-40)

Die Sonde Vernietig - Nie God Nie

Baie van my pasiënte verstaan nie die aard van sonde en die gevolge daarvan nie. Omdat baie dink dat God die een is wat vernietig, het hulle chroniese gevoelens van onsekerheid en vrees. Oorweeg egter die volgende:

As jy nog nooit jou tande geborsel het nie, sou dit jou verbaas as jy gaatjies in jou tande ontwikkel? Sou God 'n engel uit die hemel stuur om dit vir jou te gee? Wat as jy elke dag vir gesonde tande bid, maar dit nie borsel nie? Wat sou jy verwag om te gebeur? Gaatjies!

Gestel jy het van die *Empire State*-gebou afgespring. Sal dit jou verbaas as jy stukkend gaan wees as jy die sypaadjie tref? Sou God 'n engel stuur om jou bene te breek as jy daar geval het? Wat daarvan as jy vir goeie gesondheid en 'n lang lewe bid terwyl jy besig is om te val? Wat sou jy verwag om te gebeur? Splat!

Stel jou voor dat jy jou huweliksmat bedrieg het. Sou jy nie verwag dat jy 'n verlaging van jou selfbeeld, skuldgevoelens, ang en skaamte ervaar het nie? Sou God 'n engel uit die hemel afstuur om jou selfbeeld te vernietig en jou huwelik te verwoes?

Sonde vernietig omdat dit behels dat ons buite die universele beginsels waarop God die lewe en gesondheid gebaseer het, moet leef. Hierdie beginsels is beide natuurlik en moreel. Verder bestaan sonde buite die goddelike wet van liefde en vryheid. In werklikheid is sonde wetteloosheid.

God se wet van liefde en vryheid is nie net 'n stel arbitrêre reëls wat deur 'n magtige godheid geskep word nie. Inteendeel, sy wet van liefde en vryheid spruit uit sy karakter. Die beginsels wat ons bestaan en die bestuur van die heelal regeer, is 'n uitwerking van hierdie wet.

Vroeër het ons die vryheidswet in detail bespreek en gesien hoe die skending daarvan altyd vernietiging aanbring. Net so met oortredings van die wet van liefde: Vernietiging volg altyd. Dit is

die probleem met sonde: Dit vernietig. Maar God is nie die oorsaak van sulke vernietiging nie. *Hy genees!*

Baie van my pasiënte kan baie maklik sien hoe oortredings van die wet van swaartekrag sal kan beseer, maar hulle vind dit moeiliker om te sien hoe die oortreding van God se morele wet mense sal benadeel.

Stel jou voor dat jy vandag 'n kind gemolesteer het en niemand het dit ooit uitgevind nie. Die voorval het altyd 'n geheim gebly. Hoe goed sal jy vanaand slaap? En as jy kon slaap nadat jy so iets gedoen het, hoe beskadig moet jy al wees?

As jy onsedelik optree, vernietig dit die beeld van God in jou binneste. Dit versterk die basiese passies en verswak die *rede* en *gewete*. Sonde wat voortduur, sal mettertyd die vermoë om die waarheid te begryp of daarop te reageer, uitroei. As dit gebeur, kan niks meer gedoen word nie. Sodra die *rede* en *gewete* heeltemal vernietig is deur 'n aanhoudende opstandige lewe, sak die mens - met adel, waardigheid en intelligensie geskep - af na onder om by die brute diere aan te sluit, wesens van instink wat slegs deur passie en wellus gedryf word.

Sonde Is Soos Kanker

Die sonde is soos kanker. Dit lei tot die dood om dieselfde rede as wat kanker doen - eintlik vernietig dit die weefsels en organe wat die lewe onderhou. As iemand aan kanker sterf, is die dood nie 'n straf wat ekstern opgelê word nie, maar die onvermydelike gevolg van die onbelemmerde kanker. Tensy iemand *intree*, sal die kanker doodmaak. Dit is waaroor *voorbidding* gaan - God tree in om die natuurlike vordering/gevolg van sonde in ons lewens te stop. Hy werk om ons te genees!

Namate sonde deur iemand versprei, beskadig dit en vernietig dit uiteindelik die verstandelike vermoëns wat die waarheid herken en daarop reageer. En as daarmee volgehou word, sal sonde die hele wese afkraak en uiteindelik tot die dood lei.

Nou, as 'n persoon met kanker behandeling ondergaan en genees word, wat het met die kanker gebeur? Die foutiewe selle was verwyder of tot normaal herstel. Om die liggaam te kan laat lewe, moet die kanker in remissie gaan. As kanker in remissie is, beteken dit dat die

defektiewe kankerselle verdwyn het en die weefsels wat voorheen siek was, na hul oorspronklike toestand terugkeer het.

Sonde is 'n gemoedstoestand wat gekenmerk word deur selfsug en die gebruik van metodes in teenstelling met die beginsels waarop God lewe en gesondheid gebaseer het. Net soos met kanker, as daar nie iets gedoen word om hierdie selfsugtige gemoedstoestand te verander nie, is die dood onvermydelik. Die Bybel sê dat “Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis van sonde plaas nie.” (Heb. 9:22, NLV). Met ander woorde, sonder bloedvergieting kon ons nie weer in ons oorspronklike toestand herstel word nie. Die storting van Christus se bloed is bedoel om die menslike hart en verstand te transformeer - om ons te genees en selfsug heeltemal uit ons gedagtes (verstand) te verwyder.

Wanneer ons die waarheid oor God en sy metodes verstaan en onself aan Hom oorgee, word 'n nuwe motief - stel beginsels/metodes - die heersende mag in die menslike verstand, wat die “sonde” (die opstandige selfsugtige metode) verwyder.

Die Gehoorsaamheid Van 'n Vriend Wat Verstaan

Gesondheid kom daarvan om met God se wet ooreen te stem, om in harmonie met die groot beginsels van liefde en vryheid te leef. Dit is nie die gevolg van 'n blinde nakoming van 'n stel reëls of omdat iemand wat gesag of mag het dit vir jou gesê het nie, maar omdat dit sin maak.

Trouens, gehoorsaamheid wat slegs voortspruit uit 'n onderwerping op 'n stuurs manier, is nie ware gehoorsaamheid nie - dit oortree eintlik die wet van vryheid en lei altyd tot rebellie. Ware gehoorsaamheid moet begrip en ooreenstemming behels. Die hoogste vlak van gehoorsaamheid het sy oorsprong in die begrip van vriendskap.

Een van my vriende het my vertel dat sy ma, toe hy 'n kind was, die reël gehad het dat hy nie mag rook nie. As hy wel sou rook, sou hy dienooreenkomstig gestraf word. Soos jy sou verwag, het my vriend tydens sy kinderjare vermy om te rook. Omdat hy 'n gehoorsame kind wou wees, het hy die reël gehoorsaam. En hy wou beslis nie gestraf word nie.

As 'n tiener het hy hom egter in die geselskap van verskeie vriende bevind wat mekaar 'n sigaret aangebied het, en my vriend het toe 'n paar trekke gevat. Later, toe hy huis toe gaan, ruik sy ma die sigareetrook, neem hom eenkant en sê, “Seun, as jy ooit begin rook, sal jy my hart breek.”

Hierdie opmerking het vir hom as tiener die motivering gegee om nie weer te rook nie, want hy was baie lief vir haar.

Maar selfs nou as volwassene, vermy hy dit nog steeds om te rook. Hoekom? Dink jy hy bel sy ma en sê vir haar: “Ek wou regtig vandag rook, maar het verkies om dit nie te doen nie, want ek het geweet dat as ek dit sou doen, sou Ma my kom straf?” Of bel hy haar en kondig aan: “Ek wou regtig rook vandag, maar ek het nie omdat ek van Ma hou en Ma nie wil seermaak nie?” As hy dit gedoen het, dink jy dat sy moeder sou antwoord: “Welgedaan. Ek is trots op jou my seun”? Of liewer, “Seun, wanneer sal jy ooit grootword?”

Die rede waarom hy nie vandag rook nie, is *nie* vanweë sy moeder se reëls nie, *nie* vanweë sy ma se liefde vir hom of sy liefde vir haar nie, maar *omdat hy 'n nie-roker is*. Nadat hy sy *rede* en *gewete* gebruik het om die logika agter die reëls van sy moeder te evalueer, het hy besef waarom sy seergemaak sou word. Hy erken nou dat rook vernietigend is. En hy het sy *wil* gebruik om nie te rook nie, want hy stem saam met sy ma.

Deur sulke insigte en begrip neem sy liefde en waardering vir sy moeder en haar reëls toe. Sy liefde vir sy moeder groei omdat hy die groot liefde sien wat sy moeder vir hom gehad het om hom van homself te beskerm as hy te kinderlik was om van beter te weet. Nou het hy nie meer die reëls van sy kinderjare nodig nie - nie omdat dit verkeerd of ongeldig is nie, maar omdat dit op sy hart geskryf is.

Om Groot Te Word

Ons word geroep om volwasse Christene te word, om die vermoë te ontwikkel om reg en verkeerd te kan onderskei. Maar al te dikwels bly ons as klein babatjies bekommerd oor die oortreding van die reëls, of bekommerd daarvoor om ons Vader seer te maak. Wanneer sal ons werklik grootword en ons Vader verstaan? Wanneer sal ons eenheid, harmonie en vriendskap met Hom aangaan? En wanneer sal ons met Hom saamwerk vir die herstel van sy beeld binnein ons, vir die skryf van sy wet en metodes in ons harte en gedagtes (verstand)?

Vry Van Al Daardie Reëls

Stel jou weer voor dat jou moeder jou grootgemaak het met die reël dat jy jou tande moet borsel. Noudat jy volwasse en alleen is, sê jy, “Ek is vry van moeder se reëls. Ek gaan nooit weer my tande borsel nie.” En jy doen dit nie. Wat gebeur? Eerstens vuil tande, ‘n slegte asem en uiteindelik gaatjies in die tande.

Hou jou ma op om jou lief te hê terwyl dit aan die gang is? Of is sy hartseer met die wete dat jy binnekort pyn sal hê? As jy aanhou om teen haar reëls te werk dat jy jou tande borsel, kom sy dan oor terwyl jy slaap en boor sy gate in jou tande? Nee, die tande verrot vanself.

Wanneer die pyn toeslaan, is dit ‘n opgelegde boete of ‘n gevolg? En wat sal jy doen as gevolg van die pyn? Hopelik sal jy die tandarts besoek.

Pas die tandarts meer pyn toe om jou te straf omdat jy nie jou tande geborsel het nie, of doen hy alles in sy vermoë om dit te verminder, terwyl hy die self-toegediende skade genees? Maar as jy kies om nie die tandarts te besoek nie, en eerder die pyn verduur, en miskien alkohol gebruik om die tandpyn dood te maak, sal die tande uiteindelik so beskadig word dat die tandarts niks sal kan herstel nie.

Die Onvergeeflike Sonde

As ons God se wet oortree, hou hy nooit op om ons lief te hê nie. Sy hart breek terwyl Hy kyk hoe ons onself seermaak, wetende dat ons binnekort pyn sal hê. Maar Hy laat toe dat die pyn so kom dat dit ons hopelik tot ons sinne kan bring en dat ons Hom sal soek vir genesing. En as ons na Hom toe gaan, sal Hy ons nooit skade berokken nie, maar doen Hy alles in sy vermoë om die pyn te verminder as Hy ons verstand begin genees.

Dikwels is die skade egter so groot dat selfs genesing gepaard gaan met pyn. Maar as ons besluit om nie na God te gaan nie, en eerder ons pyn verdoof met alkohol, dwelms, seks, werk of TV, sal die skade uiteindelik so groot word dat daar niks oorbly om te genees nie. *Rede* en *gewete* is totaal vernietig. Ons het die vermoë om te reageer, verloor.

Wat kan God meer doen as dit gebeur? Hier sien ons wat die Bybel die “onvergeeflike sonde” noem - *onverskoonbaar* nie omdat God nie bereid is om te vergewe nie, maar omdat

sondaars hulleself so beseer het dat hulle die vermoëns verloor het om te erken en te reageer op die vergewende genade wat Hy so vrylik bied.

Skend God se metodes lank genoeg en ons word so beskadig dat ons enige verdere poging van Hom ter wille van ons, verwerp. As ons ons eie individualiteit vernietig, kan God dit nie herstel sonder dat Hy self die wet van vryheid oortree nie.

Dink aan iemand wat alle smekinge wat God stuur, verwerp, dat hulle alle pogings van barmhartigheid en genade verwaarloos, en dat die beeld van God binne hulle uitgewis is. As God hulle in hul status sou herstel voordat hulle hulself vernietig het, sou hulle die vernietiging eenvoudig herhaal omdat hulle karakter nie verander het nie.

As God daarenteen karakterveranderings sou bewerkstellig sodat hulle hulself nie skade sou berokken nie, sou Hy nuwe wesens gemaak het, en die voormalige individue sou nie meer bestaan nie. En soos ons gesien het, liefde word vernietig as die karakter van 'n individu sonder toestemming verander word, iets wat God nooit sal doen nie.

Daar Is 'n Verskil Tussen Reëls En Wette

Ons moet die verskil tussen God se reëls en God se wet verstaan. Sy wet is die universele beginsels wat die lewe beheer - byvoorbeeld die wet van swaartekrag, die wet van liefde en die wet van vryheid. God se reëls is die gereedskap wat Hy gebruik, terwyl ons kinders is, om ons te beskerm teen die skade wat die gevolg is van die oortreding van sy wet. Totdat ons opgroei om sy wet te verstaan en in ons eie harte en gedagtes (verstand) op te neem, het ons die reëls nodig. Maar nadat ons opgegroeï het, is die reëls nie meer nodig nie.

Stel jou voor dat jy 'n reël vir jou 5-jarige kind gehad het dat sy haar tande moes borsel voor slaapyd elke aand. Gestel ek het jou kind genader en vir haar gesê, “Jy hoef nie jou tande te borsel nie, omdat mamma so gesê het nie. Maar, jy moet liever jou tande borsel as gevolg van die tweede wet van termodinamika, wat sê dat dinge geneig is tot wanorde. As jy dus nie jou tande borsel nie, sal dit vrot word.”

Jou kind kan met 'n verbaasde uitdrukking na jou kyk en sê, “Jy ondersteun nie vir mamma nie. Jy is teen Mamma se reëls. Jy wil my in die moeilikheid bring by Mamma.” Maar as jou 5-jarige nie gehoorsaam is nie en verkies om nie haar tande te borsel nie, wat dink jy sou haar primêre

vraag wees: Dat haar tande sleg kan word of dat haar mamma kwaad sal wees en haar sal straf? En nadat sy ongehoorsaam was, wat sou haar waarskynlikste antwoord wees: Om bloot haar tande te borsel of blomme te pluk of 'n prent te teken om mamma te paai?

Ongelukkig is die kerk gevul met mense wat nog babas in Christus is en nie grootgeword het om die wet agter die reëls verstaan nie. Wanneer hulle die redes vir die reëls vir die eerste keer leer ken, sê hulle dikwels, “Jy ondersteun nie vir God nie. Jy is teen sy wet. Jy het geen standaarde nie en wil ons in die moeilikheid met Hom laat beland.”

En as sulke Christene wel God se wet oortree en sonde doen, is hulle meer besorg oor die vraag of Hy kwaad is as dat hul sonde hulleself vernietig. As gevolg hiervan ontwikkel hulle 'n hele teologiese stelsel wat daarop gebaseer is om God se woede en toorn te versoen, eerder as om saam met Hom te werk vir die herstel van sy beeld in hulle binneste. Omdat hulle nie sien dat sonde hulle eintlik vernietig nie, en hulle God verkeerd beoordeel as woedend en wraakgierig, bestee hulle hul tyd aan die ontwikkeling van teorieë om Hom te paai deur 'n betaling te maak, en sê tot dat Hy self die perfekte betaling verskaf het. Die belangrikste fokus is nie op die genesing van die sondeskade nie, maar eerder om die straf van 'n kwaai en beledigde God te vermy.

Hierdie situasie is soortgelyk aan jou kind wat groot word om te glo dat as sy nie haar tande borsel nie, jy kwaad sal word en sal probeer om haar te laat betaal vir haar ongehoorsaamheid. Hoe verlig sou jy wees as jou kind uiteindelik sou verstaan dat jy nie kwaad vir haar was nie? Hoe opgewonde sou jy wees as sy besef dat jy bloot wil hê dat sy gesond moet wees, dat jy die reëls ontwerp het as hulpmiddels om haar te help terwyl sy nog nie die volwassenheid het om te verstaan nie? Hoe hartseer sou jy wees as jou kind nooit sou verstaan nie en bang sou bly dat jy haar sou straf?

Mary

Terwyl ek en Mary (die jong vrou wat aan die begin van hierdie hoofstuk beskryf word) saam gewerk het, het sy besef dat sy lank onopgeloste woede en wrewel het oor die mishandeling wat in verskillende verhoudings gedurende haar lewe plaasgevind het. Sy het die mishandeling deur ander geïnterpreteer as 'n bewys dat daar fout met haar was. Dit het gelei tot 'n aansienlike verwronge selfbeeld gepaard met chroniese gevoelens van ontoereiktheid en onsekerheid. Elke

verhouding in haar lewe was gekenmerk deur afhanklikheidskwessies wat haar vermoë om te herstel verder verwar en beskadig het.

Ons het begin deur terapeutiese vertrouwe te vestig. Toe het ons in die konteks van hierdie verhouding baie pynlike ervarings ondersoek en dit weer ondersoek in die lig van waarheid en getuienis, met redenasie van oorsaak tot gevolg. Mary het geleer om onaangename gevoelens te verdra, en het verkies om dinge toe te pas wat sy nou as gesond beskou het ondanks hoe sy daarvoor voel.

Haar terapie het langer geduur as by die meeste van my pasiënte, maar ongeveer 18 maande later was sy 'n nuwe persoon. Sy het geleer hoe om haar *rede* en *gewete* te gebruik om feite en omstandighede te ondersoek en redelike gevolgtrekkings te maak. En sy het ontdek hoe om haar *wil* uit te oefen om hierdie gevolgtrekkings te implementeer te midde van ongemaklike gevoelens. Dit het gelei tot 'n toenemende gevoel van selfvertroue en van haar selfbeeld.

Toe ek laas van Mary gehoor het, het sy vir langer as twee jaar geen medisyne gebruik nie en het sy nie die ER besoek vir inspuitings van pynmedisyne nie. Haar hoofpyn het amper afgeneem, en selde voorgekom en verlig was met Tylenol. Sy het in meer as twee jaar geen stemme gehoor nie, en was aktief in alle aspekte van haar lewe.

Behalwe dat sy die huishouding nou heeltemal bestuur het, het sy drie keer per week 'n aerobiese-klas bygewoon. Sy het elke week 'n vroueklas in haar kerk aangebied, en sy het selfs een week in die kerk gepreek. As koördineerder van die kerk se boufonds, het sy verskeie projekte vir fondse gereël, soos motorwassery en koekverkope.

Toe ons die behandeling beëindig het, het haar man gesê dat hy nou die vrou het waarop hy verlief geraak het toe hulle die eerste keer ontmoet het. Die belangrikste is dat hulle albei God geprys het en gesê het dat dit die geestelike aspek van behandeling vir haar was wat die verskil gemaak het.

My diagnose van Mary was posttraumatiese stresversteuring (PTSV). Die stemme wat sy gerapporteer het, was terugflitservarings wat verband gehou het met haar trauma. Daardie simptome het ook gestaak teen die einde van haar behandeling.

Nadat sy haar *rede* begin uitoefen en negatiewe gevoelens verdra het, was een van Mary se belangrikste kwessies om haar trauma op te los, om diegene wat haar kwaad aangedoen het, te

vergewe. Haar langdurige gevoelens van wrewel en bitterheid was 'n gif wat in haar opgesteek het en haar lewe verwoes het.

Sy het vasgehou aan baie mites oor vergifnis wat haar vermoë om te vergewe, benadeel het. Toe ons hierdie mites en die ware betekenis van vergifnis ondersoek, kon Mary uiteindelik genesing en vrede vir haar hart vind. Kom ons ondersoek enkele van die mites oor vergifnis in die volgende hoofstuk.

“Die dwase vergewe nie en vergeet ook nie; die naïewe vergewe en vergeet; die wyse vergewe maar vergeet nie” — Thomas Szasz

Vergifnis

“Hoekom? Waarom gebeur dit steeds met my?” Kate het tussen snikke gemompel terwyl sy my die pynlike verhaal vertel van haar man se mees onlangse verraad. Sy was die dogter van 'n Baptiste-predikant wat in 'n konserwatiewe suidelike huis grootgemaak is en was nou in haar vroeë veertigerjare. Sy is kort ná haar studie met haar hoërskoolliefde getroud, en hulle het gou twee pragtige kinders gehad.

Ongelukkig ontdek Kate kort na die geboorte van hul tweede kind dat haar man 'n buite-egtelike verhouding het. Dit was vir haar baie pynlik om hom te vra om die huis te verlaat. Maar hy het vinnig na haar predikant toe gehardloop om sy fout te bely en in trane verduidelik dat hy Jesus gevra het om hom te vergewe, maar dat sy vrou hom uit die huis uitgegooi het.

Die predikant het die man se aanspraak as opreg aanvaar en Kate besoek en haar daaraan herinner dat die Here Jesus haar ook vergewe het. Toe het hy haar gevra om haar man te vergewe en hom toe te laat om na sy gesin terug te keer. Sy het gedoen soos die predikant gevra het.

Na verloop van tyd het haar man egter voortgegaan om van sy huweliksbeloftes af te wyk. Kate was nou in my kantoor en sy het oor haar man se sesde verhouding gehuil. Sy het berig dat dieselfde patroon na elk van die vyf verhoudings gevolg het. Eers gooi sy hom uit, dan gaan hy huilend na haar predikant en vertel hoe hy Jesus gevra het om hom te vergewe. En elke keer het die predikant aangedring dat sy haar man vergewe en terugneem.

Hierdie keer was sy egter in my kantoor. Kate het besef hoe belangrik dit is om haar man te vergewe. Deur hom te vergewe, sou sy van die bitterheid, wrewel en pyn verlig, en genees kan word. Maar nog belangriker, sy het ook geleer dat die daad om haar man te vergewe *hom nie verander het nie* - dat haar vergifnis hom nie betroubaar gemaak het nie. En totdat hy betroubaar geword het, sou sy dwaas wees om hom weer in die huis toe te laat. Daarom het Kate haar man vergewe, maar sy het hom nie toegelaat om na haar terug te keer nie.

Baie van my pasiënte kom met langdurige gemoedsversteurings by my aan. Wanneer ons die onderliggende faktore begin ondersoek, ontdek ek gereeld jarelange wrewel en onvermoë om te vergewe.

Hulle kan nie vergewe nie omdat hulle 'n wye verskeidenheid mites verwant daaraan, teëkom. Die wet van aanbidding het belangrike gevolge vir hierdie saak. Onthou dat die wet van aanbidding bepaal dat ons word soos die voorwerp wat ons aanbid of bewonder. Mense is geneig om ander te vergewe soos wat hulle glo hoe God vergewe. Dit is dus nie verbasend nie dat die meeste mites oor vergifnis verkeerde opvattinge bevat oor hoe God vergewe.

Mite Nr. 1: Vergifnis Kom Nadat Die Oortreders Gesê Het Dat Hulle Jammer Is.

Al te dikwels het ek mense al hoor verklaar, “Ek sal vergewe as hy sê dat hy jammer is.” Die probleem om hierdie mite te glo, is dat daar nie besef word nie, dat vergifnis die beledigde party genees, nie die oortreder nie. Oortreders ervaar genesing wanneer hulle hul bekeer. Wanneer vergifnis sowel as berou plaasvind, dan vind versoening ook plaas.

In Christelike terme is versoening - eerder as vergifnis - nodig vir redding, 'n punt wat verkeerd verstaan word deur baie welmenende Christene wat glo dat vergifnis alleen nodig is.

Gestel daar kom 'n jarelange vriend na my kantoor en om een of ander rede slaan hy my skielik, vloek my en hardloop dan uit my kantoor uit. Natuurlik het ek geen idee waarom hy dit gedoen het nie, maar ek moet besluit hoe ek gaan reageer. Ek kon kies om kwaad te word en wraak te neem, om die polisie te skakel of om 'n stok te kry en hom agterna te jaag. Net daar in my kantoor moet ek besluit hoe ek sal reageer.

Miskien kies ek om hom te vergewe. Herstel my vergifnis ons verhouding? Nee, maar omdat ek hom vergewe het, gaan ek agter hom aan, nie om hom te straf nie, maar om uit te vind waarom hy my geslaan het en probeer ook om ons vriendskap te herstel. Maar my vriend sien hoe ek na hom toe aankom, hy vertolk my bedoelings verkeerd en neem aan dat ek kwaad is. Hy vlug dus so vinnig as wat hy kan.

Dit is ons stand by God. Ons het gekies om teen Hom te rebelleer, maar Hy het nooit - nie vir een oomblik - kwaad geword nie. In plaas daarvan het Hy dadelik vergewe. Maar sy vergifnis het nie ons verhouding met Hom herstel nie, omdat ons Hom verkeerd beoordeel en van Hom gevlug het. En ons hardloop sedertdien weg.

Wat as my vriend sou besluit om tot inkeer te kom en hy probeer om sy mishandeling teen my reg te stel, maar ek het geweier om te vergewe? Sal ons verhouding hervat word? Nee, vir versoening, is daar vergifnis en berou nodig.

Dit is ook waar in ons verhouding met God. Ongelukkig beskou baie mense Hom as onvergewensgesind of dat Hy 'n betaling of opoffering eis sodat Hy kan vergewe. Maar dit is eenvoudig nie waar nie. In werklikheid is dit God se vergifnis, wat eerste kom, wat ons tot bekering lei. Die apostel Paulus verklaar dat "... die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei" (Rom. 2:4)

Die Here het die inisiatief geneem om agter ons aan te kom om ons weer in vriendskap met Hom te bring, maar al te dikwels het ons sy optrede verkeerd vertolk, soos 'n kind verkeerd verstaan as 'n ouer hom of haar inentings gee. Daarom het God sy Seun gestuur om een met ons te wees, om die soort persoon te demonstreer wat die Vader is, sodat Hy, deur sy karakter te openbaar, ons tot bekering en versoening sal lei.

Ongelukkig is baie welmenende mense verward hieroor en glo dat God nie vergewe voordat ons vir sy vergifnis pleit nie. Sulke mense hanteer ook hul vriende op soortgelyke wyse en weier om te vergewe totdat iemand dit vra. En hierdie algemene misverstand oor God is Mite Nr. 2 oor vergifnis.

Mite Nr. 2: God Se Vergifnis Is Gelyk Aan Redding.

Maar dit is eenvoudig nie waar nie. Verlossing vereis nie net vergifnis van God nie, maar ook berou van die sondaar. Toe Christus aan die kruis gehang het, wat het Hy vir sy Vader gesê oor diegene wat Hom daar geplaas het? "Vader, vergeef hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie." (Lukas 23:34) Het sy vervolgers om vergifnis gevra? Nee! Nogtans het God die Seun hulle vergewe. Alhoewel hulle dit nie versoek het nie, is hulle vergewe deur die Een wat die mag in die hemel en op die aarde het om dit te doen.

Was hulle gered toe hulle vergewe is? Het Christus se daad van vergifnis sy vervolgers se harte verander? Was hulle nou vriende van God? Of was hulle nog steeds sy vyande, wat Hom steeds bespot en nog steeds gekruisig het? Hulle het sy vyande gebly omdat hulle nie hul harte oopgemaak het om die vergifnis te ontvang wat Hy so vryelik aangebied het nie. As hulle hul harte

oopgemaak het vir God se vergifnis, sou dit gelei het tot hulle bekering (hartsverandering) en versoening sou plaasgevind het. Dit is jammer dat hulle harte so hard was dat hulle nie gereageer het nie.

John was 'n lid van 'n konserwatiewe Christelike denominasie wat geglo het dat hy, om gered te word, berou moes hê oor elke spesifieke en individuele sonde. Sy geloof het hom groot onsekerheid in sy Christelike lewenswandel besorg. Hy was voortdurend bekommerd dat hy sou vergeet om iets te bely wat sy redding sou verhoed.

Uiteindelik het hy so ontsteld geraak dat hy 'n hartaanval gekry het en na 'n hospitaal se noodkamer gehaas is, waar sy hart vier keer gestop het. Elke keer het die mediese personeel sy hart gedefibrileer en elke keer het dit weer begin klop. Later het hy vertel dat hy tussen elke defibrillasie wakker geword en gedink het, *ek hoop dat daar nie een of ander sonde is wat ek vergeet het om te bely wat my uit die koninkryk sal hou nie*. John het geglo dat God nie vergewe totdat ons vra nie.

Dink aan 'n seun in graad een, wat een van sy klasmaats met 'n pen sien wat lig gee wanneer dit gedruk word. Hy begeer die pen en steel dit. Soos hy groot word, hou hy aan om dinge te steel totdat die owerheid hom eendag as volwassene arresteer en straf.

Nadat hy gevang is, het hy berou en ervaar hy 'n ware hartsverandering. Van toe af is hy eerlik in al sy handeling. Hy gaan uit sy pad om selfs 'n sweempie oneerlikheid te vermy. As hy 'n grys area op sy belasting teëkom, het hy altyd gekies om ekstra te betaal eerder as om iets te doen wat as bedrieg kan voorkom. Toe hy Christus as sy Verlosser aangeneem het, het hy die res van sy lewe in harmonie met God geleef. Maar hy het nooit van die pen in die eerste graad onthou nie. Dink jy dat God hom met die volgende uitspraak sou ontmoet wanneer hy in die oordeel kom?

“Jy was 'n ware en betroubare vriend, soos David van ouds, 'n man na my hart. Jy was eerlik en getrou en is genees in die innerlike mens. Jou hart is reg en jy het My metodes lief en beoefen dit in ooreenstemming met myne. Jy het egter nooit gevra om vergewe te word omdat jy die pen in graad een gesteel het nie. Ek is jammer, maar jy kan nie die hemel binnegaan nie.”

Ons kan nie dink dat God so arbitrêr is nie. Die kwessie is nie of ons elke fout wat ons ooit gemaak het, onthou nie. Die saak gaan eerder oor die toestand van ons hart en verstand. Is ons genees? Het God sy beeld in ons herstel?

Mite Nr. 3: Om Iemand Te Vergewe, Beteken Dat Dit Wat Hy Of Sy Gedoen Het, Reg Is.

Beteken dit om andere te vergewe, daar nou goedkeuring aan hul optrede verleen is? Definitief nie. Maar baie mense glo dat as hulle vergewe word, dit wat hulle gedoen het, geneutraliseer of gekanselleer is, en dat dit dus reg is .

So 'n misverstand spruit uit die basiese misverstand oor sonde wat ons reeds bespreek het. As sonde hoofsaaklik 'n wettige probleem is en vergifnis 'n geregtelike handeling deur 'n magtige heerser, dan wis vergifnis die rekord uit. En poef! Geen straf nie - die persoon is vergewe.

Maar soos ons reeds ontdek het, beskadig sonde die sondaar, en al is dit vergewe, het die effek reeds plaasgevind. Die letsel in ons verstand kan slegs genees word deur die werk van die Heilige Gees deur berou en toepassing van die waarheid. Diegene wat deur God vergewe is, maar wat hulle nooit bekeer nie, laat nie toe dat God hul beskadigde gedagtes (vestand) genees nie, en sodoende bly hulle verlore. Die verskillende groepe wat Christus gekruisig het, sou in hierdie kategorie val.

Maar selfs vir diegene wat hulle bekeer, terwyl hulle genesing van hul hart en verstand ervaar, ontkom nie noodwendig aan die gevolge van sonde nie. Koning Dawid het byvoorbeeld owerspel gepleeg met die vrou van 'n vriend. Toe sy swanger word, vermoor David Uria, haar man, om die sonde te bedek. Nadat hy dit alles gedoen het, is Dawid vergewe en het berou getoon. Hy het 'n werklike hartverandering beleef en is met God versoen, maar Uria was dood en Dawid se misdad teen hom het gebly. Dawid se sonde het gelei tot 'n opstand binne die koninkryk, wat uitloop het op Absalom se poging om sy vader as heerser af te stel.

Ja, Dawid is vergewe, maar het hy met sy sondes weggekome? Skaars. Al is Dawid vergewe, het hy vir altyd letsels van sy ongesonde keuses gehad. As ons vergewe, onderskryf ons nie ongesonde gedrag nie. Intendeel, ons toon die enigste gesonde reaksie.

Mite Nr. 4: Vergifnis Lei Tot Groter Kwesbaarheid.

Baie van my pasiënte is ernstig verontreg, mishandel en aangerand. In reaksie hierop ontwikkel hulle groot wrewel en woede. Die woede laat hulle sterk en minder kwesbaar voel. Die idee om nie sulke toorn en woede te hê nie, kan soos 'n verlies aan mag voel met toenemende kwesbaarheid.

Maar verhoog vergifnis regtig die kwesbaarheid? As diegene wat aangerand is, hul aanvallers vergewe, beteken dit dan dat hulle nie voorsorg sou tref soos om deure te sluit of snags vreemde plekke te vermy nie? Natuurlik nie. In werklikheid is sulke mense oor die algemeen minder kwesbaar omdat hulle meer sensitief geraak het en daarom meer waaksaam is en meer voorsorg tref.

Daarbenewens is diegene wat aan bitterheid vashou en weier om te vergewe, emosionele tydbomme wat wag om met die geringste aanraking af te gaan. Hulle reageer maklik met woede, lees onskuldige gebeure dikwels as aanstootlik, en sien beledigings waar dit nie bedoel was nie. Sulke oorgevoeligheid lei tot minder selfbeheersing en het groter vatbaarheid vir provokasie tot gevolg.

Stel jou voor dat jy pas teruggekeer het van op die strand te lê, maar ongelukkig het jy dit oordoen en het 'n ernstige sonbrand. Wat sou jy doen as jou kind op jou rug spring of jou maat jou omhels? Sou jy hulle instinktief wegstoot? Of het jy dalk 'n reflektiewe gevoel van woede of irritasie? Hoeveel te meer as iemand jou doelbewus op jou skouers slaan? Maar 'n paar dae later, nadat die sonbrand bedaar het, as jou kind op jou rug spring of jou maat jou 'n drukkies gee, hoe reageer jy dan? As ons vergewe, genees ons die emosionele sonbrand in ons harte en dit stel ons in staat om nog baie meer ervarings aan te gaan sonder pyn of irritasie.

Mite Nr. 5: Vergifnis Beteken Herstelde Vertroue.

Soos ons in Kate se ervaring gesien het, om iemand te vergewe, verander dit hulle nie. Vertroue is gebaseer op die betroubaarheid van die individu. Vergifnis is 'n hartsverandering vir die slagoffer, nie die aanvaller nie, en lei daartoe dat die beseerde persoon afstand doen van wraak. Dit herstel egter op geen manier vertroue nie. Eers wanneer die oortredende partye toon dat hulle betroubaar is, kan dit weer herstel word.

Mite Nr. 6: Vergifnis Beteken Om Te Vergeet.

Hierdie een is nogal moeilik, want vergifnis beteken in 'n sekere sin om te vergeet. Maar sodanige vergeet betrek egter nie geheue uitwissing nie.

Kan jy 'n tyd onthou toe een van jou kinders vir jou 'n leuen vertel het en jy die kind moes dissipliner? Het hy of sy berou getoon en vergifnis gevra? En het jy hulle vergewe? Noudat daar vergifnis, berou en versoening plaasgevind het, dink jy, *Hier kom daardie leuenaar van my*, die volgende keer as jy jou kind na jou toe sien kom? Natuurlik nie. Wanneer versoening plaasvind, word die oortreding vergete *wat die verhouding betref* omdat dit nie meer relevant is vir die verhouding nie. Maar word die geheue uitgewis? Is die feite van wat plaasgevind het verlore uit die verlede? Nee. Hierdie tipe vergeet kan veilig eers na versoening plaasvind. Om te vergeet voordat die persoon wat aanstoot gegee het, berou getoon het, sou 'n onnodige risiko inhou.

Hierdie mite spruit ook uit misverstande oor hoe God situasies hanteer. In die Bybel sê God dat as ons ons bekeer, Hy ons sondes nie meer sal onthou nie (sien Jer.31:37; Hebr.8:12; 10:17). Baie welmenende mense het sulke gedeeltes geneem om aan te dui dat diegene in die hemel geen geheue van die sondes en die foute van die regverdiges sal hê nie, dat die opgetekende sondes van die regverdiges uitgewis en uit die herinnering verdwyn het. Kom ons gebruik ons *rede* om hierdie moontlikheid te ondersoek en te kyk of dit ondersoek weerstaan.

Ons het alreeds Dawid se sonde met Batseba genoem - dat hy berou gehad het en vergewe is - maar ons het nog steeds 'n verslag daarvan om te lees. As dit in die hemel uit die geheue uitgewis is, beteken dit dan dat God, wanneer ons ons Bybels hier op aarde lees, nie toelaat dat ons beskerm-engele oor ons skouers kyk nie?

Dink aan die toneel wanneer Dawid, Batseba en Uría in die hemel ontmoet en Salomo by hulle aansluit. Sal Dawid en Batseba weet dat Salomo hul seun is? Sal Uria onthou dat Batseba sy vrou was? Sal Uria vrae vir Dawid en Batseba hê? Sal een van hulle herinneringe hê aan hul lewens op aarde?

Baie mense het 'n probleem dat ons herinneringe in die hemel sal hê omdat hulle bang is hoe ander hul sal behandel as gevolg van wat hulle op aarde gedoen het. Hulle glo nie dat iemand hulle sou kon liefhê en vriendelik met hulle kon wees as ander van hul skarlakenrooi verlede weet nie. Kom ons kyk na enkele bewyse uit die Skrif.

Kyk na die verhaal van die vrou wat in owerspel gevang en voor Jesus gebring is. Ons almal besef dat Jesus haar nie veroordeel het nie, en ons kan moed skep om te weet dat Hy ons ook nie sal veroordeel nie. Maar let op diegene wat die vrou na Jesus gebring het. Sy vyande, hulle het sy dood

beplan en Hom uiteindelik gekruisig. Nou het hulle die vrou gebring in 'n poging om Hom vas te trek.

As Christus die sou aanmoedig wat die owerspelige vrou wou stenig, sou hulle Hom voor die Romeine beskuldig het dat hy die Romeinse wet aangewend het, omdat slegs die Romeinse regering iemand kon veroordeel. Of as Hy die vrylating van die vrou gekies het, sou hulle Hom voor die volk voorgehou het dat Hy die wet van Moses ondermyn het.

Jesus het besef dat hulle die situasie opgestel het vir 'n lokval vir Hom. Hy het nie net geweet dat hulle sy vyande was nie, maar het ook hul geheime sondes geken. Gevolglik sou Hy kon kies om hulle sondes bloot te lê en dan die skare aanspoor om teen hulle te draai. In plaas daarvan het Hy 'n heel ander weg gevolg - een wat die godsdiensteleiers nie verwag het nie. Hy buk en begin om hul verskillende sondes op die plaveistene van die tempelhof neer te skryf - sonder name. Elke persoon het sy eie tekortkoming waargeneem, skuldig gevoel, omgedraai en weggeloop.

Is dit nie verbasend dat Jesus die reputasie van selfs sy vyande beskerm het nie! As God hulle reputasie bewaar, hoeveel te meer sal Hy die reputasie van sy vriende beskerm?

Hier het ons konkrete bewyse dat God ten duurste vir Homself gedemonstreer het oor hoe Hy sy heelal bedryf. In die hemel sal die geheue voortduur, maar niemand sal die inligting vernietigend gebruik nie. Ons herinneringe aan selfs tragiese gebeure sal ons liefde en waardering vir God en sy metodes verder verhoog. Sodanige onthou sal die heelal beskerm teen opstand wat ooit weer mag ontstaan.

Wat van Judas? Jesus het geweet dat die dissipel van plan was om Hom te verrai, maar Hy het hom nie aan die ander dissipels blootgestel nie. Trouens, toe Judas die bovertrek verlaat op pad na die tempelamptenare, het die ander dissipels gedink dat hy vir die armes sou gaan versorg.

By God word die geskiedenis van ons lewens nie vergeet nie. Maar omdat ons genes is en ons harte in harmonie is met syne, word dit vergeet wat die verhouding betref. God bring dit nie na vore nie - dit is nie meer 'n probleem nie.

Oorweeg wat sou gebeur as jou kind maandelange pynlike en ellendige behandelings vir leukemie sou ondergaan. Dit het die immuunstelsel van die kind onderdruk, en hy of sy is swak en

gereeld naar. Sy of haar hare val uit. Sou jy hierdie kind anders behandel as jou ander kinders? Sou jy meer sorg bestee, groter voorsorg tref en groter betrokkenheid soek?

Maar as die leukemie in totale remissie is, en jou kind gesond is, sou jy die kind steeds met al die beperkings en spesiale voorsorgmaatreëls omring? En sou jy ooit vergeet hoe na-aan die dood jou kind was? Natuurlik nie. Maar hoe jy die kind behandel na die kind gesond is, is die leukemie vergete. Dit maak nie meer saak nie en geen voorsorgmaatreëls is nodig nie. Dit is hoe dit met God en ons gaan. Nadat ons genees is, het ons nie meer die spesiale voorsorgmaatreëls nodig nie. Maar ons onthou nog die geskiedenis van ons siekte, en dit dra by tot ons waardering vir God vir die spesiale pogings wat Hy aan ons gewy het.

God vergeet ons sondes op dieselfde manier as wat 'n moeder die leukemie vergeet wat haar kind vroeër gehad het. Sonde is nie meer deel van ons karakter nie en is dus nie meer relevant in ons verhouding met Hom nie.

Mite Nr. 7: Vergifnis Beteken Dat Hulle Daarmee Kan Wegkom.

Die laaste en miskien die moeilikste mite om te herken en op te los, is dat om iemand te vergewe, die verantwoordelikheid of gevolge vir wat hy gedoen het, vryspring. Hierdie mite is die moeilikste vir my pasiënte om te herken. Dit behels wanopvatting oor God, die probleem met sonde en sy oplossing daarvoor.

In werklikheid kom niemand ooit met sonde weg nie, want soos ons herhaaldelik gesien het, beskuldig ons onself as ons sondig (vernietigend optree). Met elke ongesonde daad - en selfs elke ongesonde gedagte wat ons koester - maak ons onself toenemend hardhartig, selfsugtig en boos.

Sommige mense sien nie dat die probleem met sonde is dat dit die sondaar skade berokken nie. In plaas daarvan glo hulle dat iemand wat sondig, straf opgelê moet word. As daar geen straf bestaan nie, is dit moeilik om te vergewe, want dit lyk asof niemand die sondaar aanspreeklik hou nie. Die korrekte begrip van sonde laat egter toe dat niemand ooit daarmee wegkom nie - eerder dat diegene wat sondig, hulself stadig vernietig.

Toni was ontsteld, kwaad en geïrriteerd. Haar woede was die gevolg van konflik met 'n kollega wat gereeld ure op die telefoon deurgebring het met familie en vriende, en baie min werk gedoen het. Alhoewel haar medewerker se nalatigheid nie meer werk vir Toni beteken het nie,

het sy haar toenemend besig gehou met die vermeende onreg. “Dit is net nie reg nie,” het sy opgesom. “Ek werk hard en praat nie die hele dag op die telefoon nie.” Toni was ontsteld omdat sy nie die aard van sonde verstaan het nie.

Om haar te help om die situasie die hoof te bied, het ek haar gevra om die volgende scenario te oorweeg. As sy sou instem om iemand se motor vir R150 te was, die R150 te aanvaar, maar nie die motor gewas het nie, hoe sou sy voel? “Vreeslik, soos 'n dief,” antwoord Toni dadelik. Sy het besef dat haar selfbeeld en selfwaarde sou val, en skaamte, skuldgevoelens, depressie en angs sou toeneem.

Vervolgens het ek haar gevra hoe sy sou voel as sy instem om sekere pligte vir 'n onwettige loon uit te voer, die betaling te aanvaar, maar nie haar pligte uitvoer nie. Toe Toni blykbaar nie die verband gemaak het nie, het ek hierdie vraag gestel: as haar man nie sy tande borsel nie, sou sy dink dat dit beter met hom sou gaan? Sy het besef dat so iets nie moontlik was nie, want sy tande sou uiteindelik verrot. Dit is die punt: die medewerker wat die baas bedrieg het, het iets meer waardevols as tande vernietig - sy het haar siel vernietig. Die punt het vir Toni duidelik geword. Sy kon sien dat haar kollega nie 'n beter opsie kry nie, maar eintlik haarself beskadig.

Misverstande oor God en sy vergifnis is al eeue in omloop. George MacDonald, die beroemde negentiende-eeuse teoloog, het dieselfde kwessies gekonfronteer:

“Die Here het nooit gekom om mense van die gevolge van hul sondes te verlos nie, terwyl die sondes nog steeds oorgebly het ... Maar hulle het niks gevoel vir die vreeslike haatlikheid van hul sonde nie, en het altyd hierdie woord aangeneem dat die Here gekom het om ons van ons sondes te verlos, om te beteken dat Hy hulle kom red het van die straf vir hulle sondes.

Hierdie idee het die prediking van die Evangelie verskriklik bederf. Die boodskap van die Goeie Nuus is nie reg oorgedra nie. Nie in staat om in die vergifnis van die Vader in die hemel te glo nie, en hom nie voor te stel dat hy vry is om te vergewe nie, of nie in staat is om reguit te vergewe nie; omdat hulle nie regtig in God glo wat ten volle ons Verlosser is nie, maar 'n God wat gebind is - óf in sy eie aard, óf deur 'n wet bo hom - wat hom verpligtend is - om vergelding of tevredenheid vir sonde te eis, het 'n menigte godsdiensonderwysers hul medemens geleer dat

Jesus ons straf kom dra het om ons van die hel te verlos. Maar daarin het hulle sy ware missie verkeerd voorgestel.”¹⁷

Die saak wat God in ons lewens probeer bereik, is die werklike genesing en transformasie van ons harte en gedagtes (verstand), hier en nou. Dit behels veel meer as net eenvoudige vergifnis. Terwyl ons leer hoe om ander te vergewe, werk ons saam met God vir die genesing van ons eie verstand.

As dit nog steeds 'n bietjie verwarrend is, oorweeg die geval van die reeksmoordenaar Jeffrey Dalmer, wat talle mense vermoor het, hul liggame opgesny en in sy yskas gesit het. Alhoewel mnr. Dalmer oorlede is, kom ons aanvaar dat hy nog lewe en dat die president hom vergewe, kwytgeskeld en vrygelaat het. Sou jy Jeffrey Dalmer as jou buurman wou hê? Hoekom nie? Hy was immers vergewe? Maar is hy verander? Sou hy veilig wees om langs jou te woon? Of is hy so verdraai dat dit onveilig is om hom as buurman aanvaar? Hier is die finale gevolgtrekking in die probleem met sonde. Sonde het ons beskadig, en slegs diegene wat met God saamgewerk het vir die herstel van sy beeld binne hulle, sal gered word.

Die Bybel praat oor hierdie transformasie op verskillende maniere: soos om herskep te word in die innerlike, soos om die gedagtes van Christus te hê, soos om God se wet op ons hart en verstand te laat skryf, soos om deur die Gees te wandel en nie na die vlees nie, die besnydenis van die hart deur die Gees, as 'n nuwe skepping en as wedergebore. Al die metafore wys op dieselfde: verander, genees, herstel; om die skade van die sonde te genees; om selfsug te vervang met die wet van liefde en vryheid; met 'n veredelde *rede* en suiwer *gewete* wat 'n stabiele *wil* rig in die vestiging en handhawing van selfbeheersing; een met God te wees in metode, beginsel en beweegrede; en werk vanuit die wet van liefde en vryheid.

In die nasleep van die terreuraanvalle op 11 September 2001, smag baie mense na 'n veilige samelewing. Hulle wil 'n plek hê waar hulle nie bang hoef te wees nie, waar hulle nie veiligheidswagte nodig het wat met gewere patroleer nie, en waar almal vertrou kan word. Dit is presies waarom net diegene wat met God saamgewerk het om die hart te transformeer, die hemel sal binnegaan. Die hemel sal slegs diegene insluit wat veilig is en wat vertrou kan word. Slegs diegene wat die vermoë het om selfbeheersd en selfregerend te wees, sal die absolute vryhede in God se heelal kan hanteer. Om ander te vergewe is een van die stappe wat ons neem om met Hom saam te werk vir ons eie genesing en transformasie.

“Wat is die kern van God? Sy krag? Nee, want krag kon hom nie maak wat ons bedoel as ons God sê nie. 'n Wese waarvan die kern slegs krag was, sou 'n ontkenning van die goddelike wees, dat geen regverdige aanbidding hom aangebied kon word nie; sy diens sou net vrees wees” -
George McDonald

Die Ongevalle van die Oorlog

In die nasleep van die terreuraanvalle op die *World Trade Center* en die *Pentagon* op 11 September 2001, het baie van my pasiënte gevra: “Waarom laat God sulke dinge gebeur?” “Waarom gebeur slegte dinge met goeie mense?” “Waarom beskerm God nie die onskuldiges nie?” Tydens die nasionale gebedsdiens vir die slagoffers van die aanval op 11 September, het Billy Graham dieselfde vrae gestel en aangedui dat hy steeds antwoorde soek.

Ek kan weer die gesig van my pasiënt in die inleiding sien en hoor hoe sy huil. Weereens word ek geteister deur Haar pyn en Haar desperate soeke na antwoorde op sulke vrae. Dit herinner my aan my onvermoë om Haar sinvolle antwoorde te gee. En nou wens ek dat ek Haar kon vind en haar hierdie waarhede kon vertel.

Waarom Laat 'n Liefdevolle God Soveel Pyn Toe?

In sy woede het Frank 'n onderstroom van siedende woede uitgestraal wat lyk asof dit soos 'n vulkaan by die geringste provokasie kan uitbars, 'n illusie versterk deur sy rooi hare en gesig. Soos hy kwaad word, word sy gesig rooi soos 'n termometer.

Met sy lengte van oor die 1.8 meter en 159 kilogram gewig, was hy geneig om 'n bietjie intimiderend te wees vir diegene rondom hom. Omdat sy kwaai uitbarstings hom dikwels groot probleme by die werk besorg het, het sy werkgewer voorgestel dat Frank hulp soek om sy woede te hanteer om te verhoed dat hy sy werk verloor.

Toe hy my die eerste keer besoek, was Frank terughoudend en wou nie oop maak nie. Na verskeie sessies het hy egter pynlik vertel dat sy oom hom gemolesteer het toe hy 6 jaar oud was. Sedert daardie tyd, verward oor sy seksualiteit en gewonder of hy gay is, het hy gesukkel met sy identiteit. Sulke twyfel het daartoe gelei dat hy homself gehaat het en homself voortdurend in sy eie gedagtes (verstand) belaglik gemaak het.

Die moontlikheid dat hy gay was, was so aanstootlik dat hy herhaaldelik gesê het dat hy verkies om homself dood te maak eerder as om so 'n lewenstyl te volg. Frank het homself verafsku

omdat hy sulke deurmekaar gevoelens gehad het en was kwaad vir God omdat hy toegelaat was dat hy mishandel word. Hy het die Here blameer vir die verwarring oor sy seksualiteit, en het gesukkel om antwoorde te vind waarom Hy onskuldige kinders sou laat ly.

Sy haat teenoor God en homself was so erg dat hy 'n siniese houding ontwikkel het en niemand vertrou het nie en almal spot. Hy het voortdurend fout gevind met ander en het geïrriteerd geantwoord as iemand probeer om vriendelik te wees. Hy het die meeste mense aktief weggestoot, veral as daar 'n aanduiding van aantrekkingskrag was. Hoewel hy bang was vir intimiteit, het hy bitterlik gekla oor sy eensame lewe en sy diepe drang na 'n vrou en familie. Die man was verward, seergemaak, kwaad en verlore.

Ons het hierdie kwessies begin ondersoek in die lig van God se beginsels van waarheid, liefde en vryheid. Frank moes in staat wees om sin te maak van sy lewe, 'n begrip van sy situasie te ontwikkel wat redelik en gesond was en wat genesing sou bevorder. Hy het geglo dat as God regtig liefde sou wees, Hy nooit sou toelaat dat iemand kinders mishandel nie. Of hy dit besef het of nie, hy vra die eeue oue vraag: Waarom laat 'n liefdevolle God soveel pyn toe?

'n Universele Oorlog

Die enigste manier om dit voldoende te beantwoord, is om die grootste moontlike siening in te neem, dit wil sê 'n universele blik. Ons moet die saak in sy regte konteks plaas, naamlik oorlog. Nie 'n stryd tussen plaaslike regerings of selfs 'n wêreldwye konflik nie. Nee, hierdie konflik behels die hele heelal, en ons planeet is die slagveld. Die betrokke magte veg al vir millennia, en die kwessies wat op die spel is, is liefde, vryheid en individualiteit. Dis nie 'n geveg met krag en mag of koeëls en tenks of vlammende swaarde en weerligstrale nie, maar eerder 'n stryd oor twee metodes, twee beginsels, twee motiewe - tussen die beginsels van selfsug en liefde. In die konteks van hierdie universele konflik moet ons begrip vir hierdie moeilike vrae soek.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Verenigde State baie van sy jong mans gestuur om vir vryheid in Europa en Asië te veg. Sou enigiemand verbaas wees dat daar op baie van ons soldate geskiet was, dat hulle gewond en vermoor is? Niemand het dit onverwags of skrikwekkend gevind nie. Daarom het niemand die volgende geëis nie: “Waarom gebeur slegte dinge met ons

troepe?” Ons het besef dat ons oorlog voer met 'n vyand wat vasbeslote is om ons soldate dood te maak.

Op dieselfde manier veg ons op hierdie planeet teen 'n vyand wat vasbeslote is om soveel as moontlik van ons te verwond en te vernietig. Die apostel Petrus herinner ons aan ons behoefte om waaksaam te wees: “Wees selfbeheersd en waaksaam. Jou vyand, die duiwel, sluip rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind” (1 Petrus 5:8, NIV).

Maar terwyl ons teenstander ons wil vernietig, is dit God se doel om ons te red, “As God vir ons is, wie kan teen ons wees?” (Rom. 8:31) Maar as God eintlik aan ons kant is, waarom tref slegte dinge nog steeds sy vriende? Waarom laat Hy dit gebeur? As Hy almagtig is, waarom gryp Hy dan nie in om sulke pynlike dinge te voorkom nie?

Die Oorlog Gaan Nie Oor Mag Nie

Ten eerste is hierdie stryd nie bloot 'n vraag oor wie die meeste mag het nie. Satan het nog nooit beweer dat hy meer mag het as God nie. Die Bybel herinner ons daaraan dat die duiwels glo en bewe (Jakobus 2:19). Satan was bewus van goddelike mag en het geweet dat dit nutteloos was om God met geweld te probeer omverwerp. Daarom het hy probeer om ons weg te keer van God af deur te bewys dat die Here sy mag misbruik en dat ons nie vry is nie. Soos ons in vorige hoofstukke gesien het, respekteer die wet van vryheid die individu. Wanneer enigiets die wet van vryheid oortree, word liefde vernietig. Satan stel God verkeerd voor as mishandelend in 'n poging om afkeer teen Hom aan te wakker en sodoende die liefde uit te wis en opstand aan te wakker.

Maar God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gestuur het, nie om dit te veroordeel nie, maar om dit te red. Met ander woorde, Hy het sy Seun gestuur om sy liefde vir ons te openbaar en sodoende liefde in ons harte wakker te maak.

Die Oorlog Gaan Oor Liefde

Liefde kan nie met geweld gewen word nie. Slegs deur liefde word liefde wakker gemaak. God het sy Seun gestuur om te demonstreer dat selfs wanneer God se eie lewe op die spel is, die beginsels van liefde en vryheid te belangrik is om te skend. Christus sou nie sy mag gebruik om Homself aan die kruis te red nie. Hoekom? Omdat dit Satan reg sou bewys: dat God 'n willekeurige,

wispelturige god is wat sy mag gebruik om vir sy eie doeleindes te manipuleer. In so 'n heelal sou liefde en vryheid nie bestaan nie.

Maar Christus het net die teenoorgestelde geopenbaar - dat ons werklike vryheid by God het. Die Here respekteer ons vryheid soveel dat Hy sou sterf eerder as om ons te dwing om dinge op sy manier te doen. Maar ware vryheid hou groot risiko's in - die van opstand en misbruik.

Net Die Wat Genees Is, Sal Veilige Bure Maak

In die nasleep van die aanvalle van die *World Trade Center* en die *Pentagon*, met daaglikse dreigemente van nuwe terrorisme in die nuus, smag mense meer as ooit tevore na 'n land wat vry is van vrees, misdaad en die misbruik van vryheid - 'n land wat geen leërs nodig het om terroriste te agtervolg of die polisie om die strate te patrolleer nie.

So 'n plek sal slegs bestaan as dit bewoon word deur mense wat vryelik gekies het om met God saam te werk vir die genesing van hulle verstand. Die heelal sal slegs veilig wees as dit bewoon word deur individue wat die metodes van liefde en vryheid waardeur en beoefen. Slegs diegene wat met God saamgewerk het om sy beeld na binne te herstel, sal gered word, want slegs diegene wat genees is, sal veilige bure maak.

God laat dus individue toe om hul karakters hier op aarde te ontwikkel in ooreenstemming met die vrye beoefening van die individuele *wil*. As Hy in iemand se gedagtes (verstand) sou ingryp om hom of haar te dwing om 'n spesifieke daad te kies, sou daardie persoon nie meer 'n vrye wese wees nie, maar 'n goddelik beheerde outomaat. So 'n individu kan nie liefhê nie, maar is beperk tot die uitvoering van geprogrammeerde opdragte. Wat God wil hê, kan nie bereik word deur Sy mag en krag te gebruik nie. Vertroue kan slegs herstel word deur waarheid in liefde te openbaar, en dan mense vry te laat om self te besluit wat hulle daarmee wil doen.

Tweedens: Dissipline

Die vryheidswet vereis dat almal self moet besluit watter metodes hulle verkies. Dit is in die keuse van die reg dat ons met God saamwerk om ons harte en gedagtes (verstand) te transformeer. Maar al te dikwels het ons so verskans geraak in ongesonde gedrag of verhoudings dat ons nie die

waarheid kan herken nie. Daarom sal God, as 'n goeie ouer, diegene tugtig wat Hy liefhet in 'n poging om hul gedagtes (verstand) op te wek vir die gevaar waarin hulle verkeer.

Beproewinge vind dikwels plaas om ons te help om die ongesonde dinge in ons lewens duideliker te sien, sodat ons kan kies om dit te verander. Soos een van my kollegas gesê het: “Pyn is die kunsmis van die siel.” In moeilike tye ervaar ons dikwels die grootste groei. Dit openbaar ons ware karakter en bring ons gebreke aan die lig, wat ons die geleentheid bied tot genesing en groei. Beskou die volgende Bybelse tekste:

“Beskou dit as 'n groot vreugde, my broers, wanneer allerhande versoekings julle oorval, omdat julle weet dat as julle geloof getoets word, dit volharding meebring. Maar julle volharding moet tot volledige ontwikkeling kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in geen opsig tekort skiet nie.” (Jak. 1:2-4, DV).

“Jubel hieroor, al moes julle tot nou toe vir 'n kort tydjie deur allerhande beproewings bedroef word. Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die egtheid van julle geloof — 'n egtheid wat baie kosbaarder is as goud wat verganklik is, maar nogtans met vuur getoets word — uitloop op lof en heerlikheid en eer wanneer Jesus Christus geopenbaar word.” (1 Petr 1: 6, 7, DV).

“Ja, U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos 'n mens silwer louter.” (Ps. 66:10, DV).

“Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek.” (Openb. 3:19).

Wat beteken hierdie gedeeltes? Stel jou voor dat jy in 'n motorongeluk was en jou been gebreek het. Die dokter het die been geset, en nou is dit tyd vir fisioterapie. Hoe dink jy sal die fisioterapie voel? Sou die genesingsproses pyn inhou? Dink nou aan 'n vrou wat as kind seksuele mishandeling verduur het en psigoterapie ondergaan om die skade wat sy opgedoen het, te genees. Weereens, sou die terapie pynlik wees?

Ons is siek. Omdat ons verstand gebrekkig is, vind ons onself aangetrokke tot vernietigende metodes van hantering en omgang. Die genesingsproses is pynlik. Maar as jy, nadat jy jou been gebreek het, fisioterapie ondergaan, sal die pyn verminder en jou spierkrag weer terugkeer? As die vrou wat as kind mishandel was, haar mishandeling in terapie verwerk, sal die pyn ook verminder, en sal haar karakter gesonder word?

God verstaan dat genesing pyn behels. Ook Hy moes pyn verduur om sy heelal te genees. Sonder sy persoonlike opoffering kon Hy nie die vrede en gesondheid in die heelal herstel nie.

Waarom Moes Jesus Sterf?

Maar waarom moes God so 'n offer bring? Hoe genees Sy pyn Sy heelal? Waarom was Christus se dood nodig?

Omdat niks anders ons weer kon terugwen tot volkome vertrouwe nie, terwyl die heelal beveilig word teen toekomstige opstand. Liefde kan nie gedwing word nie. Ons liefde moet vrylik gegee word.

Om God lief te hê, moet ons Hom leer ken. In ons gevalle toestand het ons God se ware karakter en metodes uit die oog verloor. Satan se verdraaiings het ons gedagtes (verstand) verduister. Slegs die openbaring van die goddelike karakter kon Satan se wanvoorstellings verwyder. En slegs een wat aan God gelyk is, kon daardie karakter akkuraat openbaar.

Een van die voorspelbare gevolge as die wet van vryheid oortree word, is rebellie. Maar diegene by die seminaar het geen vyandigheid of woede getoon nie. Daar was geen bewyse van onenigheid of opstand nie. Indien die wet op vryheid oortree was, waarom het daar geen duidelike rebellie ontstaan nie? En dit is hier waar die misleiding uiters subtiel word en dus des te gevaarliker.

Elke deelnemer met wie ek gepraat het, *het* 'n begeerte gehad om te rebelleer, te weerstaan en terug te trek. Sommige was duidelik ongemaakter as ander, maar almal het dit blykbaar ervaar.

Maar omdat die toerusting oorweldigend Christelik was, is die deelnemers aangemoedig om te verstaan dat hulle weerstand teen die Heilige Gees was. Hierdie regverdiging was natuurlik ver van die waarheid af. Die lede wat by die naweek-seminaar betrokke was, het gekom omdat hulle 'n verhouding met die Here wou beoefen. Toe die seminaar metodes van geheimhouding, misleiding, beheer en groepsdruk gebruik het, het elke deelnemer egter 'n gesonde, godgegewe reaksie gehad om teen sulke taktieke te rebelleer. Omdat die metodes so Christelik voorgekom het, was dit feitlik onmoontlik om presies te identifiseer waarteen hulle weerstand wou bied. Hierdie onvermoë om die ware aard van die rebellie te identifiseer (teen ongesonde metodes, nie God nie) het hulle oopgestel vir die misleiding dat enige weerstand teen God was.

Beide die aangewese en geheime personeel het hierdie verkeerde rigting aangemoedig, sodat die deelnemers maklik oortuig was om hul strewe na vryheid te onderdruk en eerder aan te pas by die groepsideaal. Die naweek het gevolglik geen openlike rebellie opgelewer nie, maar slegs 'n stadige erosie van individualiteit en 'n verswakte vermoë om te redeneer en te dink.

Die organiseerders van die naweek het ongetwyfeld op hul agenda gehad om die evangelie te versprei en Christelike liefde te verhoog. Maar hulle het nie daarin geslaag nie, want - alhoewel die naweek gevul was met Christelike musiek, gebed, sakramente en getuienisse – het hulle metodes gebruik van geheimhouding, manipulasie, bedrog, dwang en beheer.

Die evangelie (goeie nuus) oor God is dat Hy nie sulke metodes gebruik nie. Sy metodes van openheid, waarheid, liefde en vryheid lei tot die herstel van die beeld van God van binne, die versterking van die *rede*, die reiniging van die *gewete*, die ontwikkeling van selfregering, en 'n toename in vryheid en outonomie. Maar die metodes wat deur die organiseerders van die seminaar gevolg is, eerder as om die genesing van die verstand te bevorder, het ongelukkig gelei tot die verdere vernietiging van die beeld van God, want die naweek het individuele vryhede geskend en die individuele identiteit subtiel verweer.

Simbole Het Betekenis

Hoe is dit moontlik vir intelligente mense om oortuigings te hê wat wedersyds eksklusief is? Een van Satan se strategieë is om mense te oorrede om simboliek as feit te aanvaar eerder as om die betekenis van die simbole self na te streef, om metafoor as werklikheid te aanvaar eerder as om die betekenis van die metafoor te ondersoek.

Die Christendom is gevul met simbole en moeilike taal wat die aanvaarding van oortuigings bevorder wat nie sin maak nie. Kyk na die woord “regverdigmaking”. Vra 'n predikant wat dit beteken, en jy sal waarskynlik iets soos die volgende kry:

“Toe die mensdom gesondig het, het dit onder die veroordeling van God se wet geval. Die straf vir die oortreding van die goddelike wet is die dood. Maar God het ons so lief gehad dat Hy nie wou hê dat ons moes sterf nie. Daarom het Hy sy Seun gestuur om die prys te betaal deur sy bloed te stort. As jy die betaling van Christus se bloed wat namens jou gestort is aanvaar, word jy geregtig of deur God aanvaar. Jy word in die bloed gewas en jou sondes word vergewe. Nie gebaseer op jou werke nie, maar op die verdienste van Christus se betaling.”

Is dit wat regverdigmaking beteken? Onder die formaatmenu op my woordverwerking-sagteware is daar 'n opdrag “regstel” wat ek kan gebruik om die kantlyne reguit te maak. Raai wat gebeur as ek die opdrag uitvoer? Die linker- en regterkantlyn kom ooreen. Alles wat buite harmonie was, word in harmonie geplaas, alles buite orde word in orde gebring, alles buite die lyn word in lyn geplaas, alles wat verkeerd is, word reggestel. Wat is buite orde in ons sondige wêreld wat weer in orde moet wees? Wat is verkeerd wat reggestel moet word?

Toe Adam gesondig het, het God 'n sekere verandering ondervind wat Hy nou moes herstel? Natuurlik nie. God is dieselfde gister, vandag en more. Moes Christus dan nou sterf om God te paai, die Vader se houding teenoor ons te verander, om Hom te kry om ons te vergewe? Nee! “God het die mensdom só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het” (Joh. 3:16, NLV). “God in Christus die wêreld met Homself versoen het” (2 Kor. 5:19). “As God vir ons is, wie kan teen ons wees?” (Rom. 8:31) Christus het gesê: “Wie My gesien het, het die Vader gesien.” (Joh. 14:9, DV). Christus is 'n “presiese ewebeeld” van die Vader (Hebr. 1:3, NLV). Daar was nooit 'n probleem met God nie. Hy was nog altyd aan ons kant.

Maar toe Adam gesondig het, het hy verander? Ja! Sy gedagtes (verstand) het opgehou om op gesonde maniere te werk. Toe hy nie meer op God vertrou of sy metodes en beginsels van regering waardeer nie, het hy selfsugtig geword.

Wat reggestel moes word, was die menslike hart en verstand. Om te *regstel*, beteken eenvoudig om ons harte en gedagtes (verstand) in harmonie met God s'n te herstel, om teruggewen te word tot liefde en vertrou. Maar dit kan slegs gebeur deur die waarheid oor God se liefde te openbaar. Dan sal elke persoon die verantwoordelikheid dra om te oorweeg en vryelik te besluit om hierdie waarheid te aanvaar of te verwerp.

Baie simbole in die Christendom word verkeerd verstaan en lei tot die onttroning van die *rede*. Dink aan wat dit beteken om in die bloed gewas te word of deur die bloed gereinig te word? Word ons regtig in rooi bloedselle gewas? Natuurlik nie. Waarvoor staan die beelde dan?

Bloed is 'n Bybelse simbool van lewe (Lev. 17:11). Christus se lewe openbaar die waarheid oor God en ontbloot die leuens wat Satan oor Hom vertel het. Diegene wat hierdie waarheid verstaan en aanvaar, se gedagtes (verstand) word gewas of gereinig van die verdraaiings en wanvoorstellings oor God. As hulle weer op Hom vertrou, begin hulle sy metodes toepas.

Wat doen bloed in die liggaam? Dit bring lewe (suurstof en voedingstowwe) en verwyder die dood (koolstofdiksied en afval). Aanskou die rol van die waarheid oor God, soos geopenbaar in die lewe en dood van Christus (die bloed van Christus). Dit bring lewe (waarheid) en verwyder die dood (leuens). Om deur die bloed gewas te word, beteken dat die verstand herstel word deur die waarheid soos dit in Christus geopenbaar word.

Hebreërs 2:14 bied verdere insig in hierdie proses: “Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy [Christus] dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel.” Het jy geweet dat die duiwel die mag van die dood besit? Wat is daardie krag?

Johannes 17: 3 gee die antwoord in Christus se eie woorde: “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.” (NAV) As om God te ken, die ewige lewe is, wat sou die ewige dood dan wees? Om God nie te ken nie! Wat is dan Satan se mag? Die leuens wat hy oor God vertel wat ons glo, weerhou ons daarvan om Hom te ken.

Die bloed van Christus simboliseer die waarheid wat geopenbaar is in Christus se lewe en dood wat die leuens van Satan vernietig. Die waarheid maak ons vry. Dit genees ons verstand en herstel ons verhouding met die Vader.

Binne die Christendom vind ons baie ander voorbeelde van verkeerde of onverstaanbare taal en simboliek. Dink aan enkele voorbeelde wat jy ken. Soek dan na hul ware betekenis.

Ses Tekens Dat Rede Vernietig Word

Aangesien die *rede* op baie maniere onttron kan word, moet ons 'n paar tekens ondersoek wat aandui dat die *rede* van sy bedoelde rol verwyder word. Hieronder is ses algemene tekens wat dikwels opduik as die *rede* nie betrokke is nie.

1. God Het Dit Gesê, Ek Glo Dit, En Dit Bevestig Dit

Baie mense vertoon simptome wat daarop dui dat hulle hul *rede* laat kantel het en die vermoë verloor het om self te dink. Miskien het jy al iemand hoor sê, “God het dit gesê, ek glo dit, en dit bevestig dit.” Alhoewel dit baie geestelik klink en voorkom soos “'n weg wat vir 'n mens reg lyk,” lei dit op die ou end tot die dood, want dit onttron die *rede* en benadeel die persoon se vermoë om waarheid te herken. Dit maak voorsiening daarvoor om enigiets te glo.

Wil God hê dat ons moet glo net omdat Hy so sê? Of verkies Hy dat ons glo omdat die waarheid aan sy kant is, en ons die waarheid verstaan het? Enigiemand kan aansprake maak, maar net God het die waarheid. Dink na oor die Bybelteks wat verklaar, “God is liefde” (1 Joh.

4:8). Hoe weet ons dat God liefde is? Omdat die Bybel sê, “God is liefde”? So 'n stelling is slegs 'n verklaring, en Satan kan 'n soortgelyke verklaring maak.

Die manier waarop ons weet dat God liefde is, is nie net die feit dat God gesê het, “Ek is liefde” nie, maar as gevolg van die bewyse wat Hy gelewer het om sy liefde te openbaar. Dink aan die menigte verhale wat in die Bybel gevind word wat sy geduldige verdraagsaamheid, sy barmhartigheid, sy genade en sy voortdurende voorsiening vir ons planeet toon, wat uitloop op Christus se dood aan die kruis as die oorweldigende bewys van goddelike liefde.

God hoef nie op proklamasies of slagspreuke te vertrou nie, want Hy het die bewyse aan sy kant. Maar aangesien Satan geen bewyse het nie, probeer hy mense oortuig deur aansprake en bewerings.

Onthou toe Bill Clinton voor die land staan en verkondig het, “Ek het geen seksuele verhouding met daardie vrou gehad nie.” Maar toe Monica Lewinsky haar rok na vore bring, het die getuienis die waarheid onthul. Satan het in homself geen waarheid nie, en daarom vier hy dit wanneer Christene metodes gebruik wat op feite staatmaak sonder bewyse, omdat dit hulle opstel vir misleiding.

Die Here wil nie hê dat ons moet glo net gebaseer op die gewig van sy persoonlike stellings nie. Na die opstanding van Christus het twee individue langs die pad na Emmaus geloop toe 'n derde by hulle aangesluit het. Ons weet dat laasgenoemde Christus was, maar hulle het Hom nie herken nie.

Moedeloos oor die kruisiging van Christus, was hierdie dissipels onbewus daarvan dat Hy opgestaan het. Hoe het Christus die situasie hanteer? Hy kon gekies het om in groot krag sy identiteit aan hulle te demonstreer en te verklaar, “Dit is Ek, die opgestane Verlosser. Glo in My.” In plaas daarvan lei Hy hulle deur die bewyse van die Ou-Testamentiese geskrifte wat die gebeure in sy lewe voorspel het. Eers toe hulle op grond van die skriftuurlike bewyse oortuig was, het Hy Homself aan hulle geopenbaar.

God wil nie hê dat ons moet glo op grond van persoonlike verklarings en aansprake nie. Hy wil eerder hê dat ons die waarheid moet glo as gevolg van bewyse. In die boek Jesaja sê God, “Kom nou, laat ons saam redeneer, alhoewel jou sondes soos skarlakend is, sal dit wit wees soos sneeu; al is dit rooi soos purper, sal dit soos wol wees” (Jes. 1:18, NIV). Die proses om die

getuienis uit te redeneer en die waarheid vir onself te ontdek, verdwyn uit ons gedagtes (verstand) en verander ons na die gelykenis van Christus. Dit kan nie net deur gelowige verklarings plaasvind nie. Om eise te aanvaar, sonder bewyse, vernietig die *rede* en verswak die verstand en verander ons in onnadenkende skaduwees van ander.

2. As Dit Goed Genoeg Is Vir My Ma ...

Ongelukkig is dit 'n redelik algemene gebruik in die Christendom - om te glo op grond van wat iemand gesê het wat jy liefhet of vertrou. Onlangs het die Anglikaanse kerk sy amptelike oortuiging oor die hel verander. Tradisioneel was dit van mening dat die hel 'n plek van ewige vurige pyniging was. Onlangs het die Anglikaanse Kerk egter sy standpunt aangepas en nou leer dit dat die goddelose op die ou end heeltemal vernietig word, met die argument dat die leerstelling van ewige foltering van God 'n “sadistiese monster” maak.²⁰

Stel jou voor dat 'n lid van die Anglikaanse Kerk die vraag oor die hel opper by iemand wat in die ewige foltering glo. As diegene wat die konsep van ewige pyniging glo, reageer deur te sê, “Ek glo in 'n ewige brandende hel, want dit is wat my ouers glo,” sou hulle vir hulself dink? Sou so 'n reaksie die gebruik van *rede* of die onttrekking daarvan openbaar? Of wat as hulle sou sê, “Wel, dit is wat my predikant sê.” Of, “Ek het dit my hele lewe lank geglo. Ek gaan nie nou verander nie.” Sulke antwoorde toon dat die *rede* eenkant toe geskuif word, dat hulle hul gedagtes (verstand) vir enige verdere waarheid gesluit het.

3. So Baie Mense Kan Nie Verkeerd Wees Nie

Een van my gunsteling antwoorde wat daarop dui dat die *rede* nie hierby betrokke is nie, kom voor as iemand aankondig, “Die meeste kerke leer dit. Soveel mense kan nie verkeerd wees nie.” Maar diegene wat hierdie argument gebruik om die *rede* te ontkoppel, vergeet dat die meerderheid mense in die tyd van Noag en in die tyd van Christus verkeerd was. Nee, die meerderheidstem dui selde op die waarheid.

4. Woede En Weiering Om Vrae Te Stel

'n Ongelukkige, maar ewe sekere bewys dat die *rede* verlam is, verskyn wanneer mense met woede reageer op vrae oor hul oortuigings. Omdat die waarheid dit kan bekostig om ondersoek te word, moet diegene wat die waarheid besit, nie bedreig voel as vrae opduik nie. Maar posisies gebaseer op foute sal uitmekaar val as dit ondersoek word, en daarom sal mense wat nie seker is oor die geldigheid van hul oortuigings nie, dit probeer vermy om die moontlikheid daarvan te ondersoek. Woede en weiering om vrae te stel is gereelde tekens dat die *rede* onaktief is.

Dit geld selfs as sommige die waarheid glo, maar dit doen omdat iemand anders vir hulle gesê het wat hulle moet glo, eerder as dat hulle dit self uitredeneer. Sulke individue sal woede ervaar wanneer vrae opduik, omdat hulle nooit self die kwessies deurdink het nie en nie die bewyse en rasionaal ken waarom hulle glo soos wat hulle glo nie. Hul *rede* is ook rustend.

5. Blinde Geloof

Op 'n vraag oor iets wat geen sin het nie of waarvoor hulle geen bewyse het nie, antwoord baie mense dat hulle dit “net in geloof aanvaar”. Soos ons reeds in ons hoofstuk oor geloof gesien het, berus ware geloof egter op bewyse, en dit neem dus nooit die posisie in dat dit geen soeke na verdere bewyse moet vermy nie. Nee, slegs Satan se namaaksels eis aanvaarding sonder bewyse, aangesien hy weet dat die najaag van bewyse die valse geloof sou vernietig.

6. Satan Se Grootste Prestasie – Spiritualisme

Satan juig wanneer Christene metodes bekend maak wat daartoe lei dat die beeld van God geleidelik verdwyn. Ongelukkig het te veel sulke ongesonde metodes hul weg in Christelike kringe gemaak.

Miskien is Satan se grootste prestasie binne die Christendom die bekendstelling van spiritualisme. Soos ons aan die einde van ons hoofstuk oor geloof ontdek het, is spiritualisme die strewe na kennis sonder om ondersoek in te stel na bewyse of die gebruik van *rede*.

In sekere Christelike kringe is die misleiding wydverspreid. In werklikheid vervang bonatuurlike ervarings vir baie, die noukeurige ondersoek van die Skrif, en hul baseer geloof op vlugtige emosies eerder as op 'n redelike begrip van die waarheid. Niks kan gevaarliker wees as hierdie kombinasie nie. Dit is eintlik die volledige ommekeer van God se hiërargie van die verstand, wat sterk gevoelens as bewyse laat dien, terwyl die *rede* verlam word met die misleiding dat die werking van die Heilige Gees nie verstaan kan word nie, maar bloot op geloof aanvaar moet word.

Sommige kringe glo dat die Heilige Gees mense beïnvloed om gewelddadig op die vloer rond te draai of onbedaarlik te lag. Maar die Bybel is ondubbelsinnig dat die vrugte van die Heilige Gees “liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, *selfbeheersing*” insluit (Gal. 5:22, 23).

Wanneer die Heilige Gees sy weg in ons lewens het, herstel ons selfbeheersing al hoe meer - ons verloor dit nie. Dit is die gees van Satan wat wesens wat na die beeld van God geskape is, wil omskep in brute diere, wesens van instink wat soos visse op die vloer rondobber met die verloor van hul redenasievermoë.

Maar omdat baie van hierdie ervarings so goed *voel*, aanvaar diegene wat dit het, dit dikwels as die leiding van die Gees van God. As net die *rede* weer aangespreek word en die persone wat by sulke aktiwiteite betrokke is, sou onthou dat Jakobus 1:14 ons daaraan herinner dat ons deur ons gevoelens versoek word. As mense net die waarheid sal waardeer, ongeag hoe dit voel, dan kan God sy doel om sy beeld binnein te herskep, voltooi. As dit maar so was ...

Om Uit die Skaduwees te Kom

Met groot groen oë, 'n olyfkleurige vel en bruin hare, was Crystal nogal asemrowend, en kon maklik verwar word vir 'n model. By nadere ondersoek het sy egter kinderagtig, onseker en bang voorgekom en 'n innemende onskuld uitgestraal, wat 'n oseaan van verborge seer en pyn bedek het. Dit het gelyk asof sy sonder woorde kommunikeer, 'n verlange na liefde en aanvaarding.

Op 19-jarige ouderdom was Crystal 1.73m lank en het sy 46kg geweeg. Haar ginekoloog het haar na my verwys as gevolg van haar aanhoudende gewigsverlies. Toe ons haar situasie bespreek, het Crystal vir my gesê dat sy “vet” voel, en wanneer sy vet voel, voel sy lelik. Daarom wou sy nie eet nie omdat sy dit haat om lelik te voel.

Crystal het berig dat haar kinderjare moeilik was omdat haar ma perfeksie geëis het, maar Crystal het geglo dat sy nooit aan haar moeder se verwagtinge sou kon voldoen nie. Sy het berig dat haar ma voortdurend krities was. Hoe hard sy ook al probeer het, Crystal het nooit haar ma se goedkeuring ervaar nie. Sy vertel ook dat haar oom haar seksueel gemolesteer het vanaf 5 tot 14 jarige ouderdom, maar sy het dit nog nooit vir iemand vertel nie uit vrees vir wat hulle sou dink.

Toe Crystal ongeveer 16 jaar oud was, het sy haar dieet begin beperk as 'n manier om beheer oor haar lewe te neem. Eet was die fokuspunt van haar interaksie met haar ouers, met gereelde konfrontasies met haar ma, wat Crystal probeer dwing het om meer te eet.

Toe die dogter nie daaraan wou voldoen nie, het haar ma krities gereageer met sulke opmerkings soos “Ek gee nie om of jy eet of nie. Ek gee nie om of jy lewe of sterf nie.” Crystal het baie seergemaak en verwerp gevoel deur haar moeder, maar het tog voortgegaan om haar bekragtiging, goedkeuring en aanvaarding te soek.

Bekommerd oor wat haar moeder van haar gedink het, het Crystal baie tyd en energie bestee om haar te behaag. Alhoewel sy besef het dat haar ma haar met skuldgevoelens en spot beheer het, was Crystal doodbang om uit die greep van die vrou los te kom. Crystal het haar ma toegelaat om die meeste van haar besluite te neem, en sy het haar ma se mening oor die meeste onderwerpe aanvaar. Nie een keer het sy openlik met haar moeder verskil nie. Alhoewel Crystal

nou net 'n bietjie meer as 'n skaduwee van haar moeder was, wou sy graag in haar binneste haar eie persoon wees.

In ons tyd saam het Crystal steeds gewig verloor en tot 42 kilogram gedaal. Haar menstruasie het opgehou en sy het flou geword. Om te voorkom dat haar liggaam veelvuldige orgaanversaking ondervind, is sy drie keer in die hospitaal opgeneem. Om die werklikheid te se, sy het letterlik vir haar lewe geveg.

Crystal het gely aan baie irrasionele en onlogiese oortuigings wat amper waansinnige afmetings genader het, soos om te glo dat sy vet was toe sy net 42 kilogram weeg. Sy het ook aangeneem dat sy nog nooit haar moeder se goedkeuring ontvang het nie as gevolg van ontoereikendheid in haarself. As gevolg hiervan het sy voortdurend fout met haarself gevind - 'n gevolg wat bloot die valse oortuiging aangevuur het dat sy nie goed genoeg was nie.

Na 'n reeks sessies het ek tot verskeie gevolgtrekkings oor haar situasie gekom. Dit was duidelik dat die wortel van Crystal se probleem lê in die onttroning en neutralisering van haar *rede*, die verdraaiing van haar *gewete* wat haar voortdurend gebombardeer het met onvanpaste skuldgevoelens, en die aanvaarding van 'n stelsel van valse oortuigings wat aangemoedig word deur die voortdurende oorheersing van haar negatiewe gevoelens, en haar volledige kwesbaarheid vir ander se opinie. Crystal het nog nooit geleer hoe om haar gedagtes (verstand) in die regte hiërargiese volgorde te balanseer nie.

Gegewe die erns van haar siekte, moes ons verskeie medisyne gebruik om haar biologie te stabiliseer en om haar in staat te stel om maksimale voordeel uit psigoterapie te trek. Die fokus van terapie was om haar *rede* te versterk en te herstel, haar *gewete* te suiwer en haar geestesvermoëns as die beheerwerktuig in haar gedagtes (verstand) te vestig. Dit het uiters belangrik geword dat sy haar gevoelens in die lig van waarheid en bewyse leer ondersoek, en dan die waarheid waardeer — ongeag hoe sy gevoel het. Dit was geen maklike taak nie.

Crystal kon besef dat, hoewel sy haarself as “vet” beskou het, sy geen bewyse gehad het om so 'n opinie te steun nie. In werklikheid kon sy uiteindelik erken dat die getuienis net die teenoorgestelde openbaar - sy was ernstig ondergewig.

Die erkenning van die bewyse wat verband hou met haar gewig het die gevoel van vet nie uitgeskakel nie. Dit het haar egter in staat gestel om te beseft dat wanneer sy vet voel, haar gevoelens nie die gevolg is van oorgewig nie, maar dat dit met iets anders verband hou.

Sy het verstaan dat die “gevoel van vetheid” die “gevoel van lelikheid” ‘n vermomming was. Sy gebruik toe haar *rede* om te ondersoek waar die gevoel van lelikheid ontstaan het, en het gou beseft dat dit sy wortels het in die voortdurende bespottings van haar moeder en in die mishandeling van haar oom. Vervolgens het sy die waarheid begin ondersoek dat haar ma se “lelike” gedrag “lelikheid” in haar moeder openbaar, nie in Crystal nie. Net so was die mishandeling van haar oom self “lelik” en walglik, maar sy was dit beslis nie.

Toe sy die waarheid begin herken en toepas, het ‘n gesonde en akkurate begrip die verwringings en valse gevolgtrekkings stadig vervang. Die waarheid het haar bevry. Toe Crystal die situasie duideliker beskou, het sy gesien dat ander feilbaar is, en het sy begin om die waarheid meer te waardeer as die mening van ander. Dit het groter outonomie in die uitoefening van haar *wil* moontlik gemaak.

Maar Crystal se probleme het nie in isolasie voorgekom nie. Terwyl sy gesukkel het vir gesondheid en outonomie, het sy tuis weerstand gekry. Die jong vrou het berig dat haar ma alles wat sy doen, bly dikteer het. Sy het geen vryheid gehad om haar eie klere, haar eie aktiwiteite of selfs haar eie klasse op universiteit te kies nie.

Nadat ons die beginsels van vryheid ondersoek het, het sy begryp dat haar individualiteit en vryheid aanhoudend deur haar moeder aangeval is. Crystal het geleer dat sy respek vir haarself verloor het toe sy haarself aan haar moeder se beheer onderwerp het en ‘n wrok teenoor haar moeder ervaar het. Sy het beseft dat sy 'n skaduwee van haar ma geword het. Belangriker nog, Crystal het verstaan dat as sy nie tot aksie oorgaan nie, sy nooit haar eie persoon sou word nie.

Toe ons haar ouers uitnooi om by haar vir gesinsterapie aan te sluit, was haar pa bereid, maar haar ma het geweier. Crystal het beseft hoe belangrik dit is om vir haarself te leer dink, en het op die kleinste manier begin om haar eie individualiteit uit te oefen deur 'n hemp te dra wat haar ma nie vir haar gekies het nie. Haar ma het haar daarvan beskuldig dat sy opstandig en nie-ondersteunend was. Sy het vir haar dogter gesê dat sy vir haar 'n teleurstelling was.

Crystal kon herken dat haar moeder die nie-ondersteunende een was, en daarom het sy reëlins getref om uit haar ouerhuis, en by 'n vriendin in te trek. Haar ma het geweier om op enige manier te help.

Toe die verhuisingsdag aanbreek, het haar pa haar 'n drukkie gegee, gesê hy is lief vir haar, en gegroet, maar haar ma het geweier om uit haar kamer te kom en kon nie eers totsiens kom sê nie. Alhoewel dit Crystal laat voel het asof sy iets verkeerds doen, kon sy haar *rede* gebruik om die feite te ondersoek, wat aan die lig gebring het dat haar optrede gesond was en dat haar moeder onvanpas opgetree het. Sy het gesien dat haar ma haar weer deur skuldgevoelens probeer beheer het, en daarom het sy verkies om haar ma die vryheid te gee om te pruil.

Die voorval het bevestig dat Crystal groot vordering gemaak het. Alhoewel sy nie tevrede was met hoe haar moeder haar behandel het nie, kon sy daardie gevoelens verdra en haar *wil* uitoefen om te kies om volgens die waarheid op te tree, ondanks hoe sy gevoel het.

Gedurende die volgende paar maande het Crystal voortgegaan om onafhanklik te dink en haar *wil* uit te oefen om te besluit wat sy vasgestel het die beste was. Terwyl sy aangehou het om vir haarself te dink en op te tree, het haar bui en gewig steeds verbeter. Uiteindelik kon sy die ongesonde verbintenis met haar moeder verbreek en haarself aanvaar vir wie sy was, nie vir wat haar ma gedink het nie.

Toe ons die behandeling beëindig het, het Crystal 53 kilogram geweeg, het sy nie meer medisyne nodig gehad nie en het sy op kollege ingeskryf ter voorbereiding vir die regs-kool. Ek het 18 maande nadat die behandeling geëindig het, van haar verneem dat haar gewig ongeveer 55 kilogram bly, dat sy uitstekende punte op universiteit behaal en dat sy en haar ma stadigaan 'n gesonder verhouding ontwikkel.

Wat het die verskil vir Crystal gemaak? Herstel die hiërargiese balans tussen die vermoëns van haar verstand, leer om haar *rede* te gebruik, maak haar *gewete* skoon van verdraaiings, verwyder valse oortuigings uit haar gedagtes (verstand), leer om gevoelens te verdra en te ondersoek eerder as om dit as feite te aanvaar, en die waarheid meer te waardeer as die opinies van ander. Crystal het die wet op vryheid begin implementeer en haar ma die vryheid gegee om te dink wat sy wil, sonder om haar ma se opinie te probeer verander. As gevolg hiervan kon sy die waarheid herken en waardeer, al het haar ma dit nie gedoen nie. Nadat sy uit

die skaduwees gekom het, staan Crystal nou in die volheid van haar godgegewe individualiteit. Sy was 'n denker, nie net 'n weerspieëling van iemand anders nie.

Dit is die proses wat die Bybel beskryf as grootword in Christus, om 'n volwasse Christen te word. Volwasse Christene is diegene wat die vermoë ontwikkel het om die waarheid van die foute te onderskei, om self te dink, negatiewe gevoelens te verdra, selfbeheersing te handhaaf en die waarheid te waardeer meer as die mening en goedkeuring van ander. Hierdie herstelde eenheid met God is die hele fokus van die Bybel - dit is God se reddingsplan.

Dink daaraan dat die woord “redding” afgelei is van die grondwoord “salf”, wat beteken “genees”. God se reddingsplan behels om ons as siek, swaksinnige, selfsugtige wesens te neem en die skade in ons gedagtes (verstand) te genees, die vermoë te herstel om helder te dink, vrylik lief te hê, regverdig op te tree en vas te staan vir wat reg is, en om ons sodoende te verander van God se vyande in sy vriende.

“Alles hang af van die soort God waarin jy glo ... In plaas daarvan om die persoon wat nie in 'n God glo nie, te beskuldig, moet ons eers vra of sy begrip van God 'n god is waarin daar geglo kan word” - George McDonald

Die Gedagtes (Verstand) Herstel

Nadat ek bewus geword het van die hiërargie van die verstand, het ek my navorsing voortgesit en verskeie belangrike beginsels ontdek wat noodsaaklik is vir die bereiking en handhawing van verstandelike welstand. Ons het vroeër die wet van aanbidding bespreek en geleer dat ons eintlik word soos die God wat ons bewonder en aanbid. Ons het gevind dat wanopvattinge oor Hom rebellie, lyding en pyn tot gevolg het.

Die prentjie wat ons van God het, is so belangrik omdat dit die ontwikkeling van ons individuele karakters direk vorm, aangesien ons die eienskappe, beginsels en metodes van die God wat ons dien, in ons lewens opneem. Die tragiese terreuraanvalle op 11 September 2001 toon hierdie beginsel. Diegene wat die aanvalle uitgevoer het, het geglo dat die moord op onskuldige mense die godheid wat hulle aanbid, sou behaag. Gegewe hierdie werklikheid, wil ek graag my persoonlike oortuiging deel oor ons oorsprong, die doel van God in ons skepping en uiteindelik oor die God wat ek dien.

Die Oorsprong Van Die Bose

Lank gelede was die heelal perfek en suiwer, daar was nêrens 'n klank van onenigheid nie, en alles was harmonie en vrede. God het alleen geheers, ten volle almagtig en tog ewe genadig, en het graag alles voorsien tot voordeel en geluk van sy intelligente wesens. Hy het niks weerhou wat vreugde en voordeel kon veroorsaak nie. En Hy het intieme gemeenskap met sy intelligente wesens geniet. Een van sy naaste verhoudings was met 'n wese genaamd Lucifer (sien Jes. 14). Die Here het Lucifer geseën met elke denkbare geskenk: groot intelligensie, skoonheid, rykdom, glorie, gesag, talent, invloed en vryheid van *wil*. Lucifer het 'n verhewe posisie bekleed net naas dié van God self en sy Seun.

Die naam Lucifer beteken “ligdraer”. Ons hoor nog steeds weerklank van sy naam in woorde soos *illumineer* of *luminensie*. Hy het die groot eer gehad om die voorste van die geskape wesens te wees deur God te ken, en dan sy kennis, sy lig, oor Hom deur die hele heelal te deel.

Stel jou voor dat jy 'n engel in die hemel is. Jy ken Lucifer al jou hele bestaan lank en geniet dit om saam met hom te reis en God langs hom te loof. Lucifer is jou bevelvoerder, jou berader, jou vertroude vriend en jou naaste vertroueling. Van hom het jy baie wonderlike insigte oor God geleer, en nou het hy pas gekom van die goddelike teenwoordigheid met nuwe en fassinerende besonderhede oor God - dinge wat jy nog nooit vantevore gehoor het nie. Maar hierdie karakteriserings is verontrustend, ontstellend en eng.

Lucifer herinner jou aan die ontsaglike krag van God, en dan stel hy voor dat as een van God se intelligente skepsele nie volgens sy plan optree nie, Hy sy krag sal gebruik om hulle seer te maak en te vernietig. Hy impliseer dat so lank as wat almal doen wat God verlang, daar vryheid bestaan. Maar as iemand oor die lyn trap en sy wet oortree, sal God sy mag gebruik om te straf.

Wat sal jy doen? Sal jy na God toe gaan en sê: “Lucifer het dinge oor U voorgestel wat baie ontstellend is, dinge wat selfs skrikwekkend is. As dit waar is, sal dit my vertroue in U verbrysel. Ek het U lief, God, maar ek is ook lief vir Lucifer. Ek wil nie kies nie.”

God kan reageer. “Ek is bly dat jy My liefhet. En ek is bly dat jy ook van Lucifer hou. Vertrou my: Wat Lucifer sê, is onwaar.” Dan verlaat jy God se teenwoordigheid, gerus gestel. As jy Lucifer weer sien, sê jy vir hom: “Ek het netnou met God gepraat, en Hy het vir my gesê dat wat jy sê nie waar is nie.”

“Dis net die punt,” antwoord Lucifer. “God lieg!”

Wat kon God doen? Hoe kon Hy reageer? Waarom verkondig Hy nie bloot dat Hy die waarheid praat en dat Lucifer leuens vertel nie?

Die Bewyse Is Aan God Se Kant

Stel jou voor dat jy die predikant van 'n groot kerk is. Jou broer, wat die hoofouderling is, sirkuleer stil en subtiel onder die gemeentelede en vra mense om jou op hul gebedslys te plaas, omdat jy geld van die gemeente verduister het. Hy hoop dat die gebede verhoor sal word, dat jy tot inkeer sal kom en dat jy die geld sal teruggee.

Jy het natuurlik nie 'n sent gevat nie. Maar jou broer het saadjies van twyfel gesaai. Hoe reageer jy as jy ontdek wat hy doen? Sal dit almal oortuig as jy voor die hele gemeente gaan staan om jou onskuld te verklaar? Glad nie. Wat doen jy dus? Jy kry 'n eksterne ouditeur wat elke sent in

berekening bring, reël-vir-reël, grootboek-vir-grootboek, en die waarheid en bewyse bevry jou en ontbloot die leuenaar.

Wat kon God doen? Die verwarring wat Satan opgewek het, het deur die heelal gewoed. Faksies het begin vorm, die onsekerheid van die engele het toegeneem, en namate Lucifer se subtiele verdraaiings posgevat het, het God gesê: “*Laat daar lig wees ... Laat daar 'n uitspansel wees ... Laat die droë land verskyn ...*” Soos Lucifer valse verklarings oor die hemelse Vader en sy Seun gemaak het, het God *bewyse* gegee dat Hy die Skepper is.

Die Mensdom Is Geskep Om Die Waarheid Oor God Te Openbaar

God het nie bloot proklamasies gemaak nie. Nee! Hy het bewyse aangebied, geopenbaarde, aantoonbare waarheid. Die afwagting begin in die hemel opbou namate die heelal God sien skep. “Het jy gesien wat God nou net gemaak het? Wat dink jy sal Hy môre doen?” En die aandag van die hele heelal is met groot afwagting op ons klein wêreldjie gevestig, in afwagting van God se voortgesette demonstrasie van die antwoorde op Lucifer se bewerings.

En op dag ses, terwyl die hele heelal aanskou, het God gesê: “*Laat ons mense maak na ons beeld ...*” “Man en vrou het Hy hulle geskape” (Gen. 1:26, 27). Soos die Vader, Seun en Heilige Gees in eenheid verenig en na hul beeld skep, so sou man en vrou in eenheid kom en voortbring na hul beeld. En nadat God die mensdom gemaak het, het Hy vir hom gesê om vrugbaar te wees en te vermeerder in 'n volmaakte wêreld sonder sonde.

Voordat sonde ons wêreld binnegekom het, was dit God se ontwerp dat Adam en Eva kinders in 'n perfekte omgewing sou hê - een wat deur die wet van liefde en vryheid geregeer word. Waarom het ouers kinders? Bring hulle hul die wêreld in om hul te verslaaf, te manipuleer, uit te buit of te misbruik? Of bestee ouers hul tyd, energie, liefde en hulpbronne alles tot voordeel van hul kinders? Hoeveel te meer so in 'n wêreld voor die sonde.

So 'n demonstrasie sou die waarheid oor hoe God met sy skepsels handel, aan die toeskouende heelal geopenbaar het: Dat God hulle nie geskep het om uit te buit, te verslaaf, te misbruik of te beheer nie. In plaas daarvan gee Hy voortdurend van homself ter wille van die welsyn van sy skepping. Kan jy jou die hoë roeping voorstel wat God die mensdom geskep het om te vervul? Deur die versorging van die planeet en die versorging van hul kinders, moes die

mensdom die waarheid illustreer oor hoe God sy heelal bestuur! God het die mensdom na sy beeld geskep om die waarheid oor Homself te openbaar!

Satan Het God Se Skepping Gekaap

Satan het die belangrikheid van die mensdom erken. Hy het ook besef dat, as die heelal die bewyse sou verstaan wat die skepping die mensdom sou bied, dit sy leuens sou ontbloot en sy opstand sou verpletter. Om God se plan te keer, het Satan teruggekeer na dieselfde strategie wat hy gebruik het in sy pogings om sy mede-engele in die hemel te verwar. Hierdie keer rig hy sy misleiding op ons planeet en spesifiek op Adam en Eva.

Sy bedoeling was om God se skepping te kaap en te voorkom dat die mensdom die waarheid oor God openbaar deur die menslike verstand so te beskuldig dat dit 'n natuur sal openbaar wat heeltemal in stryd is met die Skepper. Om dit te bereik, het hy Adam en Eva genader en God verkeerd voorgestel. Hy het die goddelike betroubaarheid in twyfel getrek. “Het God regtig gesê die dag as jy daarvan eet, jy sal sterf? O, nee, jy sal nie. Kyk na my,” verklaar die slang. “Ek kan praat, want ek het van die boom geëet. God weet dat as jy van die boom eet, jy soos ‘n god sal word, en Hy probeer om dit van jou af weg te hou” (sien Gén. 3).

Helaas, na hierdie ontmoeting, het Adam en Eva - die pragtige skepping van God, wat volgens sy beeld gevorm is om die waarheid oor Hom voor te stel - in opstand gekom teen hulle hemelse Vader en het hulle instrumente van Satan geword om God verder verkeerd voor die heelal te stel.

Adam se karakter het onmiddellik verander van een wat liefde en selfopoffering omvat in 'n persona wat vrees en selfsug insluit. In plaas daarvan om homself op te offer om Eva te beskerm, het hy haar die skuld gegee en probeer om homself te verontskuldig.

Die aanskouende heelal het verskriklike verwarring beleef en gewonder of Adam sy Skepper akkuraat weerspieël. Was Lucifer tog reg? Was God selfsugtig soos Adam, onwillig om Homself op te offer (in hierdie geval vir sy skepping), of sou Hy eerder sy skepping opoffer om Homself te red? Daarom het Jesus die tweede Adam geword, nie om die eerste boete te betaal nie, maar om die werk te voltooi wat die eerste Adam nie kon uitvoer nie - om die waarheid oor God te

openbaar en om die vrae te beantwoord en die bewyse te lewer wat die ongevalle heelal beskerm, en ons vry maak van die leuens wat ons bind.

Sabbat Is 'n Bewys Van Ons Vryheid In God

Nadat God ons wêreld klaar geskep het in sy poging om die waarheid oor Homself te openbaar, het Hy een van die grootste bewyse van sy waarborg vir individuele vryheid gelewer: die weeklikse Sabbat.

Stel jouself weer voor as 'n engel in die hemel gedurende die tyd wat Lucifer se opstand begin het. Jy het gehoor hoe Lucifer voorstel dat as jy oor die tou trap, God sy mag sal gebruik om jou te straf en te vernietig. Lucifer verduidelik dat jou vryheid vals is omdat God oënskynlike seënninge skenk solank jy doen wat Hy voorskryf. As jy egter buite die lyn tree, sal Hy jou kry. En dan het jy pas gesien hoe God 'n nuwe wêreld skep, 'n oorweldigende magsvertoon. Meer twyfel begin deur jou gedagtes (verstand) loop. “Sê nou Lucifer is reg? Wat as God sy ontsaglike mag openbaar om jou te intimideer, te druk, en te dwing? Oefen Hy bloot sy spiere om ons in ooreenstemming te laat skrik?”

Maar terwyl jy Lucifer se subtile wanvoorstellings oorweeg, gryp God in, “Heelal, julle het die bewerings van Lucifer gehoor, julle het My getuienis, ook van die Seun en die Gees gehoor, en julle het die getuienis gesien wat pas gegee is. Neem nou 24 uur eenkant en oorweeg dit self. Ek laat my saak in julle hande.” En God het die Sabbat geskep om Satan se bewerings verder te weerlê en te openbaar dat ons saam met God werklike vryheid van denke en keuse ervaar.

Die Sabbat openbaar dat God nooit sy mag sal gebruik om te dwing nie. Wat sê dit van Hom dat Hy, in die konteks van 'n aanval op sy troon en regering, steeds die vryheid gee om te kies? Wat sê dit van God dat Hy, in die konteks van bewerings dat Hy onbetroubaar en misbruikend is, 'n dag geskep het om te redeneer en om vrywillige keuses te maak, eerder as om sy mag te gebruik om elke knie in die heelal te laat buig? Die Sabbat lewer oortuigende bewyse dat Lucifer gelieg het. By God is ons waarlik vry!

Ongelooflike God! Ontzagwekkende Skepper! Hoe kan jy nie 'n God vertrou wat jou vryheid om te kies respekteer nie?

Die Waarheid Oor God

Deur die waarheid oor God te verstaan, waardeer ons sy karakter, beginsels en metodes om dinge te doen en derhalwe vertrou ons Hom. Ons vertrou berus op die openbaring van getuienis wat Hy gegee het om sy betroubaarheid te toon. Hierdie herstelde vertrou verdryf vrees uit ons harte, en ons begin weer lewe met motiewe van liefde eerder as selfsug, vrees en skuldgevoelens.

Ons *rede* word veredel, ons *gewete* skoongemaak, ons *wil* word versterk, en ons kies vrylik om God se metodes van liefde en vryheid te beoefen. Dit is net natuurlik dat ons al hoe meer soos Hy word. Ons selfregering, waardigheid en godgegewe adel van karakter word herstel. Ons werk volgens die beginsels van liefde, vryheid, waarheid en openhartigheid - om altyd vooruit te gaan en volwasse te word, om steeds oorwinning na oorwinning te behaal, terwyl ons verander word van God se vyande in sy vriende, en ons sien uit na die dag waarop ons Hom van aangesig-tot-aangesig sal ontmoet.

* * * *

Ek weet nie waar my pasiënt uit die inleiding nou is nie. Ek weet nie hoe dit met Haar gaan nie. Ek weet ook nie of Sy nog leef of daarin geslaag het om haar eie lewe te beëindig nie. Maar as sy leef, as sy nog steeds seer het, as sy nog steeds sukkel om antwoorde te vind - antwoorde wat ek jare gelede nie kon gee nie - hoop ek dat hierdie boek Haar sal vind en dat Sy daarin antwoorde sal vind om haar pyn te genees en vrede in Haar gedagtes (verstand) te bring.

Ek bid vir Haar.

DIE KRAG VAN GELOOF

¹ Herbert Benson, *Timeless Healing* (New York: Scribner, 1996), bl. 30.

² *Ibid.*, bl. 32.

³ *Ibid.*, bl. 33.

⁴ *Ibid.*, bl. 59.

⁵ *Ibid.*, bl. 54.

⁶ Gandhi (1869–1948), *Young India* (14 Oct. 1926): Aangehaal in *The Columbia Dictionary of Quotations*, Columbia University Press. Copyright © 1993, 1995, 1997, 1998 deur Columbia University Press.

⁷ Friedrich Nietzsche (1844–1900), *The Gay Science*, aph. 2 (rev. ed. 1887). *The Columbia Dictionary of Quotations*, Columbia University Press. Copyright © 1993, 1995, 1997, 1998 deur Columbia University Press.

⁸ Jasper, Karl, *Way to Wisdom*. New Haven: Yale University Press, 1951. Aangehaal uit Richard Creel, *Religion and Doubt: Toward a Faith of Your Own* (New Jersey: Prentice-Hall, Inc., 1977), bl. 31.

⁹ *Ibid.*

¹⁰ Kelz, Max B., et al. “Expression of the transcription factor FosB in the brain controls sensitivity to cocaine.” *Nature* 401, 272 - 276 (16 Sep. 1999) DOI: 10.1038/45790.

¹¹ Centerwall, B. S. “Television and Violence.” *Journal of the American Medical Association* 267 (1992): 3059-3063.

¹² Christaki, D., et al. “Early Television Exposure and Subsequent Attentional Problems in Children.” *Pediatrics* 113:4 (2004): 708-713.

¹³ Egan, M., et al. “The Human Genome, Mutations.” *American Journal of Psychiatry* 159:1 (2002): 12.

DIE BALANS VERSTEUR

¹⁴ Moroni 10:4,5.

¹⁵ *Bible Biographies, Actors in the Drama Called Planet Earth*. Adult Bible Study Guide (Boise, Idaho: Pacific Press Pub. Assn. [April-June 2001]): 128.

¹⁶ White, E.G., *The Desire of Ages* (Mountain View, Calif.: Pacific Press Pub. Assn., 1964), bl. 671.

¹⁷ George MacDonald, *Discovering the Character of God* (Minneapolis: Bethany House, 1989), bl. 39.

¹⁸ George MacDonald, *Discovering the Character of God*, bl. 29.

¹⁹ Graham Maxwell, *Servants or Friends* (Redlands: Pineknoll, 1992), bl. 186, 187.

²⁰ *The Mystery of Salvation: The Story of God's Gift*. A Report by the Doctrine Commission of the Church of England (London: Church House Publishing, 1995), bl. 197.